
# 20

AfriForum se personeel



Twee van AfriForum se oorspronklike personeellede – Alana Bailey (hoof van Kultuursake) en Kallie Kriel (uitvoerende hoof).

# Binnekant


4 20 jaar
6 Voor 2006
7 2006
8 2007
9 2008
10 2009
11 2010
12 2011
13 2012
14 2013
15 2014
16 2015
17 2016
19 2016-gelukwensings
20 2017
22 2018
26 2019
30 2020
34 2021
38 2022
42 2023
46 2024
50 2025
54 2026
56 2026-gelukwensings


Hierdie publikasie is digitaal per WhatsApp aan lede gestuur.
Dit kan ook aanlyn gelees word by **www.tydskrif.afriforum.co.za**.
Stuur 'n e-pos na **navrae@forumtydskrif.co.za** vir enige terugvoer.


## DIE SPAN

**Redakteur**
Ilze Nieuwoudt
**Kommunikasiebestuurder**
Marina Wiese
**Medewerkers**
Carina Bester
Chanté Kelder
Marthinus Koekemoer
Megan Swart
Ischke van Eeden
**Subredakteur**
Anton Wilson
**Grafiese kunstenaars**
Simoné Perry
Thomas Snyman
Talia du Plessis

VERSPREIDING
On the Dot

DRUKWERK
Novus Print

UITGEWER
AfriForum



**AfriForum-hoofkantoor**
H.v. D.F. Malanrylaan & Unionweg,
Kloofsig, Centurion
**Tel:** 086 10 200 30
**Faks:** 012 664 1281
**Web:** www.afriforum.co.za
**E-pos:** navrae@forumtydskrif.co.za



FSC MENGSEL Papier | Ondersteun verantwoordelike bosbou FSC® C022948

Volhoubaarheid van ons natuurlike hulpbronne is vir AfriForum baie belangrik en daarom het ons besluit om voortaan slegs papier te gebruik wat plaaslik en op 'n volhoubare en verantwoordelike wyse verkry en vervaardig is. Net soos ons oorlewing, taal en erfenis vir AfriForum ononderhandelbaar is, wil ons ook die mooi om ons vir ons nageslag bewaar en behoue laat bly. Nóg 'n manier waarop AfriForum langtermynwaarde vir ons lede én die land ontsluit.

# AfriForum vier 20 jaar

AfriForum, die organisasie wat reeds in die volksmond sinoniem geword het met die beskerming van Afrikaners, Afrikaanssprekendes en ander minderhede se regte, die bevordering van gemeenskapsveiligheid én gemeenskapsbou, vier vanjaar sy 20ste bestaansjaar.

Die organisasie het, nadat dit amptelik op 26 Maart 2006 tot stand gekom het, binne die bestek van slegs twee dekades ongeëwenaarde groei ondervind en is opgebou vanaf 'n nuweling op die terrein van burgerregte tot die grootste organisasie van sy soort in Suid-Afrika met werksaamhede wat strek tot voordeel van almal in die land.

Teen Maart 2006 het die nuwe organisasie nog geen lede gehad nie en oor slegs drie personeellede beskik. AfriForum het sedertdien aangegroei tot die voorste rolspeler in die Suid-Afrikaanse burgerregtelandskap met nagenoeg 300 000 lede en 182 voltydse personeellede.

Luidens die mediaverklaring oor AfriForum se stigting wat op 26 Maart 2006 uitgereik is, is die organisasie deur die vakbond Solidariteit in die lewe geroep om "'n forum te bied vir die konstruktiewe aktivering van minderhede [...] tot deelname aan die openbare debat en aksies".

Kallie Kriel staan reeds sedert die ontstaan van AfriForum aan die stuur van dié organisasie. In sy 2006-aankondiging oor die stigting het hy aangevoer dat die vestiging van die burgerregteorganisasie genoodsaak is as teenvoeter vir die apatie wat in daardie stadium onder veral Afrikaners geheers het. Dié apatie het luidens Kriel negatiewe gevolge ingehou vir minderhede, demokratiese beginsels en die land as geheel. "Die negatiewe gevolge van onttrekking sluit in dat die regering vrye teuels kry om die Grondwet te koöpteer, selektief te interpreteer en nie 'n balans te handhaaf tussen die belange van die meerderheid en minderhede nie," het Kriel destyds gesê.

In die afgelope 20 jaar het AfriForum reeds sukses behaal in sy strewe na die ommekeer van Afrikaner-apatie. Die organisasie se reuseledebasis, 165 aktiewe takke en 177 buurtwagte, nagenoeg 10 000 vrywilligers en reusesteun vir veldtogte teen die skending van burgerregte is 'n tasbare bewys van dié ontwaking wat onder veral Afrikaners aangeteken is sedert die organisasie se ontstaan.

"AfriForum se uiteenlopende suksesse in die vestiging van 'n beter hede én toekoms vir ons



# van gemeenskapsbou

gesinne, gemeenskappe en nageslag hier aan die suidpunt van Afrika is tekenend van die praktiese haalbaarheid van AfriForum se toekomsbouplanne," verduidelik Kriel. "Dié suksesse is geskoei op 'n ons-sal-self-benadering waarin ons met die genade, krag en leiding wat ons van Bo ontvang, self die toekoms bou wat ons vir ons kinders en gemeenskappe wil hê."

Ten opsigte van die toekoms, stel Kriel dit duidelik dat AfriForum, ongeag die mislukkende en korrupte regering se wanbestuur, gereed is om as gemeenskapsbouorganisasie sy "geheime wapen" selfs verder in te span. "Ons geheime wapen is dat elkeen van ons hande, verstand en 'n roeping ontvang het waarmee ons op elke lewensterrein beheer oor ons gemeenskappe

**"Dié suksesse is geskoei op 'n ons-sal-self-benadering**

se toekoms kan neem. Met dié ingesteldheid is AfriForum toegerus om die volgende 20 jaar met selfvertroue aan te pak en die verdere vestiging van selfstandige plaaslike gemeenskappe, as teenvoeter vir staatsverval, te vestig."

AfriForum sal voortgaan om as waghond teen onreg en agteruitgang op te staan en te veg vir geregtigheid. Die organisasie sal egter ook meer van sy tyd, energie en hulpbronne daaraan toewy om doeltreffende gemeenskapsbouers te wees. Dit word reeds, volgens Kriel, ingevolge die organisasie se gemeenskapsbouplan geïmplementeer en fokus op die versterking en uitbreiding van AfriForum se selfdoeninisiatiewe in plaaslike gemeenskappe; die gekoördineerde samewerking met ander gemeenskapsinstellings; en waar moontlik, die sluit van samewerkingsooreenkomste met die owerhede.

Kriel sluit af: "Ons sien uit na die volgende 20 jaar en die bou van 'n toekoms vir ons gesinne en nageslag waar ons vry, veilig en voorspoedig kan leef. Elkeen van ons het as gemeenskapsbouers 'n rol om te speel, hande vuil te maak en waarlik te bou. Jy kan dit deur AfriForum, jou kinders se skool, jou kerk of ander gemeenskapsinstellings doen. Ek nooi jou – kom bou saam!"



# Die eerste boustene word gelê

2003–2005



Tossie Lochner met haar aankoms in Suid-Afrika.

## 2003 Die Kom Huis Toe-veldtog

In 2003 pak Solidariteit en die Maatskappy vir Immigrasie (MI) saam die Kom Huis Toe-veldtog aan. Alana Bailey, die MI se uitvoerende hoof en latere adjunk- uitvoerende hoof van AfriForum, sit die veldtog daarna met groot sukses voort. Tossie Lochner, skrywer en joernalis, was een van duisende wat by die veldtog ingeskakel het en na Suid-Afrika teruggekeer het. Die veldtog is daarna uitgebou tot die Wêreldwyd-veldtog.

## 2004 Die droom van 'n gemeenskapsorganisasie

Kallie Kriel, wat AfriForum later op die been sou bring, sit in 'n *Rapport*-artikel in 2004 die ideaal en oogmerke uiteen van 'n gemeenskapsorganisasie wat daarop gemik is om die leemte in die Afrikaner- burgerlike samelewing te vul ná die drastiese veranderinge in die politieke speelveld sedert 1994. In 2004 begin informele gesprekke om die MI met 'n gemeenskapsbeen van Solidariteit te laat saamsmelt.

## 2005 Eerste jeugtak

In 2005 voer PASMA, die jeugvleuel van die PAC, 'n gewelddadige betoging op die hoofkampus van die Universiteit van Pretoria (UP). Ondanks dié gewelddadige optrede het die UP se kampussekuriteit nie veel gedoen om die situasie te ontlont nie. 'n Klein groepie Afrikaanse studente het mekaar op die Aula se grasperk gekry, hul arms ingehaak en begin om die groep betogende studente van die kampus af te druk. Die klein groepie het vinnig aangegroei en kort voor lank het honderde studente by hulle aangesluit. Die stigting van Solidariteit Jeug se tak op dié kampus het uit hierdie optrede voortgespruit. In 2008 is 'n gesamentlike besluit geneem om Solidariteit Jeug in AfriForum Jeug te omskep.


Steve Hofmeyr was in 2006 een AfriForum se heel eerste lede. Hier is Hofmeyr by die organisasie se eerste drie personeellede: Kallie Kriel, Annatjie Wirth en Alana Bailey.

## 'n Nuwe struktuur

In Januarie skuif die MI se personeel oor na Solidariteit en in Maart word 'n ooreenkoms onderteken om die maatskappy oor te dra na Solidariteit as 'n "lopende saak". Dit word gedoen met die oog op die stigting van 'n gemeenskapsbeen. Samesprekings volg hierna en word gevoer onder verskeie name, insluitend die Solidariteit Burgerlike Beweging, die Solidariteit Gemeenskapsalliansie en die Solidariteit Burgerlike Forum. Tydens 'n uitstappie na die Irene-melkplaas het Kriel egter die uiteindelike naam van dié nuwe gemeenskapsorganisasie – AfriForum – uitgedink. Dit is uiteindelik in Oktober 2005 as 'n artikel 21-maatskappy geregistreer. Kriel, Bailey en Annatjie Wirth was die eerste personeellede.

Dié nuwe inisiatief het talle uitdagings ondervind en oor min hulpbronne beskik.



Die 2005-protesaksie ter behoud van Pretoria se naam.

## Die geveg van die jaar

Die behoud van Pretoria se naam was sedert AfriForum se ontstaan 'n saak van wesenlike belang. Bailey en Kriel het daarom in Mei 2005 'n betoging hieroor gereël wat in samewerking met die sanger Steve Hofmeyr onder die naam Pretoria Burgerlike Aksie aangebied is. Meer as 5 000 mense het aan dié protesaksie deelgeneem. In dieselfde maand petisioneer Kriel en prof. Marinus Wiechers, grondwetkenner, die parlement oor Pretoria se naam. Met dié geskiedkundige daad word Kriel en Wiechers die eerste verteenwoordigers van 'n groep om uit die burgerlike samelewing bepaalde artikels van die Grondwet te gebruik om 'n saak deur petisionering in die parlement ter tafel te plaas.

# 2006


RAPPORT, 26 MAART 2006 — NUUS 19

# Forum vir Afrikaanses

## Wil hulle aktiveer om aan die openbare debat deel te neem

ZB DU TOIT

**Spesifieke knelpunte, byvoorbeeld die regering se "toenemende rasbeheptheid, politieke inmenging in sport, rasgedrewe maatskaplike subsidies, die miskenning van veeltaligheid, misdaad en die soms ondeurdagte verandering van plekname", sal aandag geniet.**

'n Berig in die Sondagblad *Rapport* wat op 26 Maart 2006 die ontstaan van AfriForum aangekondig het.

### Die geboorte van AfriForum

Op 26 Maart 2006 kom die nuus – 'n nuwe burgerregte-inisiatief, AfriForum, is pas deur die vakbond Solidariteit gestig. AfriForum se mediaverklaring hieroor het die stigting soos volg aangekondig: "'n Nuwe burgerregte-inisiatief, AfriForum, is pas deur die vakbond Solidariteit gestig. AfriForum is gestig om 'n forum te bied vir die konstruktiewe aktivering van minderhede, soos Afrikaners en die breë Afrikaanse gemeenskap, tot deelname aan die openbare debat en aksies. Deelname, eerder as apatie, is volgens AfriForum die sleutel tot die skepping van 'n beter toekoms in Afrika vir almal wat geen ander tuiste as dié kontinent ken nie."

Dieselfde dag nog verskyn 'n artikel hieroor deur die veteraanjoernalis ZB du Toit in die Sondagblad *Rapport*. Du Toit het destyds opgemerk dat AfriForum 'n betekenisvolle rol sou kon speel indien dit oor 'n ledetal van 10 000 beskik. Dit het in daardie stadium na 'n onhaalbaar hoë teiken gelyk. In aanloop tot die amptelike stigting is besoek afgelê by talle Afrikanermeningsvormers in uiteenlopende sektore om die idee van 'n burgerregteorganisasie by hulle te toets. Die meerderheid van die meningsvormers was oortuig van die noodsaak daarvan, maar was tog skepties oor die uitvoerbaarheid gegewe die apatie wat in daardie stadium onder talle Afrikaners geheers het.



In 2006 is sterk standpunt ingeneem teen die beplande verandering van Potchefstroom se naam.

### Naamstryd

Die stryd om die behoud van Pretoria se naam is ná die suksesvolle Kerkplein-betoging van 2005 voortgesit. 'n Klag is by die Gesagsowerheid vir Reklamestandaarde (GRS) ingedien nadat die Tshwane-metroraad voortgegaan het om die misleidende slagspreuk "City of Tshwane, Africa's leading capital city" in die media te gebruik. Die GRS het later in AfriForum se guns beslis en gelas dat die metroraad advertensies in die media moet plaas om die misleiding reg te stel.

AfriForum-lede het in Oktober 2006 saam met 5 000 belangstellendes aan 'n vreedsame protesoptog ter behoud van Potchefstroom se naam deelgeneem.



AfriForum en ondersteuners by 'n optog teen plaasmoorde

### Stop die moorde-veldtog

In Julie 2006 is met 'n omvattende veldtog teen geweldsmisdaad en moorde begin. Dit het op 20 Julie afgeskop met vyf minute van stilte om simpatie met alle slagoffers van geweldsmisdaad en moorde in die land te betoon. Die stiltetyd het saamgeval met die begrafnis van Frans Pieterse, 'n vermoorde Solidariteit-lid van Swartruggens. Hierna het AfriForum en sowat 300 ondersteuners 'n vreedsame betoging gehou tydens die moordverdagte se hofverskyning op Swartruggens. Betogers se plakkate het onder meer verklaar: "Gee hom borg – ons wag vir hom."

2007



Kallie Kriel en sy dogter Nina tydens 'n aktivistiese aksie vir die beskerming van Pretoria se naam in 2007.

## Louis Trichardt, Pretoria en Potchefstroom: Die namestryd duur voort

Die stryd vir die behoud van Louis Trichardt, Pretoria en Potchefstroom se name is in 2007 voortgesit. In Augustus beklink AfriForum en die VF Plus 'n hofoorwinning teen die Tshwane-metroraad oor die raad se opdrag dat alle padnaamborde voortaan na Tshwane, pleks van Pretoria, moet verwys.

Die stryd om Pretoria se naam is in September daardie jaar nog verder gevoer toe AfriForum 'n betaalde advertensiebord met die naam "Pretoria" reg langs die bord van die metroraad met die woorde "City of Tshwane: 2010 host city" by Loftus Versfeld laat aanbring het. AfriForum het nie teruggedeins toe die Blou Bulle Rugbyunie die betaalde bord laat verwyder het nie. Daar is inderhaas 'n seilbanier laat maak wat in die plek daarvan gepryk het.




Inwoners van Wolmer tydens 'n betoging oor behuising.

## Huise net vir swart mense

In Junie 2007 het die inwoners van Wolmer in die noorde van Pretoria en verteenwoordigers van AfriForum vreedsaam betoog en 'n plakkershut op Kerkplein opgerig uit protes teen 'n besluit van die Tshwane-metroraad om behoeftige wit gesinne uit hul staatshuurhuise te skop. 'n Memorandum teen die "gedwonge verskuiwing" is aan raadslid Gabriel Twala oorhandig. Die aksie het vir heelwat opwinding gesorg toe 'n varkie wat deel van die plakkershut-uitbeelding was, op die plein ontsnap het en deur Kallie Kriel en ander aangekeer moes word. Die betoging het plaasgevind op die dag waarop die raad oor die toekenning van die huise moes stem en die raad het toe teen die uitsetting van die inwoners gestem.

## Klagtes teen die ANC

In Augustus 2007 hou AfriForum 'n kranslegging buite die Pretoriase Hooggeregshof ter herinnering aan die slagoffers van ANC-terreuraanvalle. Dit is gehou tydens die verhoor van Adriaan Vlok, voormalige minister van Wet en Orde, en genl. Johan van der Merwe, kommissaris van die destydse Suid-Afrikaanse Polisie (SAP), vir hul betrokkenheid by die moordpoging op dr. Frank Chikane. AfriForum het ook slagoffers soos Dirk van Eck ondersteun. Van Eck se vrou en twee van hul kinders is in 1985 in 'n ANC-landmynaanval vermoor. AfriForum-bestuurslede het hierna verskeie doodsdreigemente ontvang.

## Stop die moorde-veldtog brei uit

In 2007 is die Stop die moorde-veldtog verder uitgebrei. AfriForum het onder meer vreedsaam betoog by die Randfonteinse Landdroshof om hulde te bring aan die vermoorde Daniëlle Esterhuizen (5) wat in 2006 op haar ma se skoot doodgeskiet is. Later dieselfde jaar het AfriForum ook betoog teen die wrede moord op Sheldean Human (7) van Pretoria.



Steve Hofmeyr op die verhoog tydens die eerste AfriForum-musiekfees wat op Kerkplein in Pretoria gehou is.

## Musiekfeeste vir Pretoria se naam

Vanaf 2007 het AfriForum jaarliks in November musiekfeeste in Pretoria aangebied om steun vir die behoud van Pretoria se naam te werf en om die stad, wat in 1855 gestig is, se verjaarsdag te vier. Die fees is die eerste keer op Kerkplein gehou. Meer as 10 000 feesgangers het in 2007 byeengekom om dié geleentheid met musiek te vier.



AfriForum se alternatiewe monument

## Vryheidspark

Ná dit bekend word dat Vryheidspark, 'n gedenkterrein suidwes van Pretoria, besluit het om nie die name van oudlede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en burgerlikes wat in ANC-terreuraanvalle dood is, op 'n gedenkmuur daar aan te bring nie, besluit AfriForum om in te tree. Die organisasie rig op 16 Januarie 2007 'n alternatiewe monument op langs die toegangsroete na die park en staan só op teen "die eensydige hantering van die geskiedenis".

2008

## AfriForum Jeug: ’n AfriForum-nuweling vir die jonger garde

’n Besluit word geneem dat Solidariteit Jeug voortaan as AfriForum Jeug bekend sal staan.

## Naamsveranderinge in Pretoria en Potchefstroom gekeer

Ná die JB Marks Plaaslike Munisipaliteit se besluit om die geliefde Tomstraat in Potchefstroom sonder ’n behoorlike konsultasieproses na Steve Bikostraat te verander, neem AfriForum Jeug aksie en bepaal deur ’n referendum dat 97,4% van die inwoners nie ten gunste van die naamsverandering was nie. Die jeug het Tomstraat opnuut met nuwe straatnaamborde ingehuldig, terwyl die veldtog teen Potchefstroom se naamsverandering verskerp is.

In Pretoria is die stryd om die behoud van dié stad se naam in 2008 voortgesit. AfriForum het onder meer ’n omvattende protesveldtog aangepak teen die Tshwane-metroraad se voorneme om verskeie straatname in die stad, insluitend Paul Kruger-, Pretorius- en Schoemanstraat, te verander. ’n Aansoek teen die verandering van 27 straatname is in die Pretoriase Hooggeregshof gebring. ’n Jare lange regstryd het hierop gevolg, maar teen 2016 het die Konstitusionele Hof uiteindelik beslis dat die ou name finaal verwyder moet word.

## 200 trekkers en bakkies trek saam teen plaasmoorde

In April 2008 organiseer AfriForum ’n protesoptog waaraan sowat 200 trekkers, bakkies en ander voertuie in Groblersdal deelneem. Dié protesaksie volg in reaksie op die moord op die 33-jarige Johan Myburgh op ’n plaas buite Groblersdal vroeër daardie maand. Op 13 Mei word nog ’n AfriForum-optog, hierdie keer in samewerking met die Lichtenburg Distrikslandbou-unie, teen plaasmoorde op Lichtenburg gehou. Sowat 1 000 boere, plaaswerkers en lede van die Lichtenburg-gemeenskap neem aan die optog deel om protes aan te teken teen die moord op At Deysel (60) en sy vrou, Katarina (56), op hul plaas Ottoshoop, buite die dorp.



’n Kranslegging vir die slagoffers van die Kerkstraatbom

## Kerkstraatbomslagoffers 25 jaar later gedenk

AfriForum het in Mei 2008 ’n kranslegging gehou om die slagoffers van die Kerkstraatbom wat 25 jaar tevore – op 20 Mei 1983 – in Pretoria ontplof het, te gedenk. Tydens die ontploffing is 19 mense dood en 200 mense beseer.



Meer as 20 000 mense kom in 2008 byeen vir Pretoria se verjaarsdag.

## Musiekfees vir Pretoria

In 2008 word die AfriForum-musiekfees, ter viering van Pretoria se 153ste bestaansjaar, by die Voortrekkermonument aangebied. Meer as 20 000 mense woon dié fees by.

## Onteieningswetsontwerp in die kiem gesmoor

Volgehoue druk en gesamentlike veldtogte deur 15 burgerlike organisasies teen die Onteieningswetsontwerp het vrugte afgewerp en is op 26 Augustus 2008 teruggetrek. (Die omstrede wet het egter weer in 2016 herleef toe dit in die Portefeuljekomitee vir Openbare Werke aanvaar is vir finale goedkeuring. AfriForum is teen 2026 steeds in ’n regstryd gewikkel om dié wet te laat skrap.)



Jongmense teken protes aan teen regstellende aksie.

## Jonges “gehok” oor regstellende aksie

Tydens die Aardklop Nasionale Kunstefees in Potchefstroom het AfriForum Jeug in 2008 ’n petisie van stapel gestuur om jongmense van regstellende aksie vry te stel. Jongmense het hulself in ’n hok toegesluit om te wys hoe regstellende aksie hulle inperk.

## Oorwinning oor monument

Queen Radebe-Khumalo, burgemeester van Standerton, is in 2008 vasgevat ná AfriForum en die Aksiekomitee Standerton ingegryp het ná sy beveel het dat die Groot Trek-gedenkplaat wat voor die stadsaal gestaan het, vernietig moet word. In Oktober 2008 het die Pretoriase Hooggeregshof gelas dat Radebe-Khumalo die monument moet herstel en vir die regskoste moet opdok. AfriForum het tydens die hofsaak betoog en plakkate vertoon met die boodskap dat kulturele vandalisme ’n misdaad is.

# 2009

Beeld van 3 Oktober 2009 se spotprent oor die Grace Mugabe-melksage.




## Die Bloedmelk-veldtog

In Oktober 2009 stuur AfriForum een van sy suksesvolste veldtogte van stapel. Die organisasie plaas druk op Nestlé om sy melkaankope van Grace Mugabe, eggenote van die Zimbabwiese president Robert Mugabe, te staak. Die veldtog het internasionaal opslae gemaak en meer as 75 000 mense het die webtuiste (www.nestlebloodmilk.com) binne 24 uur besoek en via die webtuiste e-posse aan Nestlé se kantoor in Switserland gestuur om teen die aankoop van "bloedmelk" beswaar te maak. Die maatskappy is onkant gevang deur die omvang van die veldtog en het selfs daarop aangedring om 'n nagtelike vergadering met Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, hieroor te hê.




## Regstellende aksie

AfriForum Jeug het onverpoosd voortgegaan om veldtogte teen regstellende aksie van stapel te stuur. In Maart het 'n groep studente, geklee in togas en met handboeie, by die Departement van Arbeid se hoofkantoor geprotesteer. Hulle wou uitbeeld hoe regstellende aksie jong gegradueerdes "vasboei" deur hul van werksgeleenthede te ontneem. Membathisi Mdladlana, minister van Arbeid, het in 'n brief verklaar dat niemand op grond van regstellende aksie afgedank mag word nie.

## Vat die taxi's vas-veldtog

AfriForum het in 2009 met 'n veldtog teen die roekelose taxibestuurders begin ná die tragiese dood van die 16-jarige Bernadine Kruger wat in Februarie daardie jaar deur 'n taxi op Atterburyweg in Pretoria doodgery is. Die politieke wetenskaplike Piet Croukamp het in opdrag van AfriForum 'n navorsingsverslag opgestel wat aan Jeff Radebe, minister van Vervoer, oorhandig is. Die verslag het onder meer aanbevelings bevat oor stappe wat gedoen kan word om die taxibedryf te reguleer. AfriForum het ook tydens die hofverskyning van die bestuurder wat van Kruger se dood aangekla is, 'n kranslegging buite die Pretoriase Landdroshof gehou om hulde te bring aan Kruger en ander slagoffers van roekelose taxibestuurders.



'n Kranslegging vir die 16-jarige Bernadine Kruger.




Kallie Kriel, uitvoerende hoof, hang 'n plakkaat met die woorde "Mugabe go home" by die Uniegebou.

## Mugabe, go home-aksie

AfriForum het in Mei 2009 plakkate met die woorde "Mugabe, go home" by die Uniegebou opgesit in protes teen die regering se uitnodiging aan Mugabe na die presidensiële inhuldiging, asook die skrapping van visumregulasies vir Zimbabwiërs wat die land binnestroom. AfriForum het dit duidelik gestel dat Mugabe, in die lig van die voortgesette menseregtevergrype in Zimbabwe, nie in Suid-Afrika toegelaat moet word nie. Kriel, wat die plakkate opgesit het, is beboet. Hy het die boete suksesvol teengestaan en die staat het alle klagtes teen hom onvoorwaardelik teruggetrek. Die dagblad *Beeld* het hieroor berig gedoen. Die opskrif van dié berig het heel gepas gelui: "Hof sê: Kallie, go home".

## AfriForum begin Netwerk vir Gemeenskapsveiligheid

In Mei 2009 is 'n netwerk vir gemeenskapsveiligheid begin om onderlinge skakeling en uitruiling van inligting tussen bestaande gemeenskapsgedrewe veiligheidsinisiatiewe te bevorder.

2010

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum (links), en AfriForum se Nantes Kelder (regs), tydens die protesaksie teen "Kill the Boer" saam met sangers Sean Else, Steve Hofmeyr en Gerrie Pretorius.




## Julius Malema-hofsaak

AfriForum begin in 2010 met 'n rigtinggewende hofsaak teen die EFF-leier Julius Malema oor omstrede uitlatings en haatspraak. Die organisasie het onder meer 'n Stop Malema-protesoptog in Johannesburg gereël. Malema, toe nog president van die ANC Jeugliga, het twee dae voor die optog 'n vergadering met AfriForum Jeug aangevra. Hy het gevra dat die klagtes teen hom teruggetrek word, waarop Ernst Roets, nasionale voorsitter van AfriForum Jeug, geantwoord het dat hulle die klagtes sal terugtrek indien Malema onderneem om nie meer die "Kill the Boer"-lied te sing nie. Malema het egter geweier.

Tydens die hofsaak het die Pretoriase Hooggeregshof 'n tussentydse interdik toegestaan wat Malema verbied het om *Dubula ibhunu* ("Skiet die Boer") te sing. Die uiteinde van die omstrede en emosionele saak was 'n skikking wat in 2012 tussen die ANC, AfriForum en TLU SA bereik is, en wat Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, verwelkom het. Dit is as 'n deurbraak bestempel wat beteken het die ANC gee 'n onderneming dat sy lede die sing van kwetsende liedere sal vermy.



AfriForum en ander instellings van die Solidariteit Beweging het in Mei 2010 'n nasionale dag van protes aangekondig. Tydens die "Moeg vir bloed"-protes is die publiek aangemoedig om rooi aan te trek, terwyl protesmemorandums oor die hele land heen by polisiestasies oorhandig is.

## Zimbabwiese boere

Die burgerregteorganisasie het die Zimbabwiese regering suksesvol aangevat in die hof oor sy grondhervormingsbeleid. Die hofsaak was om die regering te dwing om gehoor te gee aan die uitspraak van 'n tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) in 2008 dat die grondhervormingsproses in Zimbabwe onwettig en rassisties is.

In 2015 vind die eerste eksekusieveiling van 'n Zimbabwiese eiendom in Suid-Afrika plaas toe pres. Robert Mugabe se huis in Kenilworth, Kaapstad, vir byna R4 miljoen opgeveil word. AfriForum het in 2010 op die eiendom beslag gelê en die veiling was 'n regstreekse gevolg van Mugabe se menseregtevergrype nadat die Zimbabwiese regering versuim het om die kostebevele van 'n Suid-Afrikaanse Hooggeregshof, die Appèlhof en die Konstitusionele Hof te eerbiedig.




## Pretoria-naam wéér in die spervuur

Die stad se naam was opnuut in die spervuur toe Lulu Xingwana, minister van Kuns en Kultuur, die naam Tshwane as pleknaam in die plek van Pretoria in die *Staatskoerant* afgekondig het. Dit was in weerwil van die regsgeding oor die stad se naam wat nog hangend was. Xingwana het die aankondiging kort daarna teruggetrek. In 2010 is Pretoria se 155ste bestaansjaar weer by die Voortrekkermonument gevier met 37 500 mense wat die jaarlikse musiekfees bygewoon het.

## Die Pretoria Skou

AfriForum het uit protes teen die verandering van die Pretoria Skou se naam na die Tshwane Skou 'n suksesvolle veldtog gehou om Pretorianers te oortuig om die skou te boikot. Sowat 220 000 pamflette is by huise afgelewer om Pretorianers in te lig dat die skou sy rug op Pretoria se naam gekeer het. Daardie jaar word berig dat sowat 34 000 minder besoekers as voorheen die skou besoek het. In 2011 is die skou se naam na die Lenteskou verander.


# 2011

## Ondersoekeenheid gestig

In Augustus 2011 het AfriForum sy eie ondersoekeenheid onder leiding van Nantes Kelder gestig om korrupsie en ander misdade wat van openbare belang is, te ondersoek. Die eenheid is gestig om onder meer te fokus op korrupsie met belastingbetalersgeld en polisielede wat hul plig versuim.

## Plaasmoorde by VN-forum bespreek

In November 2011 oorhandig Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, 'n boek met 'n omvattende lys van plaasaanvalle wat in die 20 jaar sedert 1990 plaasgevind het, aan die Verenigde Nasies (VN) se Forum vir Minderheidsaangeleenthede in Genève, Switserland. Dié boek, getiteld *Land of sorrow*, is saamgestel deur dr. Dirk Hermann, adjunkhoof van Solidariteit, en Chris van Zyl van die Transvaalse Landbou-unie (TLU). Kriel het in sy voorlegging aan die VN 'n beroep op die internasionale gemeenskap gedoen om plaasaanvalle te veroordeel.




Dr. Dirk Hermann, adjunkhoof van Solidariteit, en Chris van Zyl van die Transvaalse Landbou-unie (TLU) se boek *Land of sorrow* is in 2011 aan die Verenigde Nasies (VN) voorgelê.

## Slagoffers van Amanzimtoti-bom gedenk

AfriForum Jeug het in Desember 2011 'n kranslegging by die Sanlam-winkelsentrum gehou vir die slagoffers van die Amanzimtotibomontploffing. Andrew Zondo, destydse lid van die ANC Jeugliga, is in Februarie 1986 gearresteer in verband met dié ontploffing wat in Desember 1985 tot die dood van vyf mense gelei het. Meer as 60 mense is in die ontploffing beseer. Die ANC het in 2010 in weerwil van Zondo se dade hom vereer en Kingswayweg na hom vernoem. AfriForum het met sy veldtog mense herinner aan die bloed wat aan die ANC se hande kleef.

## AfriForum vestig afdeling om omgewingsakekwessies onder loep te neem

In 2011 vestig AfriForum sy omgewingsakeafdeling. Van die eerste veldtogte waarby die afdeling betrokke was, was om watertoevoer in Dealesville te herstel en by die rioolprobleem in eMalahleni (voorheen Witbank) in te gryp.

## Pretoria bly Pretoria!

Meer as 30 000 mense het in November 2011 AfriForum se vyfde musiekfees ter behoud van Pretoria se naam bygewoon. Tydens die fees is aktief begin om fondse en steun te werf vir die Voortrekkermonument, waar die fees ook aangebied is. Die veldtog is aangepak nadat staatsubsidie vir die monument drasties gesny is.

## 10 000 e-posse vir Zuma

As deel van AfriForum se The Bill stops hereveldtog is toenmalige president Jacob Zuma in November 2011 binne net 48 uur gebombardeer met meer as 10 000 e-posse van protes teen die omstrede Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting. Die veldtog is in 2012 uitgebrei toe meer as 50 petisierolle met die 10 000 name op die grasperk voor die Uniegebou in Pretoria uitgerol is.

## Eerste AfriForum-takke

Die eerste AfriForum-takke is in 2011 gestig. Dealesville in die Vrystaat was een van die eerste takke en het met 20 lede begin. Die minimum vereiste was tien lede per tak. Die takke is onder leiding van Cornelius Jansen van Rensburg, hoof van Gemeenskapsake, begin. Teen die einde van 2011 was daar reeds 37 AfriForum-takke op die been gebring.



Cornelius Jansen van Rensburg

## Jeug stel wêreldrekord op vir l-a-a-angste boerewors

AfriForum Jeug het op Jeugdag (16 Junie 2011) in samewerking met die musiekgroep Saarkie, die sanger Thys die Bosveldklong en sewe boereverenigings van die Mookgophong (Naboomspruit)-omgewing 'n wêreldrekord opgestel vir die langste wors wat nog ooit gebraai is. Die 514,5 m lange wors is by die Windpompfees gebraai en het die braaier behoorlik laat kreun onder sy enorme 420 kg.



Die rekordwors

2012

## Ons was daar-veldtog

Die burgerregteorganisasie se heel eerste groot sosialemediaveldtog het in 2012 afgeskop. Die doel van die veldtog was om wanvoorstellings van die Afrikaner se geskiedenis reg te stel en op te staan teen die regering se eensydige oorvertelling van die land se geskiedenis. Van die wanvoorstellings wat gepak is, is uitsprake dat alle wit grondbesitters hul grond gesteel het en dat almal wat aan die ANC se struggle deelgeneem het, vlekkelose helde is.

Hierdie virtuele betoging teen die eensydige vertelling van die geskiedenis was so suksesvol dat dit ook die eerste keer was dat AfriForum as een van die gewildste profiele op die sosialemediaplatform Twitter gelys is. Duisende mense het die veldtog gevolg en op 28 Februarie was die woorde "uniegebou", "geskiedenis" en #OnsWasDaar van die gewildste onderwerpe op Twitter.



*Die Ons was daar–veldtog, waaraan verskeie bekendes insluitend Steve Hofmeyr, Gerrie Pretorius en Adam Tas deelgeneem het, het protes aangeteken teen die regering se eensydige oorvertelling van die land se geskiedenis.*

## Verklaar plaasmoorde tot prioriteit

AfriForum begin in 2012 sy omvattende veldtog om plaasmoorde tot prioriteitsmisdade te verklaar. Die organisasie versoek die regering onder meer om spesialiseenhede vir landelike gemeenskappe op die been te bring en die publiek word genooi om plaasaanvalle waardeur hulle geraak is, te laat dokumenteer. In Mei word 1 445 geel rose by 'n polisiekantoor in Pretoria gelê om die minimum getal Suid-Afrikaners wat sedert 1990 in plaasmoorde gesterf het, te verteenwoordig.




## Optogte na Uniegebou en parlement oor geweld

In Junie 2012 neem talle mense saam met 33 bekendes onder leiding van Bobby en Karlien van Jaarsveld en Steve Hofmeyr deel aan 'n optog na die Uniegebou in Pretoria om die impak van geweldmisdaad in die lewe van gewone burgers onder pres. Jacob Zuma se aandag te bring. Die optog volg kort op die hakke van die grumoord op die vyf maande oue Wiehan Botes en sy oppasser Margrietha de Goode (66) van Delmas. In dieselfde tyd het AfriForum se tak in Mokopane (Potgietersrus) aan 'n optog teen misdaad in die dorp deelgeneem ná die moord op Johan van Rensburg (77), 'n boer van Baltimore. Sy vrou, Gloudien, het later aan haar beserings beswyk. In November 2012 het AfriForum ook die parlement se nasionale vergadering gepetisioneer om regeringsingryping teen geweldmisdaad te eis.




*Steve Hofmeyr, Daniella Mulder, Chris Chameleon en Adam Tas tydens 'n optog teen geweld.*

## Afrikaans en minderheidsregte

AfriForum en die Solidariteit Beweging verskerp sy veldtog ter bevordering van Afrikaans en minderheidsregte met verteenwoordigers van die organisasies wat by verskillende geleenthede meningsvormers in Europa toespreek, onder meer in die Vlaamse en Nederlandse parlement. AfriForum bied ook sy eerste internasionale konferensie oor minderheidsregte in Den Haag, Nederland, aan.



*Prof. Koos Malan ('n konstitusionele juris), Heinrich Matthee (politieke analis), Kallie Kriel en Flip Buys in Den Haag, Nederland, by AfriForum se eerste internasionale konferensie oor minderheidsregte.*

## Duisende vier Pretoria se verjaarsdag

Die jaarlikse AfriForum-musiekfees het in November 2012 tussen 20 000 en 30 000 feesgangers getrek. Tydens die geleentheid, wat by die Voortrekkermonument gehou is, is Pretoria se 157ste en die Solidariteit Beweging se 110de bestaansjaar gevier.

*Kallie Kriel verklaar in aanloop tot Pretoria se verjaarsdag in 2012 dat dié stad se naam moet bly.*

# 2013

## Plaasmoorde: 10 000 e-posse vir Polisieminister

In Oktober 2013 het die publiek aan AfriForum se Hoe lank nog-veldtog deelgeneem deur meer as 10 000 e-posse aan Nathi Mthethwa, minister van Polisie, te stuur om vir die prioritisering van plaasmoorde te vra. Dié e-posse is as deel van die sogenaamde Mthethwa-dossier in November daardie jaar by die Verenigde Nasies (VN) se Forum vir Minderheidsaangeleenthede ingedien. Tydens nóg 'n bewusmakingsveldtog wat in 2013 aangepak is, het vyf slagoffers van plaasaanvalle 1 000 km tussen Johannesburg en KwaZulu-Natal op vierwielmotorfietse afgelê.

## E-tol-herrie bars los

AfriForum het in hierdie jaar 'n regsmening oor die tariewekennisgewing rakende tolheffings op Gautengse hoofweë by die Departement van Vervoer ingedien. Die regsmening het tot die slotsom gekom dat die tariewekennisgewing nie 'n wetlike basis het nie en dus onregmatig is.

## Jeug stem téén rasseklassifikasie

AfriForum Jeug het in 2013 die uitslag van 'n referendum oor rasseklassifikasie aan die Universiteit van Pretoria (UP) bekendgemaak. Die uitslag het getoon 97% van studente wil nie volgens ras geklassifiseer word nie.

## Blou-en-groendruppelveldtog



Watertoetse vir AfriForum se eerste blou-en-groendruppelveldtog.

In 2013 pak AfriForum vir die eerste keer sy nasionale watermoniteringsveldtog, in daardie stadium bekend as die blou-en-groendruppeltakprojek, by sy 110 takke aan. Die projek is verlede jaar vir die 13de agtereenvolgende jaar aangebied. Takke word jaarliks toegerus met 'n toetsstel en 'n handleiding vir die neem van watermonsters. Die doel is om die gehalte van drink- en afvalwater in al nege provinsies te toets.

## Beursfonds

AfriForum Jeug stig op Jeugdag 2013 'n beursfonds vir kinderhuise en behoeftige jongmense wat weens swart ekonomiese bemagtiging (SEB) nie ondersteuning van die staat of privaat sektor ontvang nie. Tydens die bekendstelling daarvan is ook protes teen rasseklassifikasie aangeteken met afdrukke van kinders se hande wat op 'n wit doek gedruk is. Dit is aan die Departement van Handel en Nywerheid gestuur.

## Pretoria se naam

Skaars 'n dag nadat AfriForum sy veldtog ter behoud van Pretoria se naam van stapel gestuur het, het meer as 100 000 lede van die publiek per SMS hul stem laat hoor. Teen die tyd dat 160 000 SMS'e ontvang is, het die Tshwane-metroraad sy openbaredeelnameproses gekanselleer en besef dat Pretoria se naam oorweldigende steun geniet. Benewens dié veldtog is die musiekfees ook gehou en deur duisende besoekers en talle kunstenaars bygewoon.




'n Reuse-advertensiebord is opgerig om Pretorianers op te roep om op te staan vir die behoud van dié hoofstad se naam.

## Groen emmers vir liefdadigheid

AfriForum Jeug het 'n groenemmerprojek aangepak om kinders in kinderhuise te ondersteun wat weens regeringsbeleid nie finansiële ondersteuning kry nie. Skryfbehoeftes en ander benodighede is aan hulle uitgedeel.

## AfriForum pak hidrobreking

In Junie 2013 neem AfriForum en die Treasure the Karoo Action Group (TKAG) in Johannesburg deel aan 'n protesaksie teen hidrobreking. 'n Reuseveldtog word van stapel gestuur om die regering te verhoed om lisensies aan maatskappye toe te staan om die Karoo se ekosisteem en erfenis met hidrobreking te verwoes.




Julius Kleynhans, toenmalige bestuurder van AfriForum se afdeling vir Omgewingsake, en Jonathan Deal, uitvoerende hoof van die Treasure the Karoo Action Group.

# 2014

## AfriForum groei

In dié jaar betrek die organisasie sy nuwe hoofkantoor in Kloofsig, Centurion. AfriForum groei en sluit die jaar af met sowat 116 000 lede. Die nuusbrief wat aan lede gestuur is word ook met 'n volwaardige tydskrif, *Forum Tydskrif*, vervang.




Die AfriForum-hoofkantoor in Kloofsig, Centurion, is in 2014 betrek.




Die eerste *Forum Tydskrif* is in Augustus 2014 gepubliseer.

## Steve op die langpad saam met AfriForum-GPS



Steve Hofmeyr voor die mikrofoon as die stem van AfriForum se Afrikaanse GPS.

In 2014 pak AfriForum 'n unieke projek aan saam met Steve Hofmeyr en AfriGis Navigator vir die samestelling van 'n Afrikaanse GPS. In 'n Facebook-plasing van 14 Junie 2014 hieroor skryf AfriForum: "Nou kan jy veilig by jou bestemming uitkom in jou taal, en wie gaan vir jou die pad verduidelik? Niemand anders as Steve Hofmeyr!"

## Afrikaanse nuus op SABC

In Julie 2014 lê AfriForum 'n klag by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) en nooi die publiek uit om sy petisie te ondersteun nadat die SABC besluit om die Afrikaanse TV-nuusuitsendings van SABC 2 na SABC 3 te verskuif. Dié skuif ontketen 'n storm en word 'n verleentheid vir die uitsaaier, wat teen November daardie jaar weer die uitsending van Afrikaanse nuus op SABC 2 hervat.

## Plaasaanvalle: Verslag oor marteling vrygestel

In Junie, op die Internasionale Dag ter Ondersteuning van Martelingslagoffers, stel AfriForum 'n verslag oor die brutaliteit van plaasmoorde bekend. Die verslag bevat onder meer 'n reeks gevallestudies waarin die wreedheid van marteling tydens plaasaanvalle uiteengesit word. Die verslag is aan verteenwoordigers van die SAPD in Pretoria oorhandig, tesame met 'n petisie waardeur nagenoeg 60 000 mense 'n beroep op die beëindiging van plaasmoorde gedoen het.

## Studeer in jou moedertaal

Die organisasie stel sy eerste Slim-veldtog (Studeer en Leer In jou Moedertaal) bekend waartydens bekende Suid-Afrikaners soos Deon Meyer, dr. Theuns Eloff, Bouwer Bosch en Louis van der Watt die voordele verduidelik om in jou moedertaal te studeer.

## AfriForum 911 bekendgestel

AfriForum se 24 uur-noodsentrum en nooddiens is in Desember 2014 in samewerking met Europ Assistance bekendgestel. Dié diens is ingestel vir lede om aan hulle toegang te gee tot 'n flinke en betroubare noodlyn.

## Dink of Sink

AfriForum brei die Dink of Sink-kompetisie vir onvoorbereide debatvoering vir skole uit na Gauteng. Dit is voorheen agt jaar lank onder leiding van *Volksblad* met AfriForum as borg in die Vrystaat aangebied, asook 15 jaar lank by skole in die Wes-Kaap danksy *Die Burger*.

## Internasionale staptog teen plaasmoorde

AfriForum het in September 2014 aan 'n internasionale staptog deelgeneem as deel van die breër veldtog om die regering te oortuig van die prioritisering van plaasmoorde. Die staptog is gelyktydig in Thabazimbi (tuisdorp van die vermoorde Christine Robinson), Vancouver in Kanada, asook Londen en Liverpool in Engeland aangebied. Die staptog is ook aangebied ter nagedagtenis aan Robinson wat op 30 Julie daardie jaar op 'n plaas buite Thabazimbi vermoor is. Lede van Robinson se familie het in samewerking met AfriForum 430 briewe aan David Cameron, toenmalige Britse eerste minister, by sy woning by Downingstraat 10 in Londen oorhandig. In Suid-Afrika het AfriForum 'n memorandum aan die SAPD oorhandig om die prioritisering van plaasmoorde te eis.

## #SkoonSA-veldtog

AfriForum het sy #SkoonSA-veldtog op 20 Mei 2014 bekendgestel om die kollig op verantwoordelike en volhoubare afvalbestuur in die land te plaas. Daar is deur dié veldtog bevind dat 70% van die land se vullisterreine nie aan die minimum wetlike vereistes voldoen nie.



AfriForum se Morné Mostert




### *Treurgrond*

Die rolprent *Treurgrond*, met Darrell Roodt as regisseur, handel oor plaasmoorde en die manier waarop dié misdaad 'n hele gemeenskap beïnvloed. AfriForum was 'n borg van dié sterbelaaide rolprent, en het dit ook ingespan as deel van sy veldtog teen plaasaanvalle. Groot name in die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf het in *Treurgrond* verskyn, insluitend Erika Wessels, Steve Hofmeyr, Sharleen Surtie-Richards en Jana Strydom. Dit is in 2018 by die jaarlikse internasionale Wêreldrolprentmakersfees in Amsterdam, Nederland, met twee internasionale toekennings vereer.

AfriForum het in 2015 sy veldtog teen skaliegasontginning verskerp.




### AfriForum staan op teen skaliegasontginning

Die regering se ondeurdagte planne om die deur oop te maak vir hidrobreking in die Karoo is in 2015 sterk teengestaan en AfriForum het die publiek gemobiliseer om daarteen in opstand te kom. Thuli Madonsela, openbare beskermer, word ook versoek om die prosesse te ondersoek wat die regering gebruik om prospekteerlisensies vir hidrobreking uit te reik.

### Takkongresse

AfriForum het in 2015 verskeie takkongresse in Centurion, George, Clarens en Bela-Bela (Warmbad) aangebied om lede op te lei en aan hulle inligting oor omgewingsake, plaaslikeregeringsake en veiligheidskwessies te voorsien.

### Menseregtekommissie bekyk plaasmoorde

In 2015 stel AfriForum 'n tienpuntaksieplan bekend by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) se openbare verhore oor plaasmoorde. Die verhore het gevolg ná herhaalde versoeke en pogings deur AfriForum om plaasmoorde tot prioriteitsmisdaad te laat verklaar.

Ds. Henk Stavast van die Gereformeerde Kerk Totiusdal op sy fietstoer vir die behoud van godsdiens in skole.



### Godsdiens in skole

'n Hofstryd oor die behoud van godsdiensonderrig in skole is in 2015 begin nadat Hans Pietersen, voorsitter van die Organisasie vir Godsdiensonderrig en Demokrasie (Ogod), 'n hofaansoek gebring het om skole te dwing om godsdiensonderrig uit die skooldag te verwyder. Dit word een van AfriForum se grootste veldtogte en in dié jaar pak die organisasie ter ondersteuning van die behoud van godsdiensonderrig in skole 'n 6 000 km lange fietstoer aan wat oor meer as 100 dorpe strek. Deur middel van dié aksie is ook geld vir die hofsaak ingesamel.

### Standbeelde word gered

Die jaar 2015 sal onthou word as die jaar waarin vandale en protesteerders erfenisbakens op universiteitskampusse geteiken het. AfriForum en AfriForum Jeug rol te midde van dié protesaksies self moue op om standbeelde en monumente wat geverf en sodoende beskadig is, skoon te maak. Bewusmaking oor Afrikaners wat vir hul geskiedenis moet opstaan word ook aangepak deur middel van veldtogte soos #DankieJan en "Ons gaan nêrens".

### 10 dae van selfstandigheid

AfriForum pak met sy 10 dae van selfstandigheid-veldtog een van sy heel grootste selfstandigheidsprojekte nóg aan. Binne dié tien dae is onder meer 2 000 bome geplant, 200 projekte aangepak, 135 ton teer gebruik om 4 000 slaggate op te vul, 200 straatligte herstel, 370 ton vullis verwyder en 16 begraafplase opgeknap. 'n Nasionale massapatrollie, met sowat 3 000 patrolleerders, is ook as deel van die veldtog gehou, terwyl die jaarlikse watertoetse by AfriForum se takke oor die hele land heen onderneem is.

2016

## AfriForum-lede

AfriForum skop sy tiende bestaansjaar af met sowat 160 000 lede.




## Dokumentêre film bekendgestel

Die film *Tainted Heroes*, wat op die ANC se bevlekte verlede en gewelddadige optrede tydens sy bevrydingstryd fokus, word vrygestel.

## Traumaeenheid

AfriForum het 'n traumaeenheid gestig onder leiding van Nantes Kelder. Dit is daarop gemik om slagoffers van geweld, insluitend huisrowe en plaasaanvalle, te ondersteun, asook om die SAPD se werk makliker te maak.

## Maties-oorwinning

AfriForum Jeug en die Universiteit Stellenbosch (US) kom in die Hooggeregshof in Kaapstad ooreen dat Afrikaans gelyke status met Engels as onderrigmedium sal geniet, soos goedgekeur is tydens die universiteit se raadsvergadering in 2015. Die US onderneem skriftelik dat stappe gedoen sal word om te verseker dat alle fakulteite die universiteit se taalbeleid en -plan, asook die taalspesifikasies soos in die 2016-jaarboek gepubliseer, sal toepas.

## Zim-eiendom kry finaal nuwe eienaar

Die Zimbabwiese regering se huis in Kenilworth, Kaapstad, is in Januarie 2016 in die naam van die nuwe eienaar geregistreer nadat dit in 2015 op 'n openbare veiling verkoop is. Dit volg op 'n ses jaar lange regstryd wat AfriForum namens Zimbabwiese boere gevoer het wat deur Mugabe se grondvergrype geraak is.

## Grootste stryd op universiteitskampusse

Die grootste aanslag op Afrikaans as onderrigmedium het in 2016 landwyd op universiteitskampusse uitgebreek. Studente-onrus, ontwrigte klasse en geweld het kampusse in Stellenbosch, Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad in chaos gedompel. AfriForum Jeug het vinnig gegroei, met honderde studente wat vir hul taalregte opgestaan het. Die EFF is beskuldig van aggressiewe optrede, insluitend aanvalle en die vernietiging van standbeelde.




## Droogtehulpveldtog begin

AfriForum skop sy droogtehulpveldtog af en in September skenk AfriForum onder meer 115 ton voer aan boere in die Vrystaat en Noordwes en 85 ton voer aan boere in die Reddersburg-distrik.

## Hof beslis SAPD moet syfers vrystel

AfriForum behaal in Februarie 2016 'n reuseoorwinning in die Hooggeregshof in Pretoria toe die hof beslis dat die SAPD statistiek oor plaasmoorde en -aanvalle van 1990 tot 2015 aan die burgerregteorganisasie moet oorhandig. Die SAPD het sedert 2007 blykbaar weens "operasionele redes" nie meer dié statistiek gepubliseer nie, maar dit steeds bygehou.

## Tinteltong Toekennings

Die AfriForum-inisiatief Afrikaans-Vriendelik kondig in Februarie 2016 die wenners van die Tinteltong Toekennings aan en gee sodoende erkenning aan ondernemings wat Afrikaans in hul werksaamhede bevorder. Kief Koekies word aangewys as die onderneming met die oorspronklikste Afrikaanse naam, terwyl die dekormaatskappy Afrikana wegstap met die prys vir die onderneming met die treffendste Afrikaanse slagspreuk – "Dekor wat Afrikaans praat".

## AfriForum-verslag wys op skending van minderheidsregte

AfriForum se 2015 Burgerregte-indeks, wat op Menseregtedag in Maart 2016 vrygestel is, toon dat 'n stelselmatige skending van taal-, kultuur- en minderheidsregte in die voorafgaande paar jaar aangeteken is. Kwessies soos geweld op universiteitskampusse, konflik oor taalbeleide op universiteite en voortdurende pleknaamveranderinge het volgens die AfriForum-navorser Johan Nortjé sogenaamde eerstegenerasieregte geknou.

## Buurtwagte verseker veiligheid

Die vestiging van AfriForum-buurtwagte lewer teen 2016 reeds op talle plekke suksesse op. Die Uitsig-buurtwag in Bloemfontein het byvoorbeeld in Maart 2016 'n huisrower vasgetrek en in April het AfriForum se buurtwag in Bronkhorstspruit 'n plaasaanval gestuit en die Alberton-buurtwag 'n vermeende dwelmhandelaar aangekeer.

## Blou-en-groendruppelverslag bekendgestel

AfriForum stel sy blou-en-groendruppelverslag in April 2016 vir die derde keer bekend ná die gehalte van drink- en rioolwater in 132 dorpe landwyd getoets is.

## Vat so, slaggate!

In Mei 2016 pak AfriForum sy nasionale slaggatherstelmaand aan as deel van sy #Selfdoeninisiatief. Binne enkele dae is slaggate teen 'n koste van R270 000 in Mookgophong (voorheen Naboomspruit), Modimolle (voorheen Nylstroom), Piet Retief en die Pretoriase Moot herstel. Teen Julie is 'n totaal van 15 990 slaggate met meer as 636 ton teer teen nagenoeg R2,5 miljoen oor die hele land heen opgevul.



Ian Cameron en Ernst Roets van AfriForum en lt.genl. Khomotso Phahlane, toenmalige waarnemende nasionale polisiekommissaris.

## Plaasmoorde geprioritiseer

Ná jare lange druk deur AfriForum kondig die waarnemende nasionale polisiekommissaris, lt.genl. Khomotso Phahlane, op 'n gesamentlike mediakonferensie met AfriForum aan dat plaasmoorde voortaan amptelik geprioritiseer sal word. Die prioritisering is egter in afsondering gedoen en die regering het nie daarby ingekoop nie en voortgegaan om die krisis as onbelangrik af te maak. In werklikheid het niks uit Phahlane se aankondiging gevolg nie.

## Grondgrypers kry op hul neus

In Junie 2016 kry AfriSake 'n tussentydse hofbevel om grondgrype in die Brits-omgewing te belet. Die hof beveel dat die SAPD moet ingryp op die grond van die drie boere wat AfriSake ondersteun het en alle strukture wat onwettig opgerig is moet verwyder. In Augustus tree die SAPD en die Rooimiere in om die onwettige grondgrypers te verwyder.

## 91 jaar van Afrikaans gevier

AfriForum Jeug het as deel van sy #AfrikaansSalBly-veldtog en ter viering van Afrikaans se 91ste verjaarsdag as amptelike taal vier tydelike taalmonumente uit Jenga-blokke gebou waarop daar Afrikaanse woorde gedruk is. Daar is ook 91 ballonne losgelaat. Dié aksie is op die hoofkampusse van die Universiteit van Pretoria (UP), die Universiteit Stellenbosch (US), die Universiteit van die Vrystaat (UV) en die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus (NWU) gehou.



AfriForum Jeug se Jaco Grobbelaar by die Jenga-blokuitstalling ter viering van Afrikaans.

## Afrikaans by US, Unisa en UP

Die jaar 2016 was beslis die jaar waarin AfriForum die een taalgeveg op die volgende gevoer het ter beskerming van Afrikaans as onderrigtaal aan openbare universiteite. Die stryd is in die howe gevoer om Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria (UP), die Universiteit van die Vrystaat (UV), die Noordwes-Universiteit (NWU), die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) en die Universiteit Stellenbosch (US) te behou. Gedurende dié langdurige stryd is verskeie aktivistiese aksies aangepak. AfriForum Jeug het byvoorbeeld in Junie 2016 'n doodskis na die UP-kampus geneem en 'n fakkel aangesteek om te wys dat hoewel universiteitsbestuur poog om Afrikaans aan dié universiteit uit te wis, dit steeds sal voortleef in die harte van studente.



## Kriel en Lesufi pak mekaar

In Junie 2016 neem Kallie Kriel en Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir Onderwys, deel aan 'n robuuste debat oor Afrikaans en die toekoms van Afrikaanse skole. Kriel het Lesufi hiertydens daarvan beskuldig dat hy 'n anti-Afrikaanse agenda bevorder.

## 10 kg vlieë vir stadsbestuurder

AfriForum se Apiesrivier-tak het in Julie 2016 sowat 10 kg vlieë en 'n memorandum aan Jason Ngobeni, stadsbestuurder van die Tshwane-metro, oorhandig om protes aan te teken teen die swak instandhouding van en besoedeling by die Rooiwal-rioolwerke. Vier maande later, in November, bekom AfriForum 'n dringende bevel van die Hooggeregshof wat die metro dwing om instandhouding van dié aanleg te doen.

# Geluk met die eerste dekade, AfriForum!

Talle bekendes het AfriForum in 2016 geluk gewens met die organisasie se eerste dekade van veg en bou.



### Sorina Erasmus (aktrise en sangeres ook bekend as Die Flooze)

Vir my is een van die ongelooflikste projekte en veldtogte wat AfriForum al aangepak het die Hou God in skole-veldtog. Geloof is die grootste en belangrikste fondasie in enige kind, grootmens en gesin se lewe. Omdat kinders die meeste van die tyd by die skool deurbring, is die skool soos 'n tweede huis. As God weggelaat word uit hierdie tweede huis wat kinders opvoed en dissiplineer om goeie volwassenes te word, kraak en verbrokkel daardie fondasie. Baie geluk met julle 10de bestaansjaar. Dit is 'n voorreg om julle as my *tjommas* te kan hê! Ek *watch* julle!



### Prof. Deon Geldenhuys (politieke wetenskaplike)

Vir Afrikaners wat weens gevoelens van skuld oor die verlede of onmag in die hede verval het in politieke swygsaamheid en onsigbaarheid, het AfriForum hoop gebring dat hul stem in die openbaar gehoor kan en behoort te word. AfriForum kon namens hulle (en ander) die owerhede se onbeholpenheid in dienslewering en hul onverskilligheid en kwaadwilligheid jeens Afrikaans en Afrikaners in die openbaar uitdaag.



### Flip Buys (voorsitter van die Solidariteit Beweging)

Dit is duidelik dat AfriForum en die Solidariteit Beweging se rol vorentoe net groter gaan word, omdat die staat op 'n glybaan na verswakking is wat menslik gesproke nie meer omkeerbaar is nie. Dit hoef ons nie moedeloos te maak nie, want politieke magloosheid beteken nie ons is magteloos nie. Afrikaners kon nog altyd praktiese oplossings te midde van 'n moeilike omgewing skep. Hoe swakker die staat word, hoe groter die ruimte vir sterk selfdoenorganisasies om nuwe werklikhede te skep, om ten behoewe van 'n sterk magsblok met die regering te beding en om 'n tasbare verskil in mense se lewe te maak.



### Frans Cronje (toenmalige uitvoerende hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge)

AfriForum is ongetwyfeld die belangrikste en invloedrykste aktivistiese burgerregteorganisasie in die land. Selfdoen was altyd die kern van die organisasie se denkwyse en die enorme suksesse wat deur AfriForum-lede aangeteken is met die skoonmaak van dorpe, verbetering van munisipale infrastruktuur, behaling van burgerregoorwinnings en die vestiging van gemeenskapsgedrewe veiligheidstrukture is bewys van watter gesonde strategie dit was. Die filosofie dat "ons vir onsself moet opstaan" en alle afhanklikheid van 'n korrupte en onbevoegde staat moet verbreek, is ongetwyfeld die enigste benadering wat enige moontlikheid op 'n suksesvolle en voorspoedige toekoms vir Suid-Afrika bied. 'n Mens slaap snags beter met die wete dat AfriForum daar is.



### Prof. Marinus Wiechers (grondwetkenner)

AfriForum het 'n beduidende faktor in ons burgerlike samelewing geword, om hard en duidelik Afrikanerbelange te propageer, om daadwerklik op te tree, haatspraak te beveg, dienslewering te verbeter, klakkelose en politiekgeïnspireerde naamsveranderinge teë te staan wat ons geskiedenis verkrag, hofaansoeke te bring, die gruwel van plaasmoorde te belig en hulp aan armlastiges te verleen. Deur sy optredes moet AfriForum noodwendig die politieke terrein betree, maar hulle slaag daarin om nie polities gebrandmerk te word nie, ten spyte van die gedurige verdagmakery deur die ANC, wat luidkeels en woedend op enige kritiek op die regering reageer. AfriForum se positiewe boodskap en optrede is nou selfs nog belangriker as tien jaar gelede.



### Rhoda Kadalie (menseregteaktivis)

AfriForum is die verpersoonliking van goeie beheer, deursigtigheid en doeltreffende bestuur om sosiale kohesie te bewerkstellig tussen die gemeenskappe wat hulle dien. Geluk met jou verjaarsdag, AfriForum! Hoewel jy nog nie eens mondig is nie, is jou prestasie ver bo jou jare, 'n voortydige volwassene in die panteon van organisasies sonder winsoogmerk in Suid-Afrika. Jy het bewys dat jy danksy 'n duidelike missie, doelwit en topklasbestuur as een van die eervolste en bewonderenswaardigste organisasies in die wêreld erken word.



### Tim du Plessis (oudredakteur en joernalis)

AfriForum vind sy bestaansreg in die bestryding van verval, magsmisbruik en die skending van regte – op sy eie unieke manier. Nie almal stem daarmee saam nie. Soms is die metodes effe kras en die stem nogal skril. AfriForum is op sy beste wanneer hy, soos 'n woelige skrumskakel, daarin slaag om heeltyd in die gesig van die magsmisbruikers te speel. Jy kan van AfriForum verskil so veel jy wil, maar wat nie ontken kan word nie, is AfriForum se reg om sy ding te doen soos hy dit goed vind. Binne die Grondwet en die ander landswette.




'n Ligter blik op die "Bulhond" se betrokkenheid by AfriForum soos uitgebeeld in Niel van Vuuren se strokiesprent wat op 19 Augustus 2017 in Beeld verskyn het.

## Advokaat Gerrie "Bulhond" Nel reg om korruptes te vervolg

Die Suid-Afrikaanse aanklaer adv. Gerrie Nel het op 1 Februarie 2017 amptelik by AfriForum begin om die organisasie se eie privaatvervolgingseenheid op die been te bring. Sy besluit om die eenheid by AfriForum te vestig volg in reaksie op sy kommer dat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) geneig is om selektiewe vervolging toe te pas en gelykheid voor die reg in gedrang gebring word.




Die Daily Sun van 1 Februarie 2017 se aankondiging oor adv. Gerrie Nel se aanstelling by AfriForum

## Veiligheidsberaad

In Mei 2017 het honderde mense AfriForum en die Solidariteit Beweging se veiligheidsberaad in Pretoria bygewoon. Die tema van die beraad was "Kom ons maak ons strate veilig". Volgens Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, het gemeenskappe die reg én die plig om hulself te beskerm en moet gemeenskappe saamstaan juis omdat die staat se vermoë om sy burgers veilig te hou, toenemend verswak.



'n Demonstrasie tydens die veiligheidsberaad

## Goeie dissipline = doeltreffende onderrig en leer

AfriForum het in Mei 2017 skole vir hul uitmuntende dissipline vereer as deel van die Wandel met waardigheid-kompetisie. Die onderskeie kategorieë van die kompetisie waarvolgens deelnemers beoordeel is, is die skool met die beste dissiplinebeleid en die leerder met die beste voorstel om die skool se bestaande dissiplinebeleid te verbeter. In die eersgenoemde kategorie het die Hoërskool Middelburg in Mpumalanga met die louere weggestap, terwyl Nina Mostert, 'n graad 11-leerder van Helpmekaar Kollege in Johannesburg, die leerdertoekenning ontvang het.



Charl Oberholzer, van die Afrikander Handelshuis, en AfriForum se Sanderien van der Walt. Die Afrikander Handelshuis was in 2017 die wenner van die Tinteltong Toekenning vir die Afrikaanse onderneming met die beste sosiale media.

## Tinteltong-lekkerte vir Afrikaanse ondernemings

Die eerste AfriForum Tinteltong Toekennings, wat daarop gemik is om kreatiwiteit en innovasie te vereer in ondernemings wat in Afrikaans dienste lewer of produkte verkoop, is op Moedertaaldag (21 Februarie) 2017 tydens 'n glansgeleentheid oorhandig. Later daardie jaar is die eerste AfriVriendelik-entrepreneurskompetisie ook aangebied om entrepreneurs wat in Afrikaans sake doen se onderneming 'n hupstoot en blootstelling te gee. Louis Loubser, 'n boer van Robertson en eienaar van Tree Hog, 'n innoverende waterbesparing- en besproeiingstelsel, is as die wenner van die eerste AfriVriendelik-entrepreneurskompetisie aangewys.

## Plaasmoorde: Meer as 100 memorandums by polisiestasies ingedien

Op 21 November 2017 het AfriForum meer as 100 memorandums by polisiestasies oor die hele land heen ingedien om te eis vir die prioritisering van plaasmoorde. Sowat 35 memorandums is óók by Suid-Afrikaanse ambassades in die buiteland ingedien. Enkele dae later, op 25 November, is 'n massaprotesoptog in Pretoria gehou. Nagenoeg 1 500 mense het ondanks gure weer aan die optog tussen die Pretoria Kunsmuseum en die Uniegebou deelgeneem om teen plaasmoorde en -aanvalle protes aan te teken.

## Basta met boelies!

Teen die winter van 2017 het AfriForum sy teenboelieveldtog afgeskop by die Laerskool Roodekrans in Roodepoort, Gauteng. Dié projek is begin om ouers, kinders en onderwysers oor afknouery by skole in te lig en te bemagtig met inligting om dié gedrag hok te slaan.




Leandie Bräsler van AfriForum en 'n leerder van Laerskool Roodekrans tydens die bekendstelling van AfriForum se nuwe teenboelieveldtog.




In November 2017 plaas AfriForum dié strokiesprent op sy Facebook-blad en skryf: "In hierdie week se spotprent dryf [die strokiesprentkunstenaar] Jerm die spot met die kritici wat aanvoer dat plaasmoorde nie 'n prioriteit mag wees nie omdat daar ook ander misdade bestaan."

## Simboliese korrupsiemonument vir Zuma opgerig

AfriForum het in Julie 2017 'n simboliese korrupsiemonument in Groot Marico, Noordwes, opgerig om die 783 korrupsieklagtes teen pres. Jacob Zuma uit te beeld. Die monument, bestaande uit 783 moere, volg onder meer ná die Noordwes- provinsiale regering met bouwerk begin het aan 'n monument ter ere van Zuma. Die koste van die bouwerk aan dié monument sou na verwagting R1,7 miljoen beloop ná afgesien is van die oorspronklike plan – vir die oprigting van 'n 6 m hoë monument ten bedrae van R6 miljoen. Die monument is uiteindelik te midde van groot kritiek uit verskeie oorde in Oktober daardie jaar onthul.



Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, en adv. Gerrie Nel, hoof van die privaatvervolgingseenheid, tydens 'n mediakonferensie oor sake teen Julius Malema.

## AfriForum bekom kostebevele teen Malema en EFF

AfriForum het in November 2018, in twee afsonderlike hofsake in die Hooggeregshof in Pretoria, twee kostebevele bekom teen Julius Malema, leier van die EFF, en die EFF. Dit was AfriForum se vyfde kostebevel in twee jaar teen Malema en die EFF.

Die eerste kostebevel spruit uit 'n saak van minagting van die hof nadat die organisasie die hof genader het ná Malema en die EFF voortgegaan het om grondgrype aan te moedig. Dit ten spyte van 'n interdik wat AfriForum vroeër bekom het wat hulle verbied om mense aan te hits om grond te beset.

Die tweede kostebevel kom nadat AfriForum 'n lasbrief bekom het om op hul roerende bates beslag te lê om 'n bedrag van R337 758,68 te delg. Malema en die EFF het egter 'n dringende aansoek voor die hof gebring om die beslaglegging te keer, maar die hof het bevind dat daar geen dringendheid aan die saak is nie en die saak is van die rol geskrap.

Malema en die EFF het teen middel November 2018 'n bedrag van R126 703,59 aan AfriForum oorbetaal. Sowat R211 000 was teen die einde van daardie jaar nog uitstaande.



Die Rooimiere verwyder strukture op dr. Motodi Maserumule se grond.

## Onwettige strukture verwyder ná AfriForum ingryp

AfriForum het dr. Motodi Maserumule, destyds uitvoerende direkteur van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), gehelp om onwettige plakkers van sy grond te verwyder. Dit volg nadat Maserumule die burgerregteorganisasie om hulp genader het ná die SAPD in Soshanguve glo geweier het om die onwettige besetters van sy plaas te verwyder en hom na die hof verwys het om 'n hofbevel te bekom. Die hof het hom egter na die Tshwane-metropolisie verwys, wat hom weer na die Pretoria-Noord-polisiestasie gestuur het.

AfriForum het Maserumule gehelp om 'n klag by die SAPD aanhangig te maak en om 'n dringende aansoek by die Hooggeregshof in Pretoria in te dien wat die SAPD verplig het om teen die onwettige besetters op te tree.

Die balju het met behulp van die SAPD en die Rooimiere, 'n privaat veiligheidsmaatskappy wat in uitsettings spesialiseer, die besetters en die meer as 100 onwettige strukture van Maserumule se grond verwyder.



Adv. Gerrie Nel, hoof van die privaatvervolgingseenheid, Caty van der Merwe, toenmalige bestuurder van AfriForum se traumaeenheid, en Willie Spies, AfriForum se regsverteenwoordiger, tydens die mediakonferensie rakende Grace Mugabe se aanranding van Gabriella Engels.

## AfriForum behaal hofoorwinning teen Grace Mugabe

AfriForum het in 2018 'n oorwinning in die hof behaal nadat die organisasie in 2017 'n hofaansoek ingedien het om Grace Mugabe, voormalige presidentsvrou van Zimbabwe, se diplomatieke immuniteit tersyde te stel. Dit volg nadat Mugabe vir Gabriella Engels, 'n model, met 'n verlengingskoord aangerand het omdat sy ontevrede was oor haar seuns se eskapades in 'n luukse Sandtonse hotel.

AfriForum het 'n aansoek teen die minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking ingedien ná die minister vroeër diplomatieke immuniteit aan Mugabe verleen het sodat sy die geleentheid gehad het om die land te verlaat. Mugabe het vervolging in Suid-Afrika vrygespring aangesien die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) weens die immuniteit wat toegestaan is nie verder die klag van aanranding met die doel om ernstig te beseer teen Mugabe kon ondersoek nie. Dit het AfriForum genoop om die hofaansoek in te dien.

### Veldtog teen wysiging van artikel 25 van die Grondwet

Nadat die ANC op 27 Februarie 2018 die EFF se mosie vir die wysiging van artikel 25 van die Grondwet aanvaar het om voorsiening te maak vir onteiening sonder vergoeding, het AfriForum in alle erns begin om hierdie voorgestelde wysiging te stuit.

Die organisasie en sy lede het byna al 36 openbare vergaderings bygewoon om te kenne te gee dat dit teen dié wysiging gekant is. Van die redes wat aangevoer is teen onteiening is dat onteiening sonder vergoeding gebaseer is op leuens wat aanvoer dat wit mense grond gesteel het. AfriForum het verder daarop gewys dat dit ekonomiese implikasies sal inhou en dat dit die land op dieselfde rampkoers as Zimbabwe, Venezuela en Noord-Korea sal afstuur.

Internasionale veldtogte is ook aangepak en AfriForum het in die VSA, Europa en Australië voorleggings gemaak oor die regering se voorgenome planne.

Dr. Ernst Roets, destyds AfriForum se adjunk-uitvoerende hoof, en Monique Taute, destydse hoof van AfriForum se teenkorrupsie-eenheid, het ook die organisasie se standpunt rakende onteiening in die parlement gestel.

In Desember 2021 kon die ANC nie 'n tweederdemeerderheid in die Nasionale Vergadering bereik om artikel 25 te wysig nie. Dit het 'n einde gebring aan dié strategie vir die implementering van onteiening sonder vergoeding.




Ernst Roets tydens die bekendstelling van sy boek *Kill the Boer*.

### Internasionale veldtog en *Kill the Boer*-boek plaas kollig op plaasaanvalle

Roets se boek *Kill the Boer* is in 2018 bekendgestel. Dié boek lig die wreedaardige werklikheid van plaasaanvalle in Suid-Afrika uit.

Tydens die bekendstelling het Mariandra Heunis, 'n plaasaanvalslagoffer, die tragiese gebeure rakende die aanval waarin haar man dood is, gedeel.

In sy boek voer Roets aan dat die regering aandadig is aan die plaasmoordekrisis weens onder meer die negatiewe stereotipering van veral wit boere; die aanmoediging of aanhitsing van haatspraak teen wit boere; en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se deprioritisering van plaasmoorde ten spyte van 'n toename in dié tipe misdaad.

AfriForum het in 2018 in Australië en die VSA internasionale bewusmaking oor plaasaanvalle geskep.

### EFF-lid skuldig aan haatspraak ná AfriForum Jeug-klagte

Die Gelykheidshof in Pretoria het in Maart 2018 beveel dat Luvuyo Menziwa, 'n voormalige lid van die Universiteit van Pretoria (UP) se studenteraad (SR) en lid van die universiteit se EFF-jeugvereniging, gemeenskapsdiens in armoedige wit gemeenskappe moet verrig.

Menziwa het in 2016 in 'n Facebook-inskrywing gesê dat hy wit mense met 'n AK-47 of 'n bazooka wil doodmaak. Hy het aangevoer dat hy die uitlatings gemaak het na aanleiding van die hare-voorval waarby meisies van die Pretoria High School for Girls betrek is.

Die hof het hom ook beveel dat hy binne vyf dae van die hofuitspraak op sy Facebook-blad om verskoning vir sy aksies en die nadelige gevolge daarvan moet vra.

AfriForum Jeug se Tuks-tak het kort ná Menziwa se plasing 'n protesaksie gehou waartydens daar geëis is dat hy uit die SR en van kampus geskors moet word. Die SR het later daardie dag aangekondig dat Menziwa sy SR-baadjie moes ophang.

Henrico Barnard, 'n AfriForum Jeug-lid en die UP se toenmalige SR-voorsitter, het na aanleiding van Menziwa se plasing 'n klagte van haatspraak en aanhitsing tot geweld teen hom aanhangig gemaak.



Willie Spies, AfriForum se regsverteenwoordiger in die Zuma-saak.

### Zuma kry bloedneus in hof

Die Hooggeregshof in Pretoria het in 2018 ná 'n uitgerekte saak uitspraak gelewer teen oudpres. Jacob Zuma en sy regering vir hul rol in die sluiting van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)-tribunaal in 2012.

AfriForum het vier Zimbabwiese boere en twee landboumaatskappye suksesvol gehelp om tot hierdie saak toe te tree. Die boere het hul eiendomme as deel van Zimbabwe se grondhervormingsbeleid verloor. Hulle het die tribunaal in 2008 suksesvol genader om hul eiendomsreg te beskerm, maar die tribunaal is eers opgeskort en daarna ontbind.

Die hof het bevind Zuma se deelname aan die proses om die SAOG-tribunaal te ontbind was onwettig, irrasioneel en dus ongrondwetlik. Hy moes ook die regskoste van al die aansoekers dra.



Kallie Kriel (uitvoerende hoof van AfriForum), koning Goodwill Zwelithini en Flip Buys (voorsitter van die Solidariteit Beweging) tydens die koning se verjaarsdagvieringe.

## AfriForum vier saam Zoeloekoning se 70ste verjaarsdag

AfriForum, Solidariteit en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) het in Julie 2018 koning Goodwill Zwelithini, die Zoeloekoning, se 70ste verjaarsdag saam met hom gevier. Hiertydens is samesprekings gevoer om saam te werk met sake van gemeenskaplike belang. Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is die verhouding tussen Afrikaners en Zoeloes in die geskiedenis gekenmerk deur verskeie voorbeelde van positiewe samewerking, maar ook deur konflik. Verskeie raakpunte is tussen die Zoeloekoning en AfriForum geïdentifiseer, wat insluit 'n behoefte om gesonde verhoudinge, gegrond op wedersydse erkenning en respek, tussen die onderskeie kulturele gemeenskappe in die land te vestig.

Die partye het 'n gedeelde kommer gehad oor onteiening sonder vergoeding. Verder was daar ook 'n behoefte aan samewerking om op plaaslike vlak ekonomiese ontwikkeling te laat plaasvind wat tot voordeel van almal in die gemeenskap sal wees.




Jaco Grobbelaar en Chris Boshoff van AfriForum wat die saak gedryf het.

## Naboomspruit-tak behaal hofoorwinning

Dit moes nie vir AfriForum nodig gewees het om in te tree sodat die munisipaliteit sy verantwoordelikhede nakom nie, het regter Moses Mphaga in 2018 in sy uitspraak oor die toestand van die vullisterrein in Mookgophong (voorheen Naboomspruit) gesê.

AfriForum se Naboomspruit-tak het die hof reeds in 2016 genader oor die haglike toestand van dié vullisterrein, asook die swak bestuur daarvan deur die Modimolle-Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit. Hierdie vullisterrein het nie aan die nodige lisensievereistes voldoen nie, wat tot gevolg gehad het dat die grondwater besoedel is. AfriForum het daarom geëis dat die munisipaliteit die vullisterrein op peil moet bring soos die lisensie vereis.

AfriForum het dié saak, wat uit die organisasie se nasionale vullisterreinouditprojek spruit, met koste in die Hooggeregshof in Pretoria gewen.

Die hofbeslissing het onder meer gelas dat vullis op 'n omgewingsvriendelike wyse verwyder moet word. Dreineringstelsels moes ook gebou word om die afloopwater van die vullisterrein te skei en te herlei. Verder moes watertoetse ook uitgevoer word en goeie toegangsbeheer moes toegepas word.




Lede van AfriForum Jeug wat aan die staptog deelgeneem het.

## AfriForum help boere in droogtegeteisterde gebiede

AfriForum, AfriForum Jeug, asook 'n taklid het in 2018 daartoe bygedra dat boere in droogtegeteisterde gebiede voerskenkings kon ontvang.

Die burgerregteorganisasie het in samewerking met Boere in Nood en georganiseerde landbou voer ingesamel vir boere in die Waterberg-distrik wat erge droogtes ervaar het. Nege vragmotors het 1 154 bale voer aangery. Geld is ook uit die droogtefonds beskikbaar gestel sodat 'n veld gras gesny kon word wat 200 bale voer gelewer het.

Carel Joubert en ander AfriForum-lede se reusebydrae tot die organisasie se noodfonds het AfriForum verder in staat gestel om 42 ton voer na die droogtegeteisterde Williston-distrik te stuur.

AfriForum Jeug het op hul beurt fondse ingesamel deur 'n 70 km lange staptoer aan te pak vir boere van Petrus Steyn en Reitz wie se plase afgebrand het tydens verskeie veldbrande. Nagenoeg 7 400 ha weiveld is vernietig.

Meyer le Roux, medestigter van die Buffelsfontein-handelsmerk, het aan die staptoer deelgeneem en terselfdertyd 'n motorfietstoer van 800 km aangepak om geld in te samel. Dié twee groepe het sakeondernemings uitgedaag om 'n bedrag per kilometer te borg. 'n Verdere R100 000 is vanuit AfriForum se noodfonds geskenk om voer aan te koop.

Carel Joubert van Pietermaritzburg.



2019



Dié kruiwaens met grond en modelhuise is gebruik om beswaar teen die Centurion-grondeis aan te teken.

## Reusegrondeis in Centurion teengestaan

AfriForum het vroeg in 2019 sy veldtog teen onwettige grondeise verskerp nadat 'n reusegrondeis in Centurion bekend geword het. Die organisasie het 'n memorandum aan 'n verteenwoordiger van die minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOG) in Pretoria oorhandig met besware teen dié grondeis.

Kruiwaens vol grond met modelhuise op is na die departement gestoot om 'n duidelike boodskap te stuur dat AfriForum onwettige grondeise en onteiening sonder vergoeding enduit sal teenstaan.

Die volgehoue druk en mobilisering van die gemeenskap het daartoe gelei dat Maite Nkoana-Mashabane, die destydse minister van DLOG, kort ná AfriForum se ingryping aangekondig het dat die onroerende eiendom wat deur die Centurion-grondeis geraak word, nie onteien sal word nie.

Hierdie grondeis sou sowat 4 000 ha raak en die restitusie-eis se waarde het sowat R4 miljard beloop.



Lede van die Nkungumathe-gemeenskap by Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum (derde van links), *Inkosi* Z.D. Mpungose, *Inkosi* van die Mpungose- tradisionele gemeenskap in Nkandla (vierde van links), Carien Bloem, projekkoördineerder vir Onderwys by AfriForum (tweede van regs) en Fikile Magubane, sekretaris van die Nkungumathe-gemeenskap (regs), tydens die Nkandla-skoolhofsaak in Oktober 2018.

## AfriForum help om oorwinning vir Nkandla-skool te beklink

Nadat die KwaZulu-Natalse Onderwysdepartement meer as 'n dekade tevore onderneem het om 'n skool vir die Nkungumathe-gemeenskap in Nkandla te bou, moes die howe genader word om dié besluit af te dwing.

Die Mpungose- tradisionele raad en die Nkungumathe-gemeenskap het in Februarie 2017 verneem dat die skool nie meer gebou sal word nie nadat die onderwysdepartement reeds in 2007 'n nuwe skool aan die gemeenskap belowe het. Dit het die gemeenskap genoop om AfriForum om hulp te nader.

Ná 'n uitgerekte hofsaak het regter Rashid Vahed ten gunste van die gemeenskap beslis en opdrag gegee dat die skool wel gebou moet word. Dié saak is ook met koste gewen.

Vir AfriForum, wat reeds etlike Afrikaanse skole met regshulp ondersteun het om gehaltemoedertaalonderrig te beskerm, moes die leerders in Nkandla se regte op dieselfde grondslag bevorder en beskerm word.



AfriForum-personeel maak 'n veld in Pretoria skoon met die afskop van die Ankerdorppadskou.



Personeel en gemeenskapslede aan die werk in Waverley, Pretoria, as deel van AfriForum se Ankerdorppadskou.

## Ankerdorpe skoner danksy nasionale projek

AfriForum het in 2019 sy Ankerdorppadskou van stapel gestuur waartydens verskeie projekte in geïdentifiseerde ankerdorpe aangepak is. Die padskou het in Pretoria afgeskop en daarna het AfriForum-spanne in Rustenburg, George, Mbombela (voorheen Nelspruit), Tzaneen, Krugersdorp, Secunda en Bethlehem gewoeker.

Tydens die Ankerdorppadskou het AfriForum ongeveer 1 210 sakke vullis verwyder, 1 714 ure se veiligheidspatrollies afgelê, R71 650 se opknappingswerk gedoen en 400 m² gras gesny. Verder is daar 500 sakke teer gebruik om slaggate te vul, 39 skole is besoek, 3 km se padtekens is om skoolterreine geverf, 134 bome is geplant en 25 ondernemings is met onder meer middagetes bederf.

## Sukses behaal oor Rooiwal-rioolwerke

Ná 'n drie jaar lange hofgeding het die Tshwane-metro 'n skikkingsooreenkoms met AfriForum bereik oor onderhoud en herstelwerk by die Rooiwal-rioolwerke. Die metro moes ook die regskoste van die geding dra.

Dit volg nadat AfriForum-lede die agteruitgang van dié rioolwerke onder die metro se aandag gebring het, waarna die organisasie die hof in Oktober 2016 dringend genader het met 'n hofaansoek.

Die metro het onderneem om die vordering met betrekking tot die onderhoud en herstelwerk van die rioolwerke aan die hof te rapporteer, maar het versuim om dit te doen. AfriForum moes daarom die aansoek wéér op die rol plaas sodat die bevel finaal gemaak kon word. Die gebrekkige instandhouding by die Rooiwal-rioolwerke het grootskaalse besoedeling tot gevolg gehad wat veroorsaak het dat besoedelde water na onder meer die Krokodilrivier gevloei het.



Bennie Roux (middel) en mede-atlete tydens die #HardloopVirHoop-veldtog.

## #HardloopVirHoop-veldtog samel R200 000 vir plaasaanvalslagoffers in

AfriForum se traumaeenheid het met die hulp van Bennie Roux, 'n ultramarathonatleet van Centurion, ongeveer R200 000 met die #HardloopVirHoop-veldtog ingesamel om slagoffers van plaasaanvalle te ondersteun.

Roux en vyf ander atlete het van Villiers tot Fouriesburg in die Oos-Vrystaat (sowat 200 km) gehardloop om bewusmaking vir plaasaanvalle en -moorde te skep.

Gemeenskappe in die dorpe waar aangedoen is het ruim tot die projek bygedra en muntleggings is by die Hoërskool Wilgerivier in Frankfort, die Hoërskool Reitz en die Hoërskool Witteberg in Bethlehem gehou.

Roux en die eenheid het ook as deel van die veldtog plase en slagoffers van plaasaanvalle in die Oos-Vrystaat besoek.



Wilmien Potgieter, na wie die kinderslagofferfonds vernoem is.



## Fonds gestig om kinderslagoffers van plaasaanvalle te ondersteun

AfriForum het in 2019 'n slagofferondersteuningsfonds gestig vir kinders wat deur plaasaanvalle geraak word. Dié fonds is na die tweejarige plaasmoordslagoffer Wilmien Potgieter vernoem.

Wilmien en haar ouers, Wilna en Attie, is in 2010 wreed op hul plaas naby Lindley in die Vrystaat vermoor. Sy is met 'n skerp voorwerp op haar kop geslaan voordat sy geskiet is. Attie het 151 steek- en ander wonde aan sy liggaam gehad en Wilna is brutaal gemartel voordat sy in die nek geskiet is.

Dié fonds is gestig omdat AfriForum weet dat slagoffers van plaasaanvalle se wêrelde gewoonlik tot stilstand kom. Kinders is dikwels te klein om oor hul trauma en vrese te praat en ly en treur in stilte. Alhoewel elke kind trauma anders verwerk, het hulle in die meeste gevalle dringend berading nodig.

Dan ook verlaat slagoffers dikwels die plaas en weet nie hoe daar in die toekoms oorleef gaan word nie. Soms kan kinders se skoolfonds nie meer bekostig word nie of ouer kinders kan nie meer gaan studeer nie.

Dit is juis waarom die Wilmien Potgieter-fonds gestig is. Dié fonds het in 2019 ook 'n welkome hupstoot gekry nadat Robert Schoeman, 'n loodgieter van Johannesburg, sowat R10 000 vir die fonds ingesamel het deur in die Champions 4 Charity-uitdaging te boks.




Sifiso Meyiwa, Senzo se broer, Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, en adv. Elijah Mamabolo, aanklaer by AfriForum se privaatvervolgingseenheid, tydens 'n mediakonferensie oor die Meyiwa-saak.

## Privaatvervolgingseenheid verteenwoordig voormalige sokkerkaptein se familie

AfriForum het laat in 2019 saam met familielede van die ontslape sokkerheld Senzo Meyiwa vir geregtigheid gaan veg nadat daar vyf jaar ná Meyiwa se dood geen vordering gemaak is met sy moordsaak nie.

Meyiwa, 'n voormalige Bafana Bafana-kaptein, is in 2014 op 27-jarige ouderdom in 'n huis in Vosloorus doodgeskiet. AfriForum se privaatvervolgingseenheid is genader om namens die Meyiwa-familie op te tree nadat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) geen vervolging ingestel het nie.

Vyf verdagtes is later in hegtenis geneem op aanklagte van moord, poging tot moord, gewapende roof, die besit van vuurwapens sonder 'n lisensie en die besit van ammunisie. Hulle het onskuldig op dié klagte gepleit. Dié saak is verskeie kere uitgestel en vertraag en is teen 2026 steeds nie afgehandel nie.

## Malema dok op vir grondgryp

AfriForum het die ongeveer R235 000 – wat sowel Julius Malema, leier van die EFF, as die EFF aan AfriForum betaal het nadat vyf kostebevele teen hulle bekom is – aangewend om grondgrype in die howe teen te staan. Een so 'n saak het tot 'n oorwinning teen onwettige grondgrypers en die SAPD in die Hooggeregshof in Pretoria gelei.

Hierdie oorwinning volg ná 'n dringende aansoek gebring is om die SAPD te verplig om grondgrypers te verwyder wat grond onwettig in De Wildt, Noordwes, beset het.

Die SAPD het 15 dae nadat die grondgrype begin het geensins teen die oortreders opgetree om die privaat eiendom te beskerm nie.

Volgens AfriForum was dit ironies dat Malema inderwaarheid betaal om grondgrype hok te slaan nadat hy sy ondersteuners vroeër aangemoedig het om grond onwettig te beset.

## AfriForum verhoed omstrede tariefverhogings deur Tshwane-metro

AfriForum was in 2019 genoop om die hof namens inwoners van die Tshwane-metro te nader nadat dié metro kragtariewe verhoog het sonder die goedkeuring van die nasionale energiereguleerder (NERSA).

Die metro moes inwoners om verskoning vra nadat die aanvanklike voorgestelde tariewe tot groot ongelukkigheid gelei het. Nadat AfriForum ingegryp het, het die metro besluit om eers op NERSA se goedkeuring te wag voordat hy kragtariewe verhoog.

Die energiereguleerder het beslis dat die metro 'n verhoging van 13,07% mag instel.

Die metro het aanvanklik volgehou dat hulle die uitvoerende gesag is en daarom 'n verhoogde tarief sonder die nodige goedkeuring kon implementeer.

Volgens AfriForum was die metro nie by magte om die tarief te implementeer nie.



Adv. Gerrie Nel

## Adv. Gerrie Nel in hof namens familie van voormalige Rwandese intelligensiehoof


AfriForum se privaatvervolgingseenheid het in September 2019 'n oorwinning behaal nadat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) dié eenheid in kennis gestel het dat lasbriewe bekom is vir die inhegtenisname van twee van die vier vermeende moordenaars van kol. Patrick Karegeya, voormalige Rwandese intelligensiehoof.

Karegeya is in 2013 in 'n hotel verwurg en dood in sy hotelkamer by die Michelangelo Hotel in Sandton gevind. Hy het asiel in Suid-Afrika gesoek nadat hy uit Rwanda gevlug het.

AfriForum se privaatvervolgingseenheid is namens Karegeya se familie en ander partye genader om vas te stel waarom sy dood nie behoorlik ondersoek is nie sodat die verantwoordelike persone in hegtenis geneem en vervolg kan word.

AfriForum se Privaatvervolgingseenheid wat teen 2019 reeds groot suksesse behaal het. Agter v.l.n.r. is Andrew Leask, hoofondersoeker; Wico Swanepoel, prokureur; Chris Gouws, senior ondersoeker; Elias (Slang) Maangwale, senior ondersoeker; Andrew Ludik, senior ondersoeker; adv. Phyllis Vorster, aanklaer; adv. Elijah (Tiger) Mamabolo, aanklaer; en Nantes Kelder, senior ondersoeker. Voor sit Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, en adv. Gerrie Nel, hoof van die eenheid.





Phillip Schutte en Pieter Doorewaard

## Twee van Coligny onskuldig bevind

Phillip Schutte en Pieter Doorewaard van Coligny is in 2020 in die Appèlhof in Bloemfontein onskuldig bevind aan alle aanklagte teen hulle.

Schutte en Doorewaard is daarvan beskuldig dat hulle in 2017 vir die tiener Matlhomola Mosweu se dood verantwoordelik was. Hulle het Mosweu betrap waar hy sonneblomme gesteel het. Nadat regter Ronnie Hendricks hulle in 2019 skuldig bevind het in dié saak het hulle egter daarna spesiale verlof gekry om direk by die Appèlhof in Bloemfontein teen hul skuldigbevinding te kan appelleer.

AfriForum het die mans ondersteun en die koste vir die Appèlhof betaal. Adv. Barry Roux het die mans verteenwoordig.Die burgerregteorganisasie het besluit om regs- en ander bystand aan die twee mans te bied nadat dit aan die lig gekom het dat die enigste ooggetuie in die saak, Bonakele Pakisi, erken het dat hy tydens sy getuienis in die hof gelieg het dat hy gesien het hoe die tiener vermoor is.

Die mans was 13 maande lank in aanhouding voor hulle op borgtog van R20 000 elk vrygelaat is.

## Appèlhof sê nee vir net Engels by Unisa

Nadat die Hooggeregshof in Pretoria in 2018 ten gunste van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) se Engelse taalbeleid beslis het, is verlof aan AfriForum toegestaan om teen dié uitspraak te appelleer.

Die organisasie en sy regspan het besluit dat dit noodsaaklik is om te appelleer, aangesien die beskerming van taalregte noodsaaklik is vir gehalteonderwys in die land en die toekomstige stand van die ekonomie direk raak.

In 2020 het die Appèlhof egter ten gunste van AfriForum se saak vir die behoud van Afrikaans as volwaardige onderrigtaal by Unisa beslis – 'n uitspraak wat as 'n reuseoorwinning vir Afrikaans beskou is.

Die hof het bevind dat Unisa se taalbeleid, wat slegs vir Engels as primêre medium van onderrig voorsiening maak, ongrondwetlik en onregmatig is. 'n Kostebevel is ook teen Unisa gemaak.





Die kwarantynkamp buite Groblersdal

## AfriForum behaal verskeie oorwinnings teen inperkingsmaatreëls

Talle individue en groepe het AfriForum sedert die staat van inperking afgekondig is, genader om in te gryp by die ongrondwetlike en irrasionele regulasies wat die regering in verband met die kwarantyn aangekondig het. Dit het tot verskeie oorwinnings in die hof gelei.

In een aansoek wat in die Hooggeregshof in Pretoria gebring is, het die hof gelas dat 'n kwarantynkamp buite Groblersdal, Mpumalanga, wat in 'n haglike toestand was, gesluit moes word.

Nóg 'n oorwinning is in dieselfde hof behaal toe 'n dringende aansoek toegestaan is wat dr. Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, se kwarantynregulasies (wat selfisolasie verbied het) ongeldig verklaar het. AfriForum het aangevoer dié regulasies is drakonies en daarop gemik om almal wat positief vir COVID-19 toets onder verpligte staatskwarantyn te plaas.

'n Verdere oorwinning is behaal toe leerders van Grey Kollege in Bloemfontein, wat in staatskwarantyn geplaas is, in die sorg van hul ouers vrygelaat en toegelaat is om self te isoleer. Dít het gevolg nadat Willie Spies, AfriForum se regsverteenwoordiger, 'n skrywe aan die ministers van Gesondheid, Basiese Onderwys en Samewerkende Regering en Tradisionele Sake gerig het om leerders se selfisolasie te eis.

## Privaatvervolgingseenheid tree op teen magsmisbruik

AfriForum se privaatvervolgingseenheid het in 2020 daarin geslaag om die staat te oorreed om klagtes teen gemeenskapslede van Dwarskersbos terug te trek vir die beweerde oortreding van inperkingsregulasies. Dié inwoners het tydens die inperking deurgeloop weens die beweerde onbillike en arbitrêre magsmisbruik van Jerome Pedro en Tertius Pool, verkeersbeamptes van die Bergrivier Plaaslike Munisipaliteit, asook adv. Hanlie Linde, die munisipale bestuurder.

AfriForum het Ludwig Gericke ondersteun nadat Pedro hom glo, voor sy vrou en jong kinders, hardhandig behandel en in hegtenis geneem het.

Linde het die aanvanklike ondersoek teen Pedro behartig, maar bevind dat niks met sy optrede teenoor Gericke geskort het nie.

Die eenheid het gemeenskapslede ondersteun in die munisipale ondersoek na Pool, Pedro én Linde se beweerde wangedrag.

Adv. Etienne Vermaak het as voorsitter van dié ondersoek opgetree en sy bevindings en aanbeveling aan die munisipale raad gestuur vir verdere optrede.

Die eenheid het later verneem dat dissiplinêre optrede ná afloop van 'n spesiale sitting van die munisipale raad teen Pedro geneem gaan word, maar dat geen aksie teen Linde geneem gaan word nie. Die munisipale verhoor het wel plaasgevind, maar is nie na wense afgehandel nie en die saak is na die Wes-Kaapse LUR vir Samewerkende Regering verwys.

## AfriForum dien klagtes by VN in oor drakoniese COVID-19-regulasies

AfriForum het klagtes by die Verenigde Nasies (VN) ingedien teen die ANC-regering wat tydens die COVID-19-pandemie sy rasse-ideologie bevorder het ten koste van minderheidsgroepe. Die klag is by dr. Fernand de Varennes, die VN se spesiale rapporteur vir minderheidskwessies, ingedien en daar is ook versoek dat hy ondersoek instel na die wyse waarop die regering die COVID-19-pandemie misbruik om 'n diskriminerende rasse-ideologie op die samelewing af te dwing.

AfriForum het die regering ook by die VN se Hoë Kommissaris vir Menseregte verkla oor die drakoniese regulasies en die gewelddadige afdwinging van die staat van inperking om die COVID-krisis te bekamp.

Van die regulasies wat ingestel is, het die volgende behels:

- 'n totale inperking en 'n aandklokreël;
- 'n reisverbod tussen provinsies;
- die verbod op besoeke aan strande, wildreservate, opelugmuseums, teaters en parke;
- 'n verbod op oefening, wat stap en draf ingesluit het;
- 'n verbod op die koop van sekere kledingstukke;
- 'n verbod op die verkoop van alkohol en tabakprodukte;
- die sluiting van feitlik alle ondernemings;
- die verbod om te werk, behalwe in die geval van nooddienswerkers;
- 'n verbod op die vervoer van kinders van geskeide ouers tussen provinsies; en
- 'n verbod op die koop van tuingereedskap, selfone, rekenaars, speelgoed, toebehore vir persoonlike higiëne en naaldwerk.



Izel Kruger van AfriForum se traumaeenheid deel 'n boks met voedsel en ander benodighede uit.

## AfriForum en ander organisasies versprei voedsel na behoeftiges

AfriForum, die Suider-Afrika Agri Inisiatief (Saai) en Solidariteit Helpende Hand het aan die begin van die COVID-19-pandemie 'n taakspan op die been gebring wat voedsel en noodsaaklike items aan gemeenskappe landwyd versprei het. Vanaf Maart tot Julie 2020 het die taakspan in samewerking met ander organisasies meer as 600 ton kos aan 15 000 mense versprei.

Ondanks pogings deur die regering om voedselverspreiding te sentraliseer, het die taakspan in Mei 2020 meer as 20 ton sitrusprodukte aan tehuise in die Pretoria- en Benoni-omgewing afgelewer.

AfriForum se takke het ook saam met organisasies in hul onderskeie dorpe gewerk om voedsel aan behoeftige gesinne en tehuise uit te deel.

Vandat die pandemie aangekondig is tot Julie 2020 het AfriForum-takke meer as 3 800 liter handreiniger en sowat 2 750 gesigmaskers geskenk.

AfriForum se Gemeenskapsveiligheidsafdeling het ook kort nadat die staat van inperking afgekondig is, byna 5 000 bottels handreiniger aan polisiestasies in Gauteng geskenk om hul risiko om COVID-19 op te doen tydens die uitvoer van hul pligte, te verlaag. Ondanks polisielede van dié stasies se pleidooie om hulp, het die provinsiale polisiebestuur in Gauteng aanvanklik aangedring op die weiering van handreiniger.




Alta Pretorius, distrikskoördineerder by AfriForum, en Betsie Kruger, hoof van die Gereformeerde Skool Wolmaransstad, by die skolehulppakket wat afgelewer is.

Die Solidariteit Beweging, AfriForum, Solidariteit en Helpende Hand het in Maart 2020 omvattende planne bekend gemaak om COVID-19 te bestry. Die Beweging het ook 'n aanbod aan die regering gemaak om saam te werk om die verspreiding van die virus te keer en die impak van die drastiese maatreëls te versag.



## Meer as 500 skole ontvang COVID-hulppakkette

AfriForum Onderwys en AfriForum Jeug het in samewerking met die organisasie se takstrukture 'n skolehulppakketprojek van stapel gestuur om kwintiel 4- en 5-skole landwyd te help. Dit volg nadat Angie Motshekga, minister van Onderwys, aangedui het dat die regering net kwintiel 1- tot 3-skole, wat skole in die armste gemeenskappe is, met COVID-19-maatreëls en -hulpmiddels sal ondersteun.

Alle skole is in Maart 2020 gesluit weens die pandemie. Skole het egter in Junie vir graad 7- en graad 12-leerders heropen. Honderde skole het AfriForum om hulp genader omdat hulle nie vir die bykomende uitgawes wat COVID-19 meegebring het, begroot het nie.

AfriForum se skolehulppakket het bestaan uit COVID-19-inligtingstukke, patrone vir gesigmaskers, klaskamerplakkate, elektroniese termometers, handreiniger en handreinigerstaanders. Die waarde van 'n pakket het sowat R6 500 beloop.

Meer as 400 000 liter handreiniger, 20 000 plakkate, 500 termometers en 500 handreinigerstaanders is in totaal na skole oor die hele land heen versprei.

Die organisasie het sommige skole ook ondersteun met die ontsmetting van klaskamers.



Dr. Ernst Roets, destyds AfriForum se hoof van Beleid en Aksie, en Monique Taute, die organisasie se voormalige hoof van Veldtogte, tydens hul besoek aan die VSA.

## Buitelandse druk gevra met #DieWêreldMoetWeet-veldtog

AfriForum het in Februarie 2020 'n skakeltoer na Washington DC onderneem om steun te werf teen die skending van minderhede se regte in Suid-Afrika. Hierdie toer was deel van die organisasie se #DieWêreldMoetWeet-veldtog.

Die doel van hierdie veldtog was om die buiteland in kennis te stel van die situasie in Suid-Afrika, asook om besluitnemers en meningsvormers te kry om in die openbaar standpunt in te neem.

Terwyl AfriForum in die VSA was om besluitnemers in te lig oor die negatiewe gevolge van onteiening sonder vergoeding en om die Amerikaanse regering aan te spoor om sterker in die openbaar standpunt in te neem het Mike Pompeo, die Amerikaanse minister van Buitelandse Sake, hom sterk in die openbaar hieroor uitgespreek. Hy het onteiening sonder vergoeding in Suid-Afrika as 'n rampspoedige idee beskryf wat negatiewe gevolge vir die ekonomie sal inhou.

AfriForum het ook vroeg in 2020 'n beleggersgids gepubliseer om buitelandse beleggers oor die gevare van onteiening sonder vergoeding in Suid-Afrika te waarsku.

## Boks vir ’n boer-projek help boere in nood

Ná verwoestende brande meer as 100 000 ha weiding vernietig het, het AfriForum en ander organisasies saamgespan om boere en hul gesinne te ondersteun.


Van die gebiede wat geraak is sluit in Hertzogville, Dealesville, Hoopstad, Bultfontein, Warrenton, Boshof, Vryburg en ander dele van die Noord-Kaap wat vir ’n paar jaar onder erge droogtes gebuk gegaan het.

Die publiek het duisende bokse met blikkieskos, langlewemelk, toiletware, suiker, meel, koffie, tee, beskuit en medisyne by AfriForum se hoofkantoor in Centurion afgelaai, terwyl verskeie ander dorpe ook versamelpunte vir die Boks vir ’n boer-projek was.

Vragmotors met vragte van dié bokse en honderde ton voer is na die gebiede gestuur waar plaaslike landbou-organisasies dit aan boere versprei het.

AfriForum het meer as R4,5 miljoen ingesamel in samewerking met ander organisasies soos Agri NW, Vrystaat Landbou, Caring Daisies, Gift of the Givers, Saai, Solidariteit Helpende Hand, TLU Noordwes, Vuilskapie, Boeredroogtehulp SA, Save the Sheep, Droogte Hulp en Boere in Nood. Dié fondse is aangewend om boere te ondersteun wat in nood verkeer het.

Duisende bokse met kos, toiletware en medisyne is by AfriForum se hoofkantoor in Centurion afgelaai om boere in nood te help ná derduisende hektaar weiding in brande vernietig is.







Die bemarkings-plakkaat van *Die Parkie Storie*

## Forum Films stel eerste kortfilm bekend

Forum Films (deesdae bekend as AfriForumTV) se eerste kortfilm, *Die Parkie Storie*, is in September 2020 bekendgestel.

*Die Parkie Storie* handel oor Luan, ’n weeskind met Superman-kragte, wat ’n ogie op ’n oulike kelnerin het. Luan wil die parkie en sy mense teen ’n gewetenlose rampokker beskerm, maar kom gou agter dat hy die aandag van ’n klompie gevaarlike mense getrek het.

Verskeie bekende akteurs soos André Odendaal, Robbie Wessels, Chris Chameleon, Angelique Gerber en Riaan Cruywagen is ook in dié film te sien.

Die verfilming van die kortfilm het in 2018 begin. Altesaam 59 mense het aan die kortfilm gewerk en dit het 9 800 uur geneem om by die eindproduk uit te kom.

# 2021

Die burgerregtewaghond het gedurende sy 15de bestaansjaar verskeie redes gehad om die vonkelwyn nader te trek. AfriForum Teater het sy deure amptelik geopen, die 300 000-ledekerf is verbygesteek en geregtigheid het in verskeie opsigte geskied.



Naas le Roux is in Januarie 2021 gearresteer nadat hy die aandklokreël noodgedwonge moes breek om formulemelk vir sy pasgebore baba te gaan koop.


Adv. Gerrie Nel van AfriForum se privaatvervolgingseenheid by Ilze en Dirk Visser, inwoners van Dwarskersbos. Die eenheid het toegesien dat klagtes rakende die beweerde oortreding van inperkingsregulasies teen inwoners hier teruggetrek kon word.

## AfriForum staan SAPD-magsvergrype gedurende inperking teen

Teen Januarie 2021 was die inperking weens COVID-19 steeds volstoom in effek. Die inperkings-maatreëls het die deur wawyd oopgelaat vir SAPD-lede om misbruik te maak van hul posisie in hierdie tyd. AfriForum se privaatvervolgingseenheid het verskeie individue, 'n bekende restaurant en 'n gemeenskap ondersteun om hierdie magsvergrype te beveg.

Naas le Roux, oftewel "die formulemelkpa", is op 7 Januarie 2021 in hegtenis geneem ná hy die aandklokreël moes oortree om dringend formulemelk vir sy pasgebore baba te gaan koop omdat sy vrou, Natasha, borsvoedingprobleme ervaar het. Hy is sowat 250 m van sy huis af deur twee SAPD-konstabels afgetrek. Hy het die situasie aan hulle probeer verduidelik, die formulemelk en selfs die betaalstrokie aan hulle gewys, maar hulle het geweier om na rede te luister. Le Roux is toegelaat om sy vrou te bel, wat die sowat 250 m met haar pasgebore baba na die voertuig moes stap om die formulemelk te kry. Le Roux is na die Wierdabrug-polisiestasie in Centurion geneem en eers die volgende dag vrygelaat. AfriForum se privaatvervolgingseenheid het 'n waaksaamheidsopdrag in hierdie saak bekom en vertoë aan die aanklaer gerig oor waarom Le Roux nie vervolg moet word nie. Die klagtes teen hom is laat vaar voor hy in die Pretoria Landdroshof kon verskyn.

Die privaatvervolgingseenheid kon ook daarin slaag om die staat te oorreed om klagtes teen gemeenskapslede van Dwarskersbos vir die beweerde oortreding van inperkingsregulasies terug te trek. Dié inwoners is elk afsonderlik aangekla of in hegtenis geneem omdat hulle op die strand gestap het.

## Unisa-taalbeleid 'n finale nekslag toegedien in Konstitusionele Hof

AfriForum vier in 2021 'n reuseoorwinning ná 'n uitspraak in die Konstitusionele Hof uiteindelik 'n vyf jaar lange stryd vir Afrikaans as onderrigtaal by die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) tot 'n einde gebring het. Dié uitspraak is as 'n groot oorwinning vir Afrikaans, Afrikaanse studente en taalregte in die land bestempel. Die Konstitusionele Hof het die Hoogste Hof van Appèl se bevinding dat Unisa se destydse taalbeleid – wat slegs vir Engels as primêre medium van onderrig voorsiening gemaak het – ongrondwetlik was, gehandhaaf.

Regter Steven Majiedt het tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n onegte weergawe van Afrikaans, die taal se ontwikkeling en heersende plek in die samelewing is wat reggestel moet word. Volgens Majiedt is die geskiedenis van Afrikaans veelvuldig in sy fasette, en kan die vestiging en bestaan van 'n taal nie net toegeskryf word aan een enkele rasgroep nie.

Hoewel die uitspraak slegs in Engels gelewer is, is dit in beide Afrikaans en Engels beskikbaar gestel. Dít het die impak van Majiedt se uitspraak soveel groter gemaak.



## AfriForum #VegEnBou met mening

Hoewel AfriForum se veg-en-bou-plan reeds in 2020 begin het, was 2021 die jaar waartydens dié plan behoorlik vlerke gekry het. Die veg-en-bou-plan behels dat AfriForum nie net links en regs houe uitdeel aan onbekwame politici en staatsdepartemente nie, maar dat die organisasie ook aktief teen agteruitgang veg deur te bou aan volhoubare oplossings.

Dit is dan ook die veg-en-bou-plan wat MD Greyling, sanger en omroeper by Pretoria FM, geïnspireer het om die liedjie "Veg-en-bou" vir AfriForum te skryf. Hy skryf onder meer: "Doen die beste wat jy kan, al is dit min, al wil jy val." Dié lirieke dui op die organisasie se vermoë om meer te doen met minder hulpbronne, al lyk die taak soms onmoontlik.

AfriForum veg-en-bou stééds.



AfriForum het talle #VegEnBou-aksies aangepak, een van hierdie skoonmaakaksies het by die Voortrekkermonument plaasgevind.

## PSiRA-registrasie vir Forum Sekuriteit

Forum Sekuriteit, AfriForum se eie privaat sekuriteitsmaatskappy, is in 2021 amptelik deur PSiRA (Private Security Industry Regulatory Authority) as sekuriteitsmaatskappy geregistreer. Dit het Forum Sekuriteit in staat gestel om met die volwaardige opleiding van sekuriteitsbeamptes te begin. Die maatskappy is daarop toegespits om mense met die korrekte kennis, vaardighede en gesindhede toe te rus om beskermingsdienste sowel proaktief as reaktief tydens veiligheidsbedreigings te kan lewer.

Vandag strek Forum Sekuriteit se kliëntebasis van Polokwane (voorheen Pietersburg) tot in die Kaap. Dié privaat sekuriteitsmaatskappy het 54 wagte op 9 persele en moniteer 311 veiligheidskameras vir 26 verskillende kliënte.

AfriForum se span in Kaapstad: Mark Kuys (veiligheidshoof vir die suidstreek), Deon de Jager (streekshoof vir die suidstreek), Minique Valverde-Scott (hoof van Projekte), Tommy van Zyl (verbonde aan AfriForum), Johardt van Heerden (distrikskoördineerder vir die Boland) en Bernard Pieters (verbonde aan AfriForum)





William Waugh, AfriForum se hoof van Organisasiebou, spreek die gaste toe gedurende die amptelike opening van AfriForum se streekkantoor in die Wes-Kaap.

## Kapenaars kry 'n AfriForum-streekkantoor

AfriForum open op 6 Mei 2021 amptelik die deure na sy streekkantoor in Durbanville in die Wes-Kaap. Op daardie stadium was sowat 40 000 van AfriForum se lede in die Wes-Kaap woonagtig en het dit uit gesprekke op grondvlak duidelik geword dat daar ook onder Wes-Kapenaars 'n behoefte is dat AfriForum sy veldtogte en projekte veral ten opsigte van kwessies soos korrupsie en grondbesetting, omgewingsake en gemeenskapsveiligheid hier moet uitbrei.

William Waugh, hoof van Organisasiebou by AfriForum, het ten tyde van hierdie opening gesê dat die groeiende outonomie van die Wes-Kaap 'n belangrike deel van die organisasie se strategie vorm. Die organisasie beskou die desentralisering van mag as 'n oplossing vir talle kwessies in die land, maar meen dat die druk vir groeiende outonomie in die Wes-Kaap dié provinsie veral in 'n besonder belangrike posisie plaas. Volgens Waugh was een van AfriForum se hoofdoelwitte in die Wes-Kaap om sterker gemeenskappe te help ontwikkel. "Sterker gemeenskappe het 'n sterker vlak van besluitneming oor hul toekoms en ons wil hoop skep vir daardie toekoms," het Waugh gesê.

2021


## AfriForum kry 'n teater

Afrikaanse kunste kry in Maart 2021 met die opening van AfriForum Teater se deure 'n nuwe tuiste. Hierdie teater het sommer vinnig die nuwe bymekaarkomplek vir gemeenskappe geword waar hulle, benewens optredes en produksies, ook ander kunsvorme kan besigtig en selfs beoefen.

Ten tyde van die opening het Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, na die teater verwys as 'n monument wat die organisasie in weerwil van die agteruitgang in die land oprig.

AfriForum Teater het sedert sy opening in 2021 talle uitstekende produksies op die planke gehad, waaronder *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel*, *Die Kaplyn* en *Semi-Soet – die musiekblyspel.* Verskeie kunstenaars het ook oor die afgelope vyf jaar die verhoog by AfriForum Teater betree, insluitend Neil Sandilands, Juan Boucher, Danie Reënwolf en Amanda Strydom.

Hierdie teater maak egter nie net plek vir bekendes nie, maar het ook oor die jare aan skole en nuwelinge in die teater- en musiekbedryf die geleentheid gebied om hul produksies vlerke te gee in 'n regte teater. AfriForum Teater het hoop geskep in 'n onsekere tyd en aan kunstenaars 'n geleentheid gegee om stadig maar seker weer hul plek in die bedryf vol te staan ná die pandemie die mat onder hulle uitgeruk het.



Frank Opperman voer die eenmanstuk Donkie (deur Dana Snyman) op die AfriForum Teater-verhoog op tydens die amptelike opening van dié teater.



Jannie du Toit in September 2021 by die AfriForum Teater



Roan Ash in Mei 2021 by die AfriForum Teater



Sorina Erasmus, beter bekend as Die Flooze, en die Tjominis het die AfriForum Teater in Mei 2021 besoek.

## AfriForum help met fonds vir Olimpiese medaljewenners

AfriForum het in 2021 R100 000 ingesamel en aan die Spansaam-fonds bygedra wat onder meer ook Atterbury, Velilo Tinto & Associates, USN, Fledge Capital en Transaction Capital as borge ingesluit het.

Dit het gevolg ná dit aan die lig gekom het dat die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) nie die geld gehad het om die swemmer Tatjana Schoenmaker en die branderplankryer Bianca Buitendag te beloon vir hul prestasies tydens die Olimpiese Spele in Tokio nie.

AfriForum het 'n veldtog van stapel gestuur om fondse in te samel vir die twee Olimpiese helde en om Nathi Mthethwa, destydse minister van Sport, Kuns en Kultuur, se bedanking te eis.

Uiteindelik het Schoenmaker met R600 000 weggestap vir haar goue en silwer medaljes en Buitendag met R200 000 vir haar silwer medalje.

"Ons het hierdie veldtog geloods om fondse in te samel om ons atlete te ondersteun en te vergoed vir die harde werk wat hulle gedoen het. Hierdie atlete skep hoop en trots vir jongmense en toekomstige atlete met hul prestasies op die grootste wêreldverhoog," het Ronald Pieters, toenmalige bestuurder van AfriForum Sport, gesê.


Die Bethal-tak het in 2021 met hul eerste spinasie-oes van hul groentetonnelprojek gespog.

## Groente en vrugte by dosyne

AfriForum se takke in Christiana en Bethal het weliswaar gewys waar Dawid die wortels gegrawe het toe hulle hul mengelmoes groente en vrugte geoes het wat hulle gedurende 2020 geplant het.

In Christiana is daar iets vir elke smaak geoes – van beet tot soetrissies.

Die Bethal-tak het in hierdie tyd met hul eerste spinasie-oes van hul groentetonnelprojek gespog. Tussen 3 ton en 5 ton groente word per jaar hier geoes en word onder meer aan sopkombuise, tehuise en skole geskenk.

## Goeie samewerking lewer suksesvolle oes

Die eerste mielies van die gesamentlike landbouontwikkelingsprojek wat deur AfriForum, Pioneer, Saai, Agri All Africa, Purposely Ignited en die Boiphitlhelelo Koöperatief van die Noga's Post-gemeenskap onderneem is, is in 2021 suksesvol geoes.

Dit het gevolg ná hierdie organisasies in 2020 hande gevat het om die Noga's Post-gemeenskap in Thaba 'Nchu met hierdie ontwikkelingsprojek te ondersteun nadat gemeenskapslede reeds onder leiding van hul tradisionele leier *Kgosatsana* (nou *Kgosi*) Gaboilelwe Moroka self suksesvol mielies en groente tydens die vorige plantseisoen geproduseer het.

AfriForum se afdeling vir Interkulturele Verhoudings en Samewerking het oor die afgelope vyf jaar soortgelyke suksesse saam met die Noga's Post-gemeenskap behaal en die organisasie bly daartoe verbind om tradisionele gemeenskappe toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om nood in hul omgewing op 'n volhoubare wyse te verlig.

Benewens 'n suksesvolle mielie-oes het AfriForum ook in 2021 'n verslag bekendgestel wat 'n uiteensetting gegee het van die gedeelde geskiedenis tussen Afrikaners en verskeie ander plaaslike gemeenskappe, waaronder die Swazi's, die Bapedi's, die Barolong ensovoorts. Barend Uys, toe hoof van Navorsing by AfriForum, het gemeen dat dit belangrik is dat verskillende kultuurgemeenskappe moet saamwerk om gedeelde geskiedenis te ondersoek en te dokumenteer. "Dit is belangrik sodat ons goeie verhoudings kan bou, wedersydse begrip kan verbeter en die lesse kan leer wat nodig is om te keer dat ons foute herhaal."

Jantjies Joseph, Barend Uys, Richard Hlalele, Vinoliah Koro, Alina Seoela, Jemina Mbali en Jan van der Merwe gedurende die eerste oes van die gesamentlike landbouprojek by Noga's Post.



2022



AfriForum Teater se eenjaarmylpaal is gevier met die opvoering van *Die Gelofte: 'n Musiekblyspel*.






'n Skermgreep uit die kortfilm *Die val*.

Kallie Kriel (uitvoerende hoof van AfriForum) en aktrise Nadia Beukes, die seremoniemeester, tydens die bekendstelling van AfriForumTV in Kaapstad.

Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, en Michelle de Beer, 'n pleegouer, buite die Landdroshof in Brits tydens Gerhard Viljoen se hofverskyning.



## Privaatvervolgingseenheid staan op teen kindermishandeling

Gerhard Viljoen van Brits in Noordwes is in Februarie 2022 effektief agt jaar tronk toe gestuur nadat hy sy voormalige vriendin se ses weke oue baba in Oktober 2020 onder meer met droë ys gebrand en met 'n roerspaan aangerand het. Hy is 'n minimum vonnis van tien jaar, waarvan twee jaar opgeskort is vir 'n termyn van vyf jaar, in die Hooggeregshof in Pretoria opgelê. AfriForum se privaatvervolgingseenheid het ingevolge 'n waaksaamheidsopdrag tot die saak toegetree. Die eenheid het in Julie 2021 sy betrokkenheid by dié saak aangekondig.

## Matriekuitslaesaak: Groot wen in openbare belang

Die Hooggeregshof in Pretoria se beslissing in Januarie 2022 dat dit in die openbare belang is dat die matriekklas van 2021 se uitslae in die media bekendgemaak en gepubliseer word, was nóg 'n pluimpie in die hoed van AfriForum. AfriForum en kie het 'n dringende aansoek gebring nadat die Departement van Basiese Onderwys (DBO) aangekondig het dat die uitslae nie in 2022 soos voorheen in die media beskikbaar gemaak gaan word nie. Die departement het sy besluit gegrond op die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (Popi-wet) wat in Julie 2021 van krag geword het.

Dit was egter nie die einde aan dié sage nie. Teen einde 2024 het die Inligtingsreguleerder (IR) die Hooggeregshof in Pretoria genader om te probeer verhoed dat die DBO die 2024-matriekuitslae in die media bekendmaak. Omdat AfriForum by die oorspronklike saak betrokke was, is die organisasie en ander partye ook tot dié saak gevoeg. Die IR se aansoek om 'n interdik daarteen te verkry het egter in Januarie 2025 misluk, waarna die saak oor die meriete in Oktober 2025 gevolg het. In Desember 2025 het die volbank regters in hul uitspraak bevestig dat matriekuitslae wel op openbare platforms gepubliseer mag word. Verder is bevind dat die gebruik van eksamennommers as enigste identifikasiemiddel voldoende beskerming vir matrikulante se privaatheid bied en dat die DBO regmatig opgetree het deur nie gehoor te gee aan die IR se opdrag om nie die uitslae te publiseer nie. Die IR het intussen in Maart 2026 aansoek om verlof tot appèl gedoen. Teen druktyd was uitspraak nog nie gelewer nie.



Lizel Visagie (links) saam met haar dogter, Carize, in gelukkiger dae. Lizel is in 2019 in Middelburg doodgery.

## Tronkstraf vir man wat Middelburg-vrou doodry

Die stryd om geregtigheid het vrugte afgewerp toe Lizel Visagie (38) van Middelburg se moordenaar in Januarie 2022 effektief vyf jaar tronk toe gestuur is in die Middelburg Streekhof. Khumbulani Malinga het haar in 2019 in Middelburg doodgery toe hy 'n rooi verkeerslig verontagsaam en vir die metropolisie weggejaag het. Hy is tot agt jaar gevangenisstraf gevonnis, waarvan drie jaar vir vier jaar opgeskort is, mits hy nie aan 'n soortgelyke misdryf skuldig bevind word nie. Marie Hamman, Visagie se ma, het die privaatvervolgingseenheid genader nadat die saak teen Malinga stadig gevorder het. Dié eenheid het in September 2020 'n skrywe aan die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) gerig toe die saak reeds 'n jaar lank gesloer het.




## AfriForum Teater vier eerste bestaansjaar

AfriForum Teater in Pretoria het in 2022 een jaar oud geword. In net een jaar was daar meer as 200 vertonings op die planke waarvoor meer as 17 000 kaartjies verkoop is. Die eenjaarmylpaal is gevier met die opvoering van Die Gelofte: 'n Musiekblyspel. Vertonings van die musiekblyspel was gou uitverkoop, waarna die speelvak in Junie en September gevolglik verleng is. Die blyspel is 'n gesamentlike projek van AfriForum en Inhoud Huis Musiek. Meer as 13 000 teatergangers het na die musiekblyspel gaan kyk. AfriForum Teater se eie tegniese operateur, Pieter-Louis van Twisk, het later daardie jaar ook die Naledi-toekenning vir Beste Klankontwerp gewen vir Die Gelofte: 'n Musiekblyspel.



Du Toit Genis van Pretoria kon danksy AfriForum se ingryping as sielkundestudent by die RGBSA geregistreer word.

## Groot oorwinning vir Afrikaans en geregtigheid

AfriForum en sy regsverteenwoordiger Hurter Spies Ing. het in Februarie 2022 'n belangrike oorwinning vir Afrikaans en geregtigheid behaal toe 'n sielkundestudent ondersteun is om by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (RGBSA) te registreer. Du Toit Genis (29) het AfriForum uit radeloosheid genader nadat die RGBSA hom nie as 'n sielkunde-intern wou registreer nie omdat sy honneursgraadsertifikaat van die Universiteit van Pretoria (UP) in Afrikaans is. Hy is uiteindelik geregistreer ná druk deur AfriForum en Hurter Spies Ing. 'n skrywe hieroor aan die raad gestuur én 'n semidringende hofaansoek gebring het. Die saak is teruggetrek nadat Genis 'n bewys van registrasie ontvang het.

AfriForum Jeug het in Februarie 2022 ook 'n oorwinning oor die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) behaal vir 'n groep van die studente wat die organisasie om hulp genader het ná NSFAS in 2020 sowat 5 000 studente se befondsing teruggetrek het. Die saak teen NSFAS is in die Hooggeregshof in Kaapstad aangehoor. NSFAS het beweer die studente was oneerlik met hul aansoeke en het ook SMS-boodskappe aan die studente gestuur waarin beweer is dat inligting van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ontvang is wat aandui dat die studente se huishoudelike inkomste meer as R350 000 per jaar is. In die hof is erken dat NSFAS nie die inligting van die SAID ontvang het nie, maar wel van 'n kredietagentskap wat bloot huishoudelike inkomsteskattings gemaak het.

## AfriForum verhoed verskuiwing van gestremde inwoners

AfriForum het in September 2022 daarin geslaag om te verhoed dat inwoners van die Sunfield-tehuis Fortuna, 'n tehuis vir fisiek en verstandelik gestremde persone in Balfour, Mpumalanga, verskuif word. Die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het nie net vir 15 jaar geweier om dié tehuis se subsidiebedrag te verhoog nie, maar het ook gedreig om van die inwoners na ander tehuise te verskuif. Nadat AfriForum in Augustus 2022 in 'n prokureursbrief aan die departement geëis het dat hulle die besluit om die inwoners te skuif moet heroorweeg en die subsidiebedrag dienooreenkomstig aanpas, was die organisasie genoodsaak om die hof te nader toe die departement nie op die brief gereageer het nie. Die regter in Mpumalanga se Hooggeregshof in Mbombela (voorheen Nelspruit) het eindelik 'n bevel toegestaan wat die departement verhoed om enige inwoner te skuif. AfriForum se regstryd teen die departement was egter nog nie verby nie en in Januarie 2024 het die organisasie nóg 'n oorwinning in dieselfde hof behaal. Die uitspraak het onder meer beveel dat die 2024/2025-subsidie op 'n maandelikse bedrag, soos bepaal deur die hof, betaal moet word en dat die jaarlikse verhoging op grond van verbruikersprysindeks (VPI) begroot en betaal moet word. In Julie 2024 het die Sunfield-tehuis Fortuna vir die eerste keer die verhoogde subsidiebedrag ontvang wat AfriForum in die skikkingsooreenkoms met die departement onderhandel het.




Kallie Kriel (uitvoerende hoof van AfriForum), Flip Buys (voorsitter van die Solidariteit Beweging), Barend Uys (AfriForum se hoof van Interkulturele Verhoudings en Samewerking), *iNkosi* Zwelothando Mabandla en *iNkosazana* Thembela Mabandla-Lingani tydens die ondertekening van die samewerkingsooreenkoms tussen AfriForum en die AmaBhele kaJamangile- tradisionele gemeenskap by AfriForum se hoofkantoor in Centurion.

## AfriForum bou brûe met kultuurgemeenskappe

AfriForum en die kantoor van *iNkosi* Zwelothando Mabandla het in Maart 2022 'n historiese ooreenkoms vir wedersydse erkenning en samewerking onderteken. *iNkosi* Zwelothando Mabandla is die iNkosi van die AmaBhele kaJamangile- tradisionele gemeenskap. Die doel van die ooreenkoms is om 'n blywende verhouding te vestig en te handhaaf om ekonomiese, maatskaplike en kulturele ontwikkeling te bevorder. In Desember daardie jaar skop *iNkosi* Zwelothando Mabandla, die familieboernetwerk die Suider-Afrika Agri Inisiatief (Saai) en AfriForum 'n gesamentlike inheemseveldbokstoetprojek in die AmaBhele kaJamangile-koninkryk naby Maclear in die Oos-Kaap af met die lewering van die eerste 21 Nguni-inheemseveldbokke.

'n Erkennings-en-samewerkingsverdrag is ook in September 2022 by Thaba 'Nchu, oos van Bloemfontein, tussen AfriForum en die Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap onderteken. Die formalisering van betrekkinge tussen AfriForum en die Barolong Boo Seleka volg nadat betrekkinge tussen dié twee kultuurgemeenskappe oor die voorafgaande twee en 'n half jaar herstel is danksy AfriForum se steun aan die koninklike familie in hul regstryd om herstel en erkenning, asook die vestiging van 'n gesamentlike landbou-ontwikkelingsloodsprojek met die steun van AfriForum en ander netwerkvennote.

## AfriForum stel sy eie Afrikaanse stromingsdiens bekend

AfriForum het geskiedenis gemaak toe die organisasie sy gratis digitale platform vir lede en nielede, AfriForumTV, in 2022 bekendgestel het. AfriForumTV is nie net 'n kommunikasiestrategie om die publiek en AfriForum-lede van die organisasie se nuus en gebeure bewus te maak nie, maar ook om vermaak te bied met films, kinderprogramme, sportuitsendings, asook fiksie- en realiteitsreekse.

Die stromingsdiens spog teen die begin van 2026 reeds met meer as 204 000 gebruikers. AfriForumTV het ook 'n platform geword vir mense met dieselfde passie en liefde vir die filmbedryf. Die kategorie vir onafhanklike inhoud is geskep waar filmmakers en inhoudskeppers hul inhoud kan deel en sodoende word hulle vergoed vir die kyke wat hulle kry. Nog 'n kategorie waaroor AfriForumTV baie opgewonde is, is die skolekanalekategorie waar skole hul inhoud ook kan deel. AfriForumTV het ook sy eerste vollengte film, *Niemandsland*, vervaardig wat op die platform vrygestel sal word.




## Teenboeliespan vier vyf jaar met film

AfriForum se teenboelieveldtog, wat in 2017 gestig is om proaktief op te tree en vroegtydig by die oorsake van dié tipe gedrag in te gryp, vier in 2022 sy vyfde bestaansjaar. Om hierdie mylpaal te vier, is die kortfilm *Die val* uitgereik. Die film skep hoop vir tieners wat geboelie word of selfmoordgedagtes het. Die AfriForum-teenboeliespan het in 2022 landwyd reeds meer as 150 skole met Matteus, die teenboelieveldtogspan se gelukbringer, besoek. Hier het hulle nagenoeg 120 000 leerders, 6 000 onderwysers en 2 000 ouers oor boeliegedrag en die impak daarvan toegespreek. Die doel van die besoeke is om te help om boeliegedrag te identifiseer en hok te slaan. In uiterste gevalle kan dit tot selfdood lei en dit is een van die hoofredes waarom *Die val* vervaardig is.

2023




Die karakters van *Die Kaplyn*-musiekblyspel sluit in bekende name in die musiek- en teaterbedryf soos Johan Vorster, Ilán van Staden en Jackie Lulu.

## *Die Kaplyn-musiekblyspel* 'n wegholsukses

Die musiekblyspel *Die Kaplyn* het wegholsukses behaal tydens sy eerste speelvak in 2023. Soveel só dat die eerste speelvak vir 'n maand lank verleng was én dit in 2024 vir 'n tweede speelvak by AfriForum Teater te sien was. Die musiekblyspel handel oor die gebeure tydens die Grensoorlog in die 1980's en vertel die verhaal van die Joubert-gesin. Hierdie musiekblyspel is 'n storie vol lewenslesse wat 'n empatiese blik op gesinne se opofferings tydens dié oorlog bied. Teen 2024 het *Die Kaplyn* altesaam sewe Naledi-nominasies, waaronder benoemings vir die beste musiekblyspel- of musiekteaterproduksie, ingeryg.

## Kuba-skenking finaal gestuit

AfriForum het die regering behoorlik uitoorlê toe hy 'n beoogde skenking van R50 miljoen aan die Kubaanse regering in die hof gestuit het. Die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking sou dié skenking glo om humanitêre redes aan Kuba gemaak het. AfriForum het in Maart 2022 'n dringende interdik bekom om die departement te verhoed om die onwettige skenking te maak en 'n hersieningsaansoek ingedien om dit finaal te keer. Die regering het gevolglik op 'n dringende basis aansoeke om verlof tot appèl by sowel die Hooggeregshof as die Konstitusionele Hof ingedien. Die eerste aansoek om verlof tot appèl is op 10 Mei deur die Hooggeregshof met koste van die hand gewys. In Oktober 2023 kon AfriForum daarin slaag om die R50 miljoen-skenking finaal te stuit. Ingevolge die hof se beslissing mag geen toekomstige skenkings aan Kuba gemaak word voordat die nodige parlementêre goedkeuring daarvoor bekom word nie.

## Toerismefonds finale nekslag toegedien

AfriForum en Solidariteit het die Departement van Toerisme se rassistiese toerismefonds 'n finale nekslag toegedien met 'n uitspraak van die Konstitusionele Hof wat bevestig dat dit ongrondwetlik is om rassistiese kriteria vir hulpverlening van die toerisme-ekwiteitsfonds te gebruik. Mmamoloko Kubayi-Ngubane, destydse minister van Toerisme, het die fonds tydens COVID-19 bekendgestel wat bepaal het dat slegs lenings en toelaes toegestaan word aan ondernemings met swart eienaarskap van meer as 51%.

Willie Esterhuizen (Worsie), Lizz Meiring (Molly), Danielle Retief (Boeboe) en Wynand van Vollenstee (Klein Frikkadel) tydens die verfilming van *Vetkoekpaleis II* by AfriForum Teater.



## *Vetkoekpaleis II* op AfriForumTV te sien

Die ou bekende TV-reeks *Vetkoekpaleis* het teruggekeer met die vervaardiging van *Vetkoekpaleis II*, wat in 2023 vir die eerste keer eksklusief op AfriForumTV uitgesaai is. *Vetkoekpaleis II* se nuwe storielyn is geskryf deur die oorspronklike skrywerspaar Willie en Pieter Esterhuizen.

Die herlewing van dié reeks het 'n werklikheid geword nadat Pieter destyds 'n episode van *Vetkoekpaleis* met miljoene kyke op YouTube raakgesien het terwyl hy die bekendstelling van AfriForumTV gestroom het. Hy het in 'n boodskap aan AfriForumTV gesê dit sou lekker gewees het om inhoud te skep (soos *Vetkoekpaleis*) wat soveel oë sou lok. Pieter en Willie het later met AfriForumTV ontmoet en met die skryf van *Vetkoekpaleis II* begin.

AfriForum Teater is vir die verfilming in die legendariese Vetkoekpaleisrestaurant omskep en die nuwe episodes is voor 'n gehoor opgeneem.



Die ondertekening van AfriForum se samewerkingsooreenkoms met die Ndebele-organisasie Vulamehlo Kusile Organisation (VUKO). Van links na regs is Elias Mahlangu (VUKO), Barend Uys (AfriForum) en Swili Simon Masilela (VUKO).

**Samewerking tussen AfriForum en plaaslike gemeenskappe brei uit**

In April 2023 smee AfriForum en die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi- tradisionele gemeenskap van Disaneng, wes van Mahikeng, bande en kom ooreen om saam te werk op die terreine van landbou-ontwikkeling, gemeenskapselfstandigheid en die versekering van die eienaarskap van die grond van dié tradisionele gemeenskap.

Teen Desember daardie jaar onderteken AfriForum 'n historiese erkennings- en samewerkingsooreenkoms met die Ndebele-organisasie Vulamehlo Kusile Organisation (VUKO) om 'n blywende verhouding tussen die kultuurgemeenskappe wat deur die onderskeie organisasies verteenwoordig word, te vestig en te onderhou. Die organisasies het ooreengekom om hul ontwikkeling te bevorder deur middel van onder meer die bewaring en beskerming van hul kulturele identiteit en erfenis; die bevordering van gemeenskapselfstandigheid en selfbestuur; die bevordering van interkulturele rekonsiliasie en dialoog; en die bevordering van moedertaalonderrig.

Benewens verskeie ander projekte wat AfriForum gedurende 2023 met ander kultuurgemeenskappe aangepak het, het die organisasie ook hande gevat met die AmaBhele kaJamangile- tradisionele gemeenskap om kulturele identiteit te bevorder. Dit is gedoen met die oprigting van verwelkomings- en rigtingwyserborde in dié gemeenskap se gebied tussen Tsolo en Maclear (Nqanqarhu) in die Oos-Kaap. Verwelkomingsborde met die Xhosa-woorde *Isizwe SamaBhele KaJamangile siyakwamkela* (wat beteken "die AmaBhele KaJamangile-volk verwelkom jou") is na aan die grense van die koninkryk opgerig.

## Privaatvervolgingseenheid vat kindermishandelaars vas

Die ouers van 'n vyf maande oue baba wat in Julie 2020 in die Life Eugène Marais-hospitaal in Pretoria vir veelvuldige beserings behandel is, is twee jaar later – in Julie 2022 – skuldig bevind op aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer en kinderverwaarlosing.

Die baba is vanaf die ouderdom van vyf weke van Maart tot Julie 2020 wreed mishandel en het 'n totaal van 31 beenbreuke opgedoen. Die baba is met gebreekte ribbes, bene en sleutelbene gelaat, maar die egpaar is nooit vervolg nie omdat die dokters se eerste saak wat hulle aangemeld het om onverklaarbare redes gesluit is. Die privaatvervolgingseenheid het deurlopend druk op owerhede geplaas om die egpaar in hegtenis te neem en te vervolg.

Haar ouers is in Augustus 2020 in hegtenis geneem nadat AfriForum se privaatvervolgingseenheid in Julie 2020 dokters en 'n maatskaplike werker ondersteun het om strafregtelike klagtes in te dien. Die ouers is in Februarie 2023 effektief 14 jaar gevangenisstraf opgelê.



Leandie Bräsler, AfriForum se destydse bestuurder vir Jeugleierskap, tydens die bekendstelling van die kuberboeliegids.

## Kuberboeliegids saam met SAPD saamgestel

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) het met die groeiende behoefte om kuberboeliery in die kiem te smoor, AfriForum se teenboeliespan genader om 'n kuberboeliegids saam te stel. Dié gids is in samewerking met AfriForum se privaatvervolgingseenheid, Solidariteit Helpende Hand, die SAPD se reeks- en elektroniese misdaadeenheid (SECI), die Universiteit van Johannesburg (UJ) en die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) saamgestel.

Die kuberboeliegids bevat inligting oor boelies op sosiale media en help ouers om proaktief op te tree om hul kinders te beskerm. Gepaste dissiplinêre optrede vir boelies word ook vir onderwysers en ouers voorgestel.

2023



## Personeel sê: "Ons sal self"

Personeel van AfriForum en Solidariteit het in Oktober 2023 self moue opgerol om die gebied rondom dié organisasies se hoofkantore in Pretoria skoon te maak as deel van AfriForum se #OnsSalSelf-projek. Ongeveer 300 personeellede het sypaadjies en 'n nabygeleë veld skoongemaak, padtekens weer duidelik geverf en slaggate opgevul. Herwinningsasblikke is ook geverf sodat dit na verskeie AfriForum-takke versprei kan word.

## Hof beslis Klerksdorp-rioolaanleg móét opgeknap word

Die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit het sy rieme teen AfriForum styfgeloop toe hy sy grondwetlike pligte versuim het deur 'n rioolaanleg in Klerksdorp, Noordwes, te verwaarloos.

AfriForum het in September 2022 met regsaksie begin nadat inwoners vir jare reeds blootgestel was aan die gesondheidsrisiko's wat met die gebrek aan onderhoud aan dié aanleg gepaard gaan. Die Hooggeregshof in Mahikeng het die munisipaliteit opdrag gegee om die nodige herstelwerk te doen en terugvoer te gee oor die vordering van die herstelwerk.

Teen 2026 het AfriForum aangedui dat dit van voorneme is om 'n klag van minagting van die hof teen die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit in te dien nadat dié munisipaliteit versuim het om omvattend verslag te doen oor die vordering van herstelwerk, sekuriteitsmaatreëls en instandhoudingsplanne by die rioolaanleg in Phuthaditjhabastraat.



Gebrekkige sekuriteit by die Klerksdorp-rioolaanleg het onder meer tot die stroping van kabels gelei.

## Bekendstelling van RRAIN

AfriForum en Saai het 'n innoverende inisiatief, gemik op plaaslike en internasionale fondswerwing vir landbouontwikkelingsprojekte – Resilient Regenerative Agricultural Initiative (RRAIN) – op die been gebring. Dié maatskappy sonder winsbejag is gestig om kapasiteit en hulpbronne te koördineer om sodoende kleinboerderye in diep landelike en peri-stedelike gebiede te moderniseer, te meganiseer en te kommersialiseer.

## AfriForum Jeug pak EFF oor ras

Die EFF Student Command (EFFSC) by die Universiteit van Pretoria (UP) het hom in 2023 skuldig gemaak aan verskeie oortredings soos haatspraak, intimidasie en om toegang tot kampus vir studente wat nie swart is nie, te weier. Die presiese woorde van 'n EFF-lid wat by 'n kampushek gestaan het kan duidelik op 'n video gehoor word waarin hy sê: "Only black students!" AfriForum Jeug het daarna druk op die UP se bestuur geplaas om die studentevereniging te deregistreer. Meer as 4 000 mense het AfriForum Jeug se petisie hiervoor onderteken.

AfriForum se NGV-verslag het getoon hoe onbekostigbaar dié plan werklik is.




## AfriForum-verslag wys NGV gaan die sak ruk

In November 2023 stel AfriForum 'n skokverslag bekend oor die beoogde Nasionale Gesondheidsversekering (NGV). Luidens dié verslag sal NGV onhaalbaar én onbekostigbaar wees. Dit wys ook op voorbeelde van provinsiale gesondheidsdepartemente wat belastingbetalers se geld vermors het. Die Gautengse Departement van Gesondheid het byvoorbeeld 'n verlies van R148,9 miljoen gely deur die verkryging van IT-infrastruktuur sonder om ander kostedoeltreffende verskaffers te oorweeg.




Maree van den Berg, toenmalige voorsitter van AfriForum Jeug se Tuks-tak, teken protes aan teen rassediskriminasie by universiteite.

**Rasseklassifikasie by universiteite ondersoek**

In 2023 neem AfriForum Jeug rasseklassifikasie by universiteite onder die loep en bevind dat die Universiteit Stellenbosch (US) 17 verskillende rasbeleide het, die Noordwes-Universiteit (NWU) 15 en die Universiteit van Pretoria (UP) tien. Al 26 universiteite wat die jeugorganisasie vir sy studie genader het, vra van studente om hulself volgens ras te klassifiseer. Universiteite voer aan dat dié klassifikasie gemaak word vir statistiese doeleindes of vir die bevordering van gelykheid. AfriForum Jeug het sterk standpunt ingeneem teen rasseklassifikasie en aangevoer dat studente op meriete gekeur moet word en nie volgens ras nie.

## Traumaeenheid help só emosionele wonde genees

AfriForum se traumaeenheid het in 2023 duisende kilometer afgelê om 852 volwassenes en 64 kinderslagoffers van misdaad te ondersteun. Die eenheid, met sy vier voltydse personeel, het ook 32 hofsake ter ondersteuning van slagoffers bygewoon en op 'n daaglikse basis berading, ondersteuning op misdaadtonele, voorbereiding vir hofverskynings en ondersteuning ná die afhandeling van hofsake gebied.




Wikus en Heidie de Beer by Johan Kloppers van AfriForum se traumaeenheid. Kloppers het die De Beer-egpaar bygestaan ná die dood van Heidie se ouers en suster (Dan, Breggie en Elzabie Brand) wat in 2020 tydens 'n gruwelike plaasaanval in Hartswater vermoor is.



AfriForum het in November 2023 boere wie se weiding in wydverspreide brande vernietig is, ondersteun met voerskenkings deur die Voer vir 'n Boer-projek.

## Voer vir 'n Boer-projek

Met die verwoestende veldbrande wat duisende hektaar se weiding in die Vrystaat, Noordwes en die Noord-Kaap vernietig het, het AfriForum in November 2023 ingespring om boere te help met voerskenkings deur die Voer vir 'n Boer-projek. AfriForum se traumaeenheid het ook gemeenskappe wat erg geraak is, besoek om hulle te ondersteun en trauma-ontlonting te doen. Meer as 100 ton voer is onderskeidelik aan boere van Vryburg, Daniëlskuil, Potchefstroom en Viljoenskroon geskenk, terwyl die organisasie ook betaal het vir die vervoer van sewe vragte voer na Winburg.

Michele Bebbington en Terence Tegg



## Geregtigheid vir twee wat ná Clover-aanval sterf

Die voormalige Clover-werknemers Mohale Shokane en Vusumuzi Duumba is in Oktober 2024 in die Johannesburgse Hooggeregshof lewenslange gevangenisstraf opgelê vir die 2022-moorde op Terence Tegg en JJ Cassanga, twee sekuriteitswagte. AfriForum se privaatvervolgings-eenheid het Tegg se verloofde, Michele Bebbington, en die Cassanga-familie verteenwoordig. Die eenheid het nou saam met die SAPD en die aanklaer gewerk om bewyse te versamel, die dossier op te stel en die saak aan die hof voor te hou.




Ben Freeth, uitvoerende direkteur van die Mike Campbell-stigting, by die hek van die plaas Mount Carmel, in sentraal-Zimbabwe, waar hy 'n historiese tog vir die herinstelling van die SAOG-tribunaal begin het.

## AfriForum en ander dring aan op herstel van SAOG-tribunaal

In Maart 2024 het AfriForum, in samewerking met verskeie ander organisasies, 'n memorandum aan die sekretariaat van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) gestuur waarin 'n beroep op die SAOG gedoen word vir die herstel van die SAOG se streekshof, die SAOG-tribunaal. Die Mike Campbell-stigting, die Mthwakazi Republiek Party (MRP), die Suider-Afrika Agri Inisiatief (Saai) en die kantoor van *Kgosi* Mogakolodi Masibi van die Batlharo Boo Tokwana Ba Ga Masibi-kultuurgemeenskap het saam met AfriForum aan dié aksie deelgeneem. Verteenwoordigers van die onderskeie groepe het ook 'n afskrif van hierdie memorandum by die historiese Turnhalle-gebou, die voormalige setel van die tribunaal, onderteken as simbool van hul beroep op die SAOG.



AfriForum het in Parys 'n "begrafnis" vir die "dood" van dienslewering gehou.

## AfriForum hou "begrafnis" vir dienslewering in Parys

Dienslewering in Parys het onder die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit so vrot geraak dat die plaaslike AfriForum-tak in April 2024 'n "begrafnis" vir dienslewering hier gehou het. In aanloop tot die "begrafnis" – uitgebeeld met 'n pikswart kis – het AfriForum verskeie kere probeer om afsprake met verteenwoordigers van die munisipaliteit te maak om die probleme in Parys en ander dorpe in dié munisipaliteit te bespreek. Lede van die AfriForum-tak in Parys het ná die "begrafnis" sommer moue opgerol en self inisiatief geneem. Verkeersborde is opgerig by gevaarlike kruisings en randstene is in die hoofstraat geverf om dit netjies te laat vertoon.

## Skopfiets vir Govan Mbeki-burgemeester wat peperduur motor wil koop

Keelvol inwoners en lede van twee AfriForum-takke in die Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit het in Maart 2024 'n skopfiets aan Nhlakanipho Zuma, burgemeester van dié munisipaliteit, geskenk. Dié gebaar volg ná besluit is om, ondanks ernstige diensleweringsprobleme in dié munisipaliteit, vir Zuma 'n peperduur motor te koop. AfriForum het aangevoer dat swak dienslewering voor die burgemeester se deur gelê moet word en dat hy 'n skopfiets eerder as 'n luukse motor verdien. AfriForum het ook 'n memorandum aan die munisipaliteit oorhandig om te eis vir meer verantwoordelike en deursigtige besluitneming en bestuur.

## Nuwe grafsteen vir laaste leier van onafhanklike Thaba 'Nchu

In Julie 2024 help AfriForum om *Kgosi* Tshipinare Moroka, die laaste leier van Thaba 'Nchu as 'n onafhanklike staat, te vereer met die onthulling van 'n nuwe grafsteen. Dié verering kom te midde van die Barolong Boo Seleka-koninkryk se herdenking van sy dood, 140 jaar vroeër, op 10 Julie 1884.

*Kgosi* Gaboilelwe Moroka, 'n nasaat van *Kgosi* Tshipinare en die huidige koninklike leier van die koninkryk, het die grafsteen namens die Barolong Boo Seleka onthul. Die oprigting van die grafsteen is as 'n gesamentlike erfenisprojek in samewerking met AfriForum onderneem.



Dylan Ferreira in die hof

## Man skuldig ná "brutale aanval" op 80-jarige vrou

Die 28-jarige Dylan Ferreira is in Mei 2024 in die Booysens Landdroshof skuldig bevind aan aanranding met die doel om ernstig te beseer vir die "brutale aanval" op die 80-jarige Lucille Oosthuysen. Goeie samewerking tussen die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) en AfriForum se privaatvervolgingseenheid het tot hierdie suksesvolle vervolging gelei.

Die aanranding het op 5 Augustus 2023 in Mayfield, in die suide van Johannesburg, plaasgevind ná 'n dispuut oor 'n stel spaarsleutels vir 'n eiendom wat Ferreira en sy verloofde by die Oosthuysen-egpaar gehuur het. Die argument het daartoe gelei dat Ferreira Oosthuysen gewelddadig gestamp en sy op die plaveisel beland het. In die hof het hy getuig dat hy opgetree het in selfverdediging. Beeldmateriaal van die voorval het 'n deurslaggewende rol in die skuldigbevinding gespeel.

## Noordwes-wildstropers kry 18 maande tronkstraf

Ná wat gevoel het soos eindelose ondersoeke en vertragings het die Swartruggens Landdroshof Manang Bopalale en Kgomotso Molefe uiteindelik in Januarie 2024 skuldig bevind aan stropery en hulle tot 18 maande tronkstraf gevonnis. Bopalale en Molefe is reeds in September 2021 in hegtenis geneem ná die karkas van 'n gesogte njalabul ter waarde van nagenoeg R12 000 in hul besit gevind is. Molefe is in 2022 ook skuldig bevind aan kabeldiefstal. Die stroperysaak het nagenoeg twee jaar lank geduur, is tien keer uitgestel en selfs 'n keer van die rol geskrap, maar ná AfriForum se privaatvervolgingseenheid ingegryp het, is die saak uiteindelik afgehandel.

Adv. Gerrie Nel, hoof van die privaatvervolgingseenheid, sê dit neem ywer en toewyding om herhaalde oortreders te hanteer en dat dit iets is wat dikwels by SAPD-ondersoekers en staatsaanklaers ontbreek.



Antoinette Ndishishi (links) en Karen Tewson, die saakvoorbereidingsbeampte op dié saak.

## Verkragter wat vrou met MIV besmet, lewenslank tronk toe

Leon Santos Conga, 'n voormalige spesialemagte-operateur (Recce) van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), is in September 2024 lewenslank tronk toe gestuur vir die verkragting en poging tot moord van Antoinette Ndishishi. Conga het Ndishishi ook met MIV besmet. Sy het AfriForum se privaatvervolgingseenheid reeds in 2018 genader om haar in dié saak te ondersteun, waarna die eenheid kritieke bewyse vir die dossier kon bekom.

Ndishishi het die privaatvervolgingseenheid bedank vir hul toetrede en monitering van die saak op elke vlak, maar sy was veral verlig dat die saak uiteindelik tot 'n einde gekom het. Dié saak het lank gesloer en was tot die toetrede van die privaatvervolgingseenheid in 'n doodloopstraat. Slang Maangwale, 'n ondersoeker by die privaatvervolgingseenheid, het elke hofverskyning bygewoon om te verseker dat die saak verloop soos dit moet.

## Drie van Tshwane-metro afgedank weens omkopery

Drie korrupte Tshwane-metropolisiebeamptes – Johnson Lebombo, Aubrey Phalane en Makgoba Raboshacia – is in April 2024 die trekpas gegee ná AfriForum se privaatvervolgingseenheid gehelp het om dié drie vir hul dade aanspreeklik te hou. 'n Gemeenskapslid het 'n saak teen die beamptes aanhangig gemaak ná hulle haar na bewering in 2022 vir omkoopgeld gevra het.

Die privaatvervolgingseenheid het met 'n waaksaamheidsopdrag namens 'n burgemeesterskomiteelid in die saak opgetree. Dit was die eerste keer in ses jaar dat metropolisiebeamptes in Pretoria op uitbuitingverwante klagtes afgedank is. Dit word beskou as 'n belangrike oorwinning in die stryd teen korrupsie. Die privaatvervolgingseenheid het ook in die proses 'n goeie verhouding met die hoof van die Tshwane-metropolisie gebou.

## AfriForum-noodfonds tot die redding in 2024

Met verskeie gemeenskappe wat in 2024 in die nood gedompel was, het die AfriForum-noodfonds tot baie mense se redding gekom. Dié fonds het in 2024 nagenoeg R450 000 spandeer om rampslagoffers se nood te verlig.

'n Totaal van 645 volwassenes en kinders is in dié jaar van maaltye voorsien, 2 800 liter brandstof is aan tehuise voorsien wat sonder elektrisiteit was, 150 matrasse is aan vloedslagoffers sonder heenkome gegee en 100 lipbalsems is aan brandbestryders geskenk.

Die noodfonds het voorts ook 81 ton voer aan boere geskenk wat onder veldbrande deurgeloop het of waar droogte geheers het en 10 000 liter drinkwater is te midde van watertekorte aan skole verskaf.



Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, en koning Misuzulu KaZwelithin by 'n herdenkingsgeleentheid vir die voormalige Zoeloekoning, koning Dinuzulu.

## Formele gesprek oor samewerking tussen Zoeloes en Afrikaners ingelei

Die Zoeloekoning Misuzulu KaZwelithini het in Oktober 2024 'n herdenkingsgeleentheid vir die voormalige Zoeloekoning, koning Dinuzulu (1868–1913), as die begin van formele gesprekke oor samewerking met die Afrikaner-gemeenskap bestempel. AfriForum en die KwaZulu-Natal Amafa- en Navorsingsinstituut het die geleentheid aangebied. Die herdenking het plaasgevind op die plaas Rietfontein (KwaThengisangaye) buite Middelburg in Mpumalanga waar koning Dinuzulu op 18 Oktober 1913, 111 jaar tevore, in ballingskap oorlede is.

## Afrikaner Verklaring: Ons is hier om te bly

In April 2024 onderteken AfriForum en talle ander organisasies wat gesamentlik nagenoeg twee miljoen mense verteenwoordig, die Afrikaner Verklaring by die Voortrekkermonument in Pretoria. Hiermee maak hulle die boodskap duidelik dat Afrikaners in Suid-Afrika hier is om te bly en aan 'n beter land vir almal wil bou. Dié verklaring spruit uit gesprekke tussen verskeie Afrikaner-organisasies, -leiers, -netwerke en individue wat sedert 2021 gereeld vergader het om oor Afrikaners se toekomstige rol en plek in die land te besin.




### Water vir Bethal

Teen November 2024 het die AfriForum-tak op Bethal in samewerking met boere in die omgewing help toesien dat meer as 1,85 miljoen liter water vir huishoudelike gebruik beskikbaar gestel kon word by AfriForum se noodwaterpunt op dié dorp.

### AfriForum se toppresterende takke vereer

AfriForum se Benoni-tak is in 2024 as die tak van die jaar aangewys, terwyl die Naboomspruit-tak die titel van plattelandse tak van die jaar opgeraap het. Nog twee takke is beloon vir onderskeidelik hul suksesvolle volhoubare projek (Centurion-tak) en vir die bouprojek van die jaar (Lichtenburg-tak).

## Internasionale AfriForum-lidmaatskap bekendgestel

AfriForum Wêreldwyd het in Julie 2024 sy internasionale AfriForum-lidmaatskapplatform bekendgestel. Deur hierdie platform kan ekspats – wat ten spyte van geografiese afstand steeds wil help bou aan die toekoms van 'n veilige en voorspoedige Suid-Afrika – 'n bydrae tot AfriForum se projekte maak.


AfriForum se takke het in Junie 2024 meer as 200 projekte vir die #HerstelEnVersnel-projek aangepak.

## AfriForum-takke pak #HerstelEnVersnel-projek met mening

In Junie 2024 het AfriForum se takke en buurtwagte in elke uithoek van die land deelgeneem aan die organisasie se #HerstelEnVersnel-projek en meer as 200 projekte aangepak. Hiermee het AfriForum, in aanloop tot daardie jaar se nasionale verkiesing, getoon dat die organisasie nie gaan terugsit en wag nie, maar dat daar daadwerklik opgetree gaan word om die verval van dorpe en stede te stuit.




Meer as 10 000 protesgangers het aan die Bela-optog deelgeneem.

## AfriForum en die stryd teen Bela

Teen November 2024 het die stryd teen die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette (bekend as die Bela-wet) 'n kritieke hoogtepunt bereik. AfriForum en ander instellings van die Solidariteit Beweging het hul stem laat hoor teen spesifieke artikels in die wet wat skole se taal- en toelatingsbeleide sou raak. Op 4 November het AfriForum en meer as 40 ander rolspelers 'n memorandum onderteken wat die dag daarna – tydens 'n massaprotesoptog – aan verskillende partye van die regering van nasionale eenheid en verteenwoordigers van die regering oorhandig is. Meer as 10 000 protesgangers het op dié dag in 'n see van oranje gestap van die Voortrekkermonument na Vryheidspark om die memorandum te oorhandig. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het dit bestempel as 'n "historiese dag" en die grootste optog van Afrikaanssprekendes sedert 1994.



AfriForum Jeug se Ronald Pieters by Shaun Christie

## AfriForum Jeug behaal oorwinning by NWU

Shaun Christie, 'n vierdejaarstudent aan die Noordwes-Universiteit (NWU) se Potchefstroom-kampus, is geskors en van onder meer haatspraak aangekla nadat hy in Januarie 2024 standpunt ingeneem het teen die inhoud van 'n oriëntasie-geleentheid vir eerstejaarstudente. Tydens die geleentheid is LGBTQIAP+-regte onder meer bespreek en Christie het aangevoer dat studente nie veilig voel om oor Christenskap te praat nie, maar dat gesprekke oor genderkwessies wel toegelaat word. AfriForum Jeug het Christie ondersteun tydens die dissiplinêre proses wat teen hom gevolg is. Christie is uiteindelik in Mei slegs skuldig bevind aan die ontwrigting van 'n universiteitsprogram en is toegelaat om sy studies voort te sit.

## Hongare en Afrikaners: Jare lange bondgenote

AfriForum stel in April 2024 die boek *Verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare, 1652-2023: 'n Historiese perspektief op twee kultuurgemeenskappe* (deur AfriForum se mediabestuurder, Ilze Nieuwoudt) oor die besonderse vriendskap tussen Afrikaners en Hongare in Pretoria bekend. Dit word opgevolg deur 'n bekendstelling in die Hongaarse hoofstad, Boedapest, later dieselfde maand. Die boek stel ondersoek in na spesifieke gebeure waar die vriendskapsbande sedert die 1600's tussen dié twee kultuurgroepe gebou is en spruit uit die stigting van die Hongaars-Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging (HSAV) wat in 2021 op die been gebring is om verhoudinge tussen dié twee gemeenskappe verder uit te bou.



Waterslaai word verwyder.

## Operasie Waterslaai

In Januarie en Februarie 2024 pak AfriForum en belanghebbende organisasies die waterslaaiprobleem wat die ekostelsel van die Vaalrivier ernstig bedreig. In Januarie word 70 ton van dié indringerplant verwyder en in Februarie 'n verdere 1 623 ton.



Monique van Oosterhout en adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid.

## Bizos-aanrandingsaak

AfriForum se privaatvervolgingseenheid het in 2025 een van sy grootste suksesse nóg behaal toe Alexi Bizos, seun van die ontslape menseregte-aktivis George Bizos, skuldig bevind is aan die aanranding van sy destydse vrou, Monique van Oosterhout. Hy is 'n boete van R100 000 opgelê (of een jaar gevangenisstraf) en ses maande korrektiewe toesig, wat gemeenskapsdiens van 20 uur per maand by skuilings vir mishandelde vroue ingesluit het. Die eenheid het in 2018 tot die saak toegetree ná die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) geweier het om Bizos te vervolg. Bizos het Van Oosterhout in 2015 aangeval en met ses gebreekte ribbes gelaat.

## Bergview-saak

In Maart 2025 raak AfriForum se privaatvervolgingseenheid betrokke by 'n opspraakwekkende saak wat landwyd opskudding veroorsaak. Die sogenaamde Bergview College-saak volg ná bewerings van die verkragting van 'n 7-jarige leerder verbonde aan dié skool in Matatiele in die Oos-Kaap in Oktober 2024. Die gemeenskap en sogenaamde "sosialemediaspeurders" teiken Jaco Pieterse, hoof van Bergview College, en die skoolopsigter (wat om veiligheidsredes anoniem bly) as die verdagtes, waarna die privaatvervolgingseenheid hulle met regsadvies ondersteun. Kort daarna bevind die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) daar is onvoldoende bewyse om die twee mans te vervolg.

In Junie daardie jaar staan AfriForum Pieterse ook by om politici aanspreeklik te hou vir die beweerde openbare skending van sy waardigheid deur hom valslik te beskuldig van die verkragting en die aanhitsing van skadelike openbare sentiment en geweld gebaseer op hierdie ongegronde aantygings. Die eenheid het Pieterse onder meer vergesel na die Sophiatown- en Boksburg-Noord-polisiestasie waar klagtes van *crimen injuria* aanhangig gemaak is teen Fikile Mbalula, die ANC se sekretaris-generaal, Julius Malema, EFF-leier, en Fundile Gade, LUR vir Onderwys in die Oos-Kaap. Mbalula en Malema word ook deur klagtes van die skending van die Wet op Kubermisdade en die Wet op Intimidasie in die gesig gestaar. (Teen druktyd was dié sake nog nie afgehandel nie.)



Jaco Pieterse, voormalige skoolhoof van Bergview College, voor die Sophiatown-polisiestasie waar hy klagtes van *crimen injuria* aanhangig gemaak het teen verskeie politici.

## AfriForum beklink oorwinnings vir inwoners van Mafube- en Ngwathe-munisipaliteit

AfriForum en ander rolspelers het in 2025 twee groot hofoorwinnings behaal vir inwoners van dorpe wat onder die Ngwathe en Mafube Plaaslike Munisipaliteit sorteer. Frankfort, Parys en ander dorpe in dié twee Vrystaatse munisipaliteite gaan teen 2025 al jare lank gebuk onder swak of geen munisipale dienslewering. In die geval van Mafube het die Hooggeregshof in Bloemfontein in AfriForum en die Mafube-sakeforum (MBF) se guns teen die premier van die Vrystaat en 12 ander respondente beslis. Dit volg ná die provinsie se uitvoerende komitee nie hofbevele van 2021 en 2022 nagekom het nie. Die respondente is onder meer beveel om 'n finansiële herstelplan op te stel en te implementeer en onmiddellik besoedeling in die Vaal- en Wilgerivier te stop.

AfriForum het ook die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit die stryd in die hof aangesê en in Junie 2025 het die Hooggeregshof in Bloemfontein bevind dat dié munisipaliteit nie sy grondwetlike, wetlike en administratiewe verpligtinge teenoor inwoners nakom nie. 'n Interdik het die raad verplig om te ontbind en die Vrystaatse provinsiale regering opdrag gegee om by die munisipaliteit in te gryp. Soos in die geval van Mafube moet 'n herstelplan ook vir Ngwathe geïmplementeer word. Die munisipaliteit se aansoek om appèl teen die bevel aan te teken is kort daarna van die hand

gewys, maar die munisipaliteit het egter in Augustus 'n aansoek by die Hoogste Hof van Appèl ingedien om die uitspraak omgekeer te kry. Dit is ook van die hand gewys. Die munisipaliteit het hom kort daarna tot die Konstitusionele Hof gewend. AfriForum se aansoek dat die oorspronklike hofbevel hangende Ngwathe se appèlproses geïmplementeer word, is uiteindelik vroeg in 2026 toegestaan.




### *Semi-Soet – die musiekblyspel*

Byna 20 000 mense het AfriForum Teater in 2025 besoek om *Semi-Soet – die musiekblyspel*, gebaseer op die geliefde en gelyknamige rolprent, te kyk. Dit was die eerste produksie ooit waarvan al 48 vertonings volledig in dié teater uitverkoop is. Jacomien de Wet en Johan Vorster het die musikale leiding van die stuk geneem, terwyl Bobby van Jaarsveld en Anel Alexander in die manlike en vroulike hoofrolle geskitter het. AfriForum Teater het ná dié suksesvolle musiekblyspel van krag tot krag gegaan en verskeie gesogte toekennings en benoemings opgeraap. Dié tuiskomplek vir Afrikaanse kunste is onder meer tydens die 2024 Best of Pretoria-toekennings deur die publiek aangewys as die beste teater in Pretoria.

## AfriForum pak Tshwane-metro oor stadreinigingsheffing

Die Tshwane-metro moes in 2025 nie net sy omstrede stadreinigingsheffing afskaf nie, maar moes ook elke ongeoorloofde sent wat hy daarmee geïn het, aan inwoners terugbetaal. Dit volg ná die Hooggeregshof in Pretoria in Julie 2025 in AfriForum se guns beslis het en die metro se implementering van die sogenaamde stadreinigingsheffing as onwettig en ongeldig verklaar het.

Die Tshwane-metro het dié nuwe verpligte maandelikse heffing van R194,37 (BTW uitgesluit) ingestel op nagenoeg 260 000 huishoudings en ondernemings wat nie van die metro se vullisverwyderingsdienste gebruik maak nie. AfriForum het aangevoer dat die heffing neerkom op onwettige en onbillike dubbele belasting, veral in gevalle waar inwoners nie enige voordeel trek uit die metro se vullisverwyderingsdiens nie én gedwing word om van privaat diensverskaffers gebruik te maak.




## "Oranje": Want dit is méér as net 'n kleur

Op 21 Februarie 2025, op Internasionale Moedertaaldag, stel die Afrikaanse sanger Steve Hofmeyr die lied "Oranje" bekend wat in opdrag van AfriForum en Solidariteit geskryf is. Die idee van die lied het gevolg in reaksie op die oorweldigende see van oranje wat op 5 November 2024 op die terrein van die Voortrekkermonument in Pretoria toegesak het, toe meer as 10 000 mense, meestal geklee in oranje, standpunt ingeneem het teen die Wysigingswet op Wette op Basiese Onderwys (Bela) se aanslag op Afrikaanse skole. Die lied verwoord Afrikaners se band met die kleur oranje wat in dié kultuurgemeenskap dien as 'n simbool van vryheid, Afrikaans, die Protestantse geloof, Afrika-sonsondergange én Afrika-grond.

"In omstandighede waar daar doelgerigte pogings deur sommige is om Afrikanersimbole te stigmatiseer, het oranje weer op dié dag sy regmatige plek as Afrikaner-simbool ingeneem," het Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, oor dié lied verduidelik.

## Noodkragopwekker vir gestremdes

In Junie 2025 voorsien die AfriForum-tak in Amanzimtoti 'n noodkragopwekker aan die Jona Vaughan-tehuis vir gestremdes, 'n tehuis wat 'n heenkome bied aan meer as 60 kinders en volwassenes met intellektuele en fisieke gestremdhede. Die eThekwini-metro het die tehuis se krag afgesny omdat Durban Coastal Mental Health, wat gedeeltelik deur die Departement van Gesondheid en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling befonds word, nie die geld gehad het om die uitstaande kragrekening te betaal nie. Met dié kragopwekker wou AfriForum nog 'n Life Esidimeni-tragedie voorkom. (Minstens 140 pasiënte is in 2016 en 2017 weens dié tragedie oorlede.)



Julius Malema in die hof

## Skuldig! Malema vas in vuurwapensaak

Op 1 Oktober 2025 word uiteindelik uitspraak gelewer in 'n saak wat reeds in 2018 teen Julius Malema, leier van die EFF, gemaak is. Op dié dag word Malema in die Landdroshof in Oos-Londen skuldig bevind op vyf aanklagtes teen hom – waaronder die afvuur van 'n vuurwapen in 'n beboude of openbare gebied sonder genoegsame rede, die onwettige besit van 'n vuurwapen en die onwettige besit van ammunisie. Dié skuldigbevinding volg op strafregtelike klagtes wat AfriForum in Augustus 2018 teen Malema aanhangig gemaak het oor die afvuur van verskeie skote op 28 Julie 2018 buite Oos-Londen by die Sisa Dukashe-stadion in Mdantsane waar die EFF hul vyfde verjaarsdag gevier het. Vonnisoplegging in dié saak het in April 2026 plaasgevind waar Malema tot vyf jaar tronkstraf gevonnis is. Sy aansoek om appèl is egter toegestaan en sy borg is verleng. Die saak duur voort.



Kgosi Gaboilelwe Moroka en Kallie Kriel tydens die onthulling van die gerestoureerde monument by die Morokashoek Voortrekkerterrein.

## Afrikaners en Seleka Barolong gedenk 160 jaar van vriendskap

AfriForum en die Seleka Barolong het op 27 Maart 2025 die verdrag van alliansie en bondgenootskap herdenk wat presies 160 jaar vantevore, op 27 Maart 1865, tussen die toenmalige *kgosi* van die Seleka Barolong, *Kgosi* Moroka II, en die Republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS) onderteken is. Dié historiese gebeurtenis word geag as die aanvang van formele samewerking en wedersydse erkenning tussen Afrikaners en die Seleka Barolong. Tydens die gedenkgeleentheid is die pas gerestoureerde grafte van die koninklike familie van die Seleka Barolong en die monument wat die verkiesing van die eerste Voortrekkerregering in 1836 in Thaba 'Nchu herdenk, onthul.

## AfriForum stuit herklassifisering van en hoër belasting vir Johannesburgse skole

AfriForum het in April 2025 'n oorwinning in die Hooggeregshof in Johannesburg behaal en sodoende die Johannesburg-metro se plan om sekere skole in dié metro te herklassifiseer, gestuit. Dié beoogde herklassifisering sou sommige skole se eiendomsbelasting die hoogte laat inskiet omdat privaat skole daarvolgens as openbare ondernemings geklassifiseer sou word. Die hof het bevind dat die openbaredeelnameproses onvoldoende was, nie aan grondwetlike en statutêre vereistes voldoen het nie, dat die metro nie sinvol met belanghebbendes, insluitend onafhanklike skole, gekonsulteer het nie, en die belange van skoliere geïgnoreer het en sodoende artikel 28(2) en 29(1)(a) van die Grondwet oortree het.

Voor v.l.n.r.: Kgosi Sekai Linchwe, Kgosikgolo Kgafela Kgafela en Kallie Kriel. Agter v.l.n.r.: Matshego Kgafela en Barend Uys.



## AfriForum en die Bakgatla Ba Kgafela-gemeenskap sluit ooreenkoms

AfriForum en die Bakgatla Ba Kgafela, 'n invloedryke volk in Suider-Afrika met setels in Suid-Afrika en Botswana, het in Junie 2025 'n historiese wedersydse erkennings-en-samewerkingsooreenkoms in Kaapstad onderteken. *Kgosikgolo* Kgafela Kgafela II het die ooreenkoms namens die Bakgatla Ba Kgafela onderteken. Dié ooreenkoms het 'n nuwe era van goeie verhoudings en samewerking tussen Afrikaners en die Bakgatla Ba Kgafela ingelei ná verhoudings veral tydens die einde van die 19de eeu en die 20ste eeu skipbreuk gely het. Die bondgenootskap tussen die twee kultuurgemeenskappe het gekom te midde van *Kgosikgolo* Kgafela Kgafela II se skerp kritiek teen korrupsie onder die wakende oog van sommige ANC-leiers en die onbehoorlike inmenging van Suid-Afrikaanse politici en amptenare in tradisionele sake.

## AfriForum vier 100 jaar van Afrikaans

Ten spyte van al die uitdagings wat die Afrikaanse taal in 2025 in die gesig gestaar het, was dié jaar onder meer gekenmerk deur die viering van die eerste 100 jaar van Afrikaans as amptelike taal. AfriForum was een van die organisasies wat die voortou geneem het met die Solidariteit Beweging se Lettertoer, waar daar met nege reuseletters – wat die woord "Afrikaans" uitspel – van Pretoria na die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl gereis is.

AfriForum se gratis Afrikaanse stromingsdiens, AfriForumTV, het as deel van hierdie vieringe 'n nuwe lied en musiekvideo – "100 jaar sterker" – vrygestel, terwyl AfriForum Onderwys ook tydens die vieringe 'n inkleurboek bekendgestel het om ouers en kinders op 'n prettige wyse oor die waarde van Afrikaanse moedertaalonderrig bewus te maak.

## Sakenetwerke in sewe streke gevestig

AfriForum se pogings om selfstandigheid en 'n gemeenskapsekonomie onder Afrikaners en die gemeenskappe waarin hulle woon en werk te vestig, het in 2025 vrugte afgewerp. AfriForum Sakenetwerk het plaaslike sakenetwerke in sewe streke op die been gebring om volhoubare netwerkgeleenthede te skep waar Afrikaanse sakelui met mekaar bande kan smee en sake doen ter bevordering van selfstandige gemeenskappe.

## Afrikaans by SAPD in Noord-Kaap bly!

Kampvegters vir Afrikaans moes reeds vroeg in 2025 hand en tand vir die beskerming van Afrikaans in die Noord-Kaap veg. Dit volg nadat die SAPD in dié provinsie, waar slegs 3% van inwoners se moedertaal Engels is, Afrikaans stil-stil wou dooddruk.

Genl.maj. Luntu Ngubelanga, adjunk-provinsiale polisiekommissaris, het vir polisiestasies in die provinsie opdrag gegee om voortaan verklarings slegs in Engels af te neem. Alle ander kommunikasie van die SAPD moes boonop ook slegs in Engels geskied.

AfriForum, Solidariteit en Kaapse Forum het dadelik die SAPD op sy onregmatige optrede gewys en die moontlike gevare uitgelig – soos aanklagte van regsverydeling – wat dié besluit kon inhou sou 'n polisiebeampte verklarings onakkuraat afneem. AfriForum het verder ook 'n klag by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) gelê. Slegs agt dae later is die SAPD se bevel teruggetrek en die publiek kon weer soos tevore in hul eie taal met die polisie kommunikeer. Dié stryd was 'n beslissende oorwinning vir Afrikaans, alle inheemse tale en taalregte in die algemeen.



Jaco Kleynhans, Flip Buys, dr. Dirk Hermann en Kallie Kriel tydens hul besoek aan die Withuis in die VSA.

## AfriForum, Trump en die VSA

Op 2 Februarie 2025 maak die Amerikaanse president Donald Trump 'n inskrywing op sosiale media wat die verloop van AfriForum se jaar in 'n nuwe rigting stuur. Daarin voer hy aan dat die Suid-Afrikaanse regering as 't ware skuldig is aan menseregteskendings en dat alle befondsing aan die land afgesny sal word. Enkele dae laer reik hy 'n uitvoerende bevel uit wat amptelik afkondig dat die VSA steun aan Suid-Afrika onttrek en die hervestiging van Afrikanervlugtelinge sal bevorder.

In reaksie hierop hou AfriForum, Solidariteit en die Solidariteit Beweging 'n mediakonferensie om die instellings se standpunt rakende die jongste gebeure uit te lig. Hierna maak die uMkhonto weSizwe Party (MKP) 'n klag van hoogverraad aanhangig teen AfriForum en beweer dat AfriForum Trump mislei het oor grondhervorming in Suid-Afrika en dat dié beweerde misinformasie bygedra het tot Trump se onttrekking van finansiële steun aan die land. Op 25 Februarie vergader 'n afvaardiging van die Solidariteit Beweging – bestaande uit Kallie Kriel van AfriForum, Flip Buys van die Solidariteit Beweging en dr. Dirk Hermann en Jaco Kleynhans van Solidariteit – in die Withuis in die VSA met senior verteenwoordigers van Trump se administrasie. Die vergadering is daarop gemik om die belange van Afrikaners en Suid-Afrika te bevorder. Die Washington-memorandum word ook tydens die besoek aan politici oorhandig.




## Vullisverwyderingsdiens vir Bloem

AfriForum se vullisverwyderingsdiens in Bloemfontein is in 2025 verder uitgebrei met die aankoop van die diens se eerste vullisverwyderingsvragmotor. Teen September het dié diens reeds nagenoeg 260 ton vullis verwyder.

## AfriForum pak "Kill the Boer"-dreunsang internasionaal

Ná 'n jare lange stryd wat AfriForum teen die sing van die dreunsang "Kill the Boer" gevoer het, wettig die Konstitusionele Hof op 25 Maart 2025 dié gewraakte lied. Hiermee is alle plaaslike remedies om die dreunsang tot haatspraak te laat verklaar, uitgeput. Hierna besluit AfriForum om dié kwessie internasionaal te beveg en op 1 April kondig die burgerregteorganisasie aan dat hy die internasionale gemeenskap gaan versoek om persoonlike sanksies teen Malema in te stel weens sy openlike oproepe tot geweld teen Afrikaners en boere.

Op 3 September stel AfriForum die Malema Dossier bekend as deel van die internasionale strategie teen "Kill the Boer". Hierdie omvattende dossier, wat aan verskeie ambassades oorhandig is, bied die grondslag vir internasionale optrede, soos geteikende sanksies, teen die EFF-leier Julius Malema deur sy geskiedenis van aanhitsing tot geweld, beweerde betrokkenheid by korrupsie en sy steun vir terreurgroepe uiteen te sit. Die dossier is ook later daardie maand aan senior amptenare binne die Trump-administrasie oorhandig as deel van 'n opvolgskakelbesoek aan die VSA.



Adv. Gerrie Nel, hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid, en Celeste Gouws

## Oorwinning in Celeste Gouws-saak

Amper tien jaar ná Celeste Gouws in haar huis verkrag is, het geregtigheid uiteindelik vroeg in 2026 geskied toe haar aanvaller, Isaac Andile Memese, skuldig bevind is aan verkragting en huisbraak en 'n vonnis van 20 jaar tronkstraf opgelê is. Dié vonnis volg danksy AfriForum se privaatvervolgingseenheid se toewyding en hulp aan Gouws.

Memese het Gouws in 2017 verkrag, maar die hofsaak het eers begin ná die privaatvervolgingseenheid in Julie 2021 'n *nolle prosequi*-sertifikaat bekom het.

## Kallie Kriel getuig voor die Khampepe-kommissie

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het in Februarie 2026 voor die Khampepe-kommissie getuig en aangevoer dat politieke inmenging verhoed dat ANC-leiers wat nie vir growwe menseregteskendings tydens die vorige bedeling amnestie gekry het nie, ondersoek of vervolg word. Die kommissie het ten doel om ondersoek in te stel na die redes waarom individue wat verantwoordelik was vir politieke misdade tydens die apartheidsjare en nie amnestie gekry het nie, nie vervolg is nie. Kriel het daarop gewys dat die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) tans slegs lede van die voormalige veiligheidsmagte vervolg, terwyl die ANC-leiers en ander wat onskuldige burgerlikes in terreurdade soos landmynaanvalle en bomontploffings laat teiken het, steeds skotvry daarvan afkom.

Kriel het ook tydens sy getuienis die kommissie spesifiek versoek om antwoorde te kry oor waarom geen ANC-leier vervolg is vir die moord op Dirk van Eck se vrou, Kobie, en hul twee kinders, Nelmari (8) en Nasie (2), nie. Kobie, Nelmari en Nasie is in Desember 1985 dood in 'n ANC-landmynaanval.

AfriForum het ook die familie van die vermoorde Jaap van der Merwe by die kommissie ondersteun, waar sy seun, Cilliers, getuig het. Jaap is in 1978 koelbloedig naby die Botswana-grens deur ANC-insypelaars vermoor. Een van Van der Merwe se aanvallers leef nog.

## Eskom gaan nie boetes vir sonregistrasies uitreik nie

Eskom het onder volgehoue druk van AfriForum geswig en bevestig dat geen boetes opgelê sal word teen kragverbruikers wat nie hul alternatiewe kragbronne, insluitend sonkragstelsels, registreer nie. Die burgerregteorganisasie het vroeg verlede jaar 'n prokureursbrief aan Eskom gerig waarin die sogenaamde "verpligte" registrasievereistes bevraagteken is weens 'n gebrek aan wetlike grondslag. Dit volg ná Eskom gedreig het om kragverbruikers wat aan die Eskom-netwerk gekoppel is te beboet as hulle nie hul sonkragstelsels registreer nie. Eskom het ook ná druk van hul plan – wat behels dat 'n professionele ingenieur op sodanige stelsel moet afteken – afgesien.

Ernst van Zyl (hoof van openbare betrekkinge by AfriForum), Louis Boshoff (AfriForum se woordvoerder vir gesondheid) en Wian Spies (AfriForum se regsverteenwoordiger in die saak).



## AfriForum begin regsaksie teen NGV

Op 18 Februarie 2026 het AfriForum 'n dagvaarding op pres. Cyril Ramaphosa en dr. Aaron Motsoaledi, minister van Gesondheid, laat beteken as deel van die organisasie se regsaksie om die grondwetlikheid van die omstrede Wet op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) te betwis.

Hoewel ander instellings reeds regstappe teen dié wet ingestel het, is dié aksieproses die eerste van sy soort teen die wet. AfriForum se dagvaarding voer 'n omvattende aanslag teen die NGV-wet en wys op die ongrondwetlikheid van verskeie bepalings daarin. Die aksieproses bied onder meer die geleentheid om deskundige getuienis in die hof te lewer indien daar dispute oor die feite voorkom.

## Stryd om behoud van Graaff-Reinet se naam

AfriForum het in Februarie 2026 'n prokureursbrief aan Gayton McKenzie, minister van Sport, Kuns en Kultuur, gestuur om beswaar teen die naamsverandering van Graaff-Reinet te maak. Dit volg op die minister se aankondiging in die Staatskoerant van 6 Februarie 2026 dat die dorp voortaan Robert Sobukwe-dorp sal heet. Volgens Alana Bailey, AfriForum se hoof van Kultuursake, berus dié burgerregteorganisasie se beswaar onder meer daarop dat die Oos-Kaapse provinsiale beleid wat pleknaambenoeming reguleer, beklemtoon dat die naamsverandering van plekke van besondere historiese betekenis net in uitsonderlike gevalle oorweeg moet word.



Lebo Mosime, stigter en uitvoerende hoof van Thabake Business Enterprise, by 'n paar kratte van 2026 se eerste boontjieoes.

### Gesamentlike landbouprojekte vier oeste

Die gesamentlike landbouprojek van AfriForum, Saai en *Kgosatsana* (prinses) Gaongalelwe Moiloa, medestigter van die Bahurutshe Ba Ga Moiloa-stigting, het vroeg in 2026 'n eerste oes van 15 kratte groenrissies, 18 kratte tamaties en 29 kg groenboontjies aan plaaslike inwoners, informele handelaars en gemeenskapsmarkte gelewer. AfriForum en Saai het in 2025 gehelp om 'n sonkraggedrewe dripbesproeiingstelsel op 'n gedeelte van die plaas Jagersfontein in die Mahikeng-omgewing te installeer waar Moiloa verskeie gewasse aangeplant het.

In 'n soortgelyke projek tussen AfriForum, Saai en die Thabake Business Enterprise is daar met die eerste oes van 2026 onder meer 200 kg groenboontjies geoes. Dit volg kort op die hakke van 800 kg murgpampoentjies wat sowat 'n maand vroeër geoes is. Hierdie projek is in 2022 naby Phokeng in Noordwes van stapel gestuur en daar is reeds meer as 60 ton groente op die nagenoeg 0,75 ha grond geoes.

### Bek-en-klouseerkrisis

Teen Januarie 2026 was kenners van mening dat die bek-en-klouseer (BEK)-pandemie wat landwyd begin woed het, die ergste uitdaging is wat die veebedryf tref sedert die runderpespandemie van 1896 toe nagenoeg 2,5 miljoen vrektes aangeteken is. AfriForum en Saai het daarom in Januarie 'n noodlyn as kontakpunt oopgestel vir boere en hul geliefdes om van die AfriForum-traumaeenheid se gratis beradingsdiens gebruik te maak. Die burgerregteorganisasie het voorts in Februarie begin onderhandel met kundige rolspelers om te help toesien dat die privaat sektor die verkryging, verkope en verspreiding van BEK-entstowwe kan onderneem. Dié strategie vorm deel van die organisasie se teenvoeter vir die regering se oormatige en onverantwoordelike sentralisering van mag ten opsigte van die nasionale BEK-krisis wat ten koste van die landboubedryf en verbruikers toegepas word.

### AfriForum tree op teen omstrede ontwikkeling in Sasolburg

In Februarie 2026 het AfriForum 'n belangrike oorwinning beklink vir die inwoners van Sasolburg toe 'n skikking in die Bloemfonteinse Hooggeregshof bereik is in verband met die omstrede Wonderfontein-ontwikkeling naby dié dorp. Die skikking behels onder meer dat die nakomingsvereistes, soos die Metsimaholo-dorpsbeplanningstribunaal dit op 17 Oktober 2019 uiteengesit het, binne vyf jaar ten volle geïmplementeer moet word alvorens erwe geproklameer mag word.

AfriForum het die hofsaak gebring teen die Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit, die Vrystaatse Departement van Menslike Nedersettings, asook die minister van Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling om die onwettige ontwikkeling in Sasolburg te stop en om te verseker dat die ontwikkeling nie die omgewing en nabygeleë gemeenskappe benadeel nie.




Ernst van Zyl (hoof van openbare betrekkinge by AfriForum), Kallie Kriel (uitvoerende hoof van AfriForum) en adv. Gerrie Nel (hoof van AfriForum se privaatvervolgingseenheid).

### AfriForum maak gereed om Mbalula te vervolg

AfriForum het in Maart 2026 'n omvattende verslag, getiteld die Mbalula-dossier, bekendgestel wat verskeie bewerings van bedrog, geldwassery en korrupsie teen Fikile Mbalula, sekretaris-generaal van die ANC, uiteensit. Die verslag toon hoe Mbalula Suid-Afrika op 'n roekelose wyse blootstel aan die VSA se strafmaatreëls deur onder meer sy tartende en beledigende uitsprake teen Westerse lande; steunwerwing vir die miskenning van eiendomsreg deur onteiening sonder vergoeding; en skakeling met Hamas. Dit sal onder meer as basis dien vir AfriForum se pogings om die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) te oortuig om Mbalula te vervolg op aanklagte van bedrog, geldwassery en korrupsie. Dit sal ook dien as basis om die VSA te probeer oortuig om ingevolge die Magnitsky-wet teen Mbalula op te tree. Hierdie wet maak individuele sanksies moontlik teen individue wat beweerde korrupsie en menseregteskendings pleeg.



### Jakkie Louw (sanger)

Ek sing vanjaar nou al vir 28 jaar en ek probeer om ’n verskil te maak in my taal en om op ’n goeie manier by te dra. Daar is nie ’n beter manier om AfriForum te beskryf nie. AfriForum baklei vir ons en baklei vir mense wat nie vir hulself kan baklei nie – finansieel, met dade en met ’n goeie intelligente regspan met alles wat ons nodig het. Ek wil vir AfriForum baie geluk sê met julle 20ste bestaansjaar.

Ek dink dit is een van die beste goed wat uit ons taal gekom het, behalwe goed soos “Drie pikkewyne”. Ek grap sommer, maar op ’n ernstige noot, AfriForum, baie, baie dankie vir julle. Ek wens julle net die beste toe. Sterkte, vreugde en alles wat nodig is om aan te hou om te doen wat julle nou doen. Baie dankie vir alles en mag dit ’n voorspoedige verjaarsdag wees op hierdie 20ste verjaarsdag.



### Geordin Hill-Lewis (burgemeester van die Kaapstad-metro)

AfriForum het ons denke en ons strewe beïnvloed om meer selfstandig te word in elektrisiteitsvoorsiening, polisiëring en spoorvervoer in Kaapstad. Ons doel hier is ook dat ons nie bloot staatsmislukking kan aanvaar nie, ons moet iets doen om vir ons inwoners te sorg – selfs al is dit nie maklik nie of nie gewoonlik deel van ons mandaat nie.

Ek hou daarvan om saam met mense te werk wat hul moue sal oprol en dinge gedoen kry en nooit hul toewyding sal prysgee nie. Dit is my soort mense! As burgemeester het ek gesien hoe AfriForum gehelp het om dinge in gemeenskappe gedoen te kry. Ek onthou een geleentheid waar ek gesien het dat die bome in ’n straat pragtig gesnoei is. Ek het destyds geweet dat ons sukkel met ons boomkontrakteur, so ek het die raadslid gevra hoe sy dit reggekry het. “AfriForum het my gehelp”, was haar onmiddellike antwoord. Ek was regtig geraak dat hulle so sou help, sonder om ooit vir dank of erkenning te vra.

Selfs al verskil ons soms, dink ek ons skuld AfriForum ’n groot dankie. Suid-Afrika sal slaag omdat daar mense en organisasies in ons land is wat werklik omgee oor die regte van alle burgers, en wat hulle met passie en waardigheid toewy aan die beskerming van daardie regte. Daar is min organisasies wat hierdie rol beter vervul as AfriForum. Danksy julle aktivisme en bydrae tot die uitbou en versterking van Suid-Afrikaanse regspraak is ons land beter af.

Wat julle in 20 jaar vermag het is indrukwekkend en ek wens vir julle sukses en voorspoed toe vir die toekoms.



### Pieter Groenewald (minister van Korrektiewe Dienste en VF Plus-politikus)

AfriForum – van niks tot iets groot.
Twintig jaar gelede het Flip Buys van Solidariteit en Kallie Kriel ’n ooreenkoms gesluit. Kallie kry ’n sekere bedrag geld en beperkte tyd om AfriForum te vestig. Daarna is AfriForum tot niet of hy bly voortbestaan op sy eie en met sy eie fondse.

Kallie het die uitdaging aangegryp. Gebaseer op AfriForum se slagspreuk van “Ons sal self” en die waardes van roeping, respek en selfbestuur, is AfriForum vandag die voorste organisasie vir die beskerming van die Afrikaner se regte en belange.

Kallie en sy span het AfriForum van niks iets groot gemaak en bestuur. Baie geluk met die 20 jaar en baie dankie.




### Wessel Oosthuizen (veteraanfotograaf)

Die stigting van AfriForum in 2006 was waarskynlik die belangrikste ontwikkeling vir Afrikaners sedert 1992. Die organisasie het oor die jare heen herhaaldelik gewys dat dit bereid is om in te tree waar ander instellings faal.

Op 13 Augustus 2017 het Grace Mugabe, die vrou van die Zimbabwiese president Robert Mugabe, die Suid-Afrikaanse model Gabriella Engels met ’n elektriese verlengingskoord aangerand. Dié voorval het wêreldwyd opslae gemaak. AfriForum het daarna betrokke geraak en Engels in haar regstryd begin bystaan.

Nog ’n voorbeeld is die moord op Senzo Meyiwa, kaptein van Suid-Afrika se nasionale sokkerspan, Bafana Bafana. Hy is op 26 Oktober 2014 in Vosloorus doodgeskiet. Jare het verbygegaan sonder noemenswaardige vordering in die ondersoek. Uiteindelik het sy familie AfriForum om hulp genader om druk op die saak te plaas.

Die gevolgtrekking is duidelik: AfriForum het oor tyd ’n rol begin speel wat verder strek as enige enkele gemeenskap. In baie opsigte het dit een van die belangrikste burgerlike organisasies in Suid-Afrika geword sedert die land se politieke oorgang in 1992.



### Bobby van Jaarsveld (sanger)

Waar sou ons gewees het sonder AfriForum? Ek wil nie eens weet of daardie prentjie insien nie.

AfriForum is een van dié grootste, en volgens my een van dié belangrikste pilare vir Afrikaans, ons kultuur en vir ons toekoms. Mense wat aanhoudend en onbaatsugtig veg vir dit wat

reg is. Julle maak my trots! Ons sal nooit genoeg kan dankie sê vir wat julle doen nie. Ons het julle nodig. Ek het julle nodig. Vader seën julle werk.



### Elma Potgieter (aktrise, aanbieder en skrywer)

(Foto: Rina Gertzen)
Wat 'n voorreg om 'n bydrae te mag skryf vir AfriForum se 20ste bestaansjaar. Dankie Kallie Kriel vir die eer.

Wat is 'n woordkunstenaar sonder 'n volk? Wat is 'n woordkunstenaar sonder 'n taal?

Eugène Marais – ons belangrikste digter/wetenskaplike was hartstogtelik lief vir sy volk. Nie eens die moordenaar Milner kon hom intimideer nie.

N.P. van Wyk Louw – ons grootste digter/filosoof was verknog aan hierdie soms uiters frustrerende volk.

Ek is in uitgelese geselskap! As toneelspeler en skrywer is ek leweloos sonder my volk, stom sonder my taal.

Die afgelope 30 jaar, soos soveel tye vantevore, was my volk en my taal onder beleg. As enkeling kan 'n mens nie veel vermag nie – al is jy hoe militant en rebels. Maar toe maak AfriForum sy verskyning as redder op die horison. Sonder trompetgeskal en tierlantyne ... Maar prakties en onomstootlik. AfriForum is hier om te bly. AfriForum is hier om te bou. Dankie, AfriForum, dat ek as Afrikaanse toneelspeler en skrywer in Afrikaans mag dankie sê!



### Tim du Plessis (oudredakteur en joernalis)

Jy hoef nie van AfriForum te hou nie om te kan toegee dat sy leiers en lede in 20 jaar 'n merkwaardige burgerlike organisasie tot stand gebring het. AfriForum is een van net 'n handvol politieke handelsmerke wat landwyd herkenbaar is. Noem die naam AfriForum en almal weet dadelik waarvan en van wie jy praat. Wat AfriForum onderskei van vele ander bewegings en instellings wat op dieselfde veld speel as hy, is dat sy lede en leiers sê wat hulle doen en doen wat hulle sê. Ongeag of jy glo hulle doen en sê altyd die regte goed.



### Kurt Darren (sanger)

Beste AfriForum-span, baie geluk met julle 20 jaar-mylpaal! Dit is inspirerend om te sien hoe julle oor twee dekades heen 'n sterk stem was vir Afrikaanse gemeenskappe en hoe julle help om ons taal, kultuur en erfenis lewendig te hou. Afrikaans is meer as net 'n taal – dit is 'n hartklop wat mense verbind – en julle werk help om dit vir toekomstige geslagte te bewaar. Mag die volgende jare nog meer groei, samewerking en trots op ons kultuur bring.



### Prince Mashele (politieke wetenskaplike en skrywer)

Toe AfriForum 20 jaar gelede ontstaan het, was my reaksie negatief. Ek het gedink Suid-Afrika het nie só 'n organisasie – wat na die belange van een rassegroep, die Afrikaners, omsien – nodig nie. Dit was ook my siening oor ander organisasies met dieselfde bedoelings wat swart mense, Jode, Indiërs en so meer verteenwoordig. As ek nadink oor die skade wat die ANC-regering aan ons mooi land aangerig het, het my mening verander. Ek dink dat Suid-Afrika nou meer burgerregteorganisasies nodig het om die regte van die burgers in ons diverse land te beskerm. Wat vir my uitstaan oor AfriForum is dat die organisasie nie net die regte van sy lede beskerm nie, maar dat dit ook goed bou. Selfs al stem ek nie saam oor sekere sake nie, word ek bemoedig deur AfriForum se bewese bereidwilligheid om ons land te ontwikkel. Ek moedig dus my medelandgenote aan om AfriForum vir groter nasionale vooruitgang as 'n vennoot te beskou en nie as 'n vyand nie.



### Helen Zille (politikus en voorsitter van die federale raad van die DA)

Suid-Afrika se Grondwet waarborg fundamentele menseregte wat op persoonlike vryheid gegrond is. Hieronder tel die vryheid van assosiasie, taal en kultuur. Maar hierdie regte kry slegs werklike betekenis wanneer burgers dit aktief uitoefen.

Vir twee dekades doen AfriForum presies dit. Die organisasie speel 'n leidende rol in die bevordering en bewaring van die Afrikaanse taal, kultuur, geskiedenis en tradisie. Daarmee het AfriForum 'n voorbeeld geword vir talle ander kultuurorganisasies in Suid-Afrika.

AfriForum se sukses dra 'n belangrike les. Grondwetlike regte verwesenlik nie vanself nie. Gemeenskappe moet self die inisiatief neem om dit wat vir hulle belangrik is, te beskerm en te ontwikkel.


In 'n diverse samelewing soos Suid-Afrika behoort die erfenis van elke kultuurgemeenskap bewaar en gevier te word. Maar dit gebeur net wanneer mense genoeg omgee om op te tree.

Vir 20 jaar wys AfriForum wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap sy vryhede doelbewus gebruik. In hierdie opsig stel dit 'n voorbeeld vir die hele Suid-Afrika.



### Jana Kruger (aktrise)

Afrikaans is vir my meer as net 'n taal – dit is 'n erfenis wat ons met mekaar en vorige generasies verbind. Ek is trots Afrikaans en dankbaar dat ek die voorreg het om in my moedertaal te leef en te werk. Ek waardeer organisasies wat hul beywer vir die beskerming en voortbestaan van ons taal en kultuur. Baie geluk aan AfriForum met julle 20ste bestaansjaar en dankie vir julle volgehoue toewyding aan burgerregte wat help verseker dat Afrikaans ook vir toekomstige geslagte kan voortleef.



### Lizz Meiring (aktrise)

Baie geluk aan AfriForum met julle 20ste verjaarsdagviering. Dankie AfriForum vir alles wat julle vir alle Suid-Afrikaners in hierdie land beteken. Mag julle nog lank ondersteun word en mag julle nog lank gedy, want ons het julle nodig.



### Willie Spies (prokureur en politikus)

Ek onthou nog goed hoe noukeurig Kallie Kriel in 2006 die grondwerk gedoen het vir 'n nuwe burgerregteorganisasie vir Afrikaners. Dit sou 'n "artikel 21-maatskappy" wees met sewe aanvanklike lede. "Ons gaan aansoek doen vir belastingvrystelling en ons gaan lede werf," het Kallie aan my verduidelik toe ons by Brewers Barbeque in Waverley Plaza ontmoet het. Ek was 'n VF Plus-parlementslid en deeltydse prokureur.

'n Jaar later sou die nuutgestigte AfriForum saam met ons een van my eerste burgerregtesake oor Pretoria se naam aanpak. Ons het gewen. Daarna sou baie sake kom – en die ledetal sou die 300 000-merk verbysteek. 'n Merkwaardige suksesverhaal van roeping, geloof, diensbaarheid en 'n volk wat opstaan uit die as. Baie geluk aan AfriForum met 20 jaar.

Dit is 'n voorreg om saam met AfriForum te stap.



### Cilliers Brink (politikus en gewese DA-burgemeester van die Tshwane-metro)

Ek en my kollegas het onlangs kers opgesteek by adv. Gerrie Nel en AfriForum se privaatvervolgingseenheid. Ons vra vir raad en bystand teen 'n ANC-politikus wat onregmatig voordeel trek uit munisipale kontrakte. Ná die tyd vra 'n joernalis my hoe ek AfriForum se waardes en wêreldbeskouing met dié van die DA versoen. My antwoord: Ons hoef nie oor alles saam te stem nie, maar Nel en kie se werk wys dat die beswil van Afrikaners as 'n goed georganiseerde gemeenskap en die beswil van Suid-Afrika as geheel mekaar nie uitsluit nie. Mag ons in hierdie gees saam voortbou. Geluk, AfriForum!



### Johan Vorster (sanger en liedjieskrywer)

As jy aanhou staan vir die fundamentele beginsels wat 'n samelewing aanmekaar hou word 'n rasionele reaksie, een van dankbaarheid, teenoor jou verwag. Tog word daar vel geoordeel wanneer daar aan 'n toekoms vir ons mense gebou word. Te midde van al die teenstand wat AfriForum moet trotseer in dié verband, hou hulle steeds aan veg en bou.

Dankie, Kallie en jou hele span vir 20 jaar se volgehoue houe vat namens die res van ons.

Ek seën jou en jou span met die skrif uit Numeri 6:24–26: "Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee."



### Juffrou Linky (kinder-programaanbieder)

Hartlik geluk met 20 jaar van onverskrokke diens. Wanneer dit voel asof ons volk en erfenis stelselmatig uitgewis word, is AfriForum ons ligbaken. Ek slaap rustiger met die wete dat julle in die loopgrawe is en veg vir dít wat ons die naaste aan die hart lê. Dankie vir julle onbaatsugtige stryd om ons toekoms te bewaar.



### James Kemp (stasiebestuurder by Pretoria FM)

Tydens 'n onlangse sitting van die Khampepe-kommissie luister ek hoe die ANC in die beskuldigdebank geplaas word vir die wrede wyse waarop hulle mense tydens die gewapende opstande vermoor het. Ek besef daar en dan dat die dade nie onder die vergrootglas geplaas sou word as dit nie vir 'n AfriForum was nie. Dat net een deel van die geskiedenis gehoor sou word en dat niemand die Afrikaners se verhaal sou vertel nie. In 'n land met 'n verlede so kompleks soos sy hede is AfriForum deurslaggewend om te verseker dat Afrikaners 'n billike kans kry.



### Alet Rademeyer (joernalis en oudredakteur van *Forum Tydskrif*)

Baie, baie geluk met AfriForum se 20ste verjaardag! Daar het soveel wonderlike dinge in die afgelope 20 jaar gebeur dat dit onmoontlik is om enkele hoogtepunte uit te sonder. AfriForum sal sonder twyfel die grootste burgerregteorganisasie van alle tye vier. Elke mens sal een of ander tyd met genoegdoening aan AfriForum dink. Nogmaals geluk en mag die volgende 20 jaar se kleure in oranje en groen pryk. En mag elke Afrikaner onthou wat werklik saak maak!



### Magda van Biljon (aktrise en TV-aanbieder)

AfriForum se vele vlakke van toetrede in Suid-Afrika tot die bewaring van Afrikaans, protes teen plaasmoorde en bevordering van Afrikaans in die skole en universiteite oor die afgelope 20 jaar, is merkwaardig. Wat my betref, sien ek AfriForum as 'n "regering binne die bestaande regering". Die AfriForum-span het met hulle ontwikkeling van hul media 'n Afrikaans stuwing gegee: Afrikaans voorop! Verder het julle internasionale koppelinge by AfriForum en Solidariteit aangewend om die Afrikaner/s beter te leer ken en ons unieke taal en kultuur se reg tot erkenning en groei daargestel. Jul opheffing en opruim van sekere plattelandse dorpe is 'n verdere "veer in julle hoed"!

Mag ons Hemelse Vader die AfriForum-span versterk en bemagtig vir die komende 20 jaar wat voorlê!



### Susan Lombaard (uitvoerende hoof van Maroela Media)

Hiep-hiep hoera, AfriForum! Namens Maroela Media se lesers sê ons dankie vir elke netjiese graspol, elke gevulde slaggat en elke dorp met skoon drinkwater, maar verál dankie dat julle seker maak ons (en al die ander nuusplatforms daar buite) het meer as genoeg om ons digitale blaaie mee vol te hou – veral goeie nuus. Mag die volgende 20 jaar gekenmerk wees deur dapperheid, deursettingsvermoë en daadkragtigheid. Lekker verjaar!



### Heindrich Wyngaard (joernalis en uitvoerende voorsitter van Kaapse Forum)

Wat ek die meeste van AfriForum waardeer is die leuse wat sê die organisasie "sal self" doen wat die staat nie doen nie, maar ook dat dit in samewerking met ander gemeenskappe sal geskied. Dit is uit hierdie ingesteldheid dat Kaapse Forum gebore is. Nou word AfriForum se voetspoor van verskilmakende aksie verder gevoer tot daar waar dit ook 'n kers van kanniedood in bruin gemeenskappe aan die brand hou.




### *Kgosi* Gabo Maroka (*kgosi* van die Barolong Boo Seleka- tradisionele gemeenskap)

AfriForum verteenwoordig die Afrikaner-kultuurgemeenskap. Histories het my nasie, die Barolong Boo Seleka, en die Afrikaner sterk verhoudinge gehad. Ons generasie kon die verhoudinge wat ons voorvaders gehad het laat herleef en ons probeer om beter te bou. Ek glo dit is iets besonders. Daar word gesê: "Onthou altyd waar jy vandaan kom, maar moet nooit uit die oog verloor waarheen jy op pad is nie."

Dit is ook prysenswaardig hoe AfriForum hul organisasie kon bou en hul gemeenskap se kulturele identiteit kon bewaar. Ons sien die werk wat julle doen om gemeenskappe en individue te bou, dag in en dag uit, wat nie in die koerantopskrifte is nie, alhoewel dit soms misverstaan word. Net so moet ons in een gees en eendrag beter bou en saam bou. Dit kan slegs bereik word deur mekaar halfpad te ontmoet. Die samewerking wat ons het het geïllustreer dat dit moontlik is.

Seënwense aan AfriForum. Gelukkige 20ste herdenking!



### Dr. Corné Mulder (Vryheidsfront Plus-leier en LP)

Daar is niemand in Suid-Afrika wat nie deeglik bewus is van AfriForum nie. Oor die afgelope 20 jaar het AfriForum gegroei tot 'n bekende en geliefde naam by Afrikaners en Suid-Afrikaners van alle gemeenskappe. Keer op keer was AfriForum daar om op te staan waar daar onreg of hulp nodig was met 'n ingesteldheid van diensbaarheid. 'n Suiwer en sterk bemagtigende benadering na selfstandigheid waardeur groeiende selfbestuur daagliks gevestig word onder Afrikaners. Dit is vir my 'n voorreg en eer om namens die Vryheidsfront Plus ons opregte gelukwensing en dank aan Kallie Kriel as uitvoerende hoof, sy bestuur en elke lid oor te dra.

# RAAK DEEL

van die volgende 20 jaar
van AfriForum

AfriForum



Sluit **hier** aan: